

VERSE- BUNDEL



*'n Versameling van gepubliseerde
artikels en geskiedenis*

GESKIEDENIS

Die ryk en blywende
geskiedenis van ons beesras

Toepaslike
wetenskaplike
artikels

DIE BESKRYWING VAN DIE DRAKENSBERGER BEES

DIE BOERE AGTER DIE BEES

*vanuit verskillende streke
in Suider-Afrika*

VELD- EN KUDDEBESTUUR
en ons beeste se uitnemende rol daarin
– in harmonie met die natuur



2022

TAKING YOU B(L)ACK



TO YOUR ROOTS



ARE YOU A TRUE FARMER?

INHOUDSOPGAWE

Inleiding

Geskiedenis

Inleiding

Presidente

Drakensberger geskiedenis

Bemarking - 'n storie wat lekker vertel

Drakensbergers omarm die wetenskap

Verlede vorm grondslag van Drakensbergers se toekoms

Hoogste prys bulle

Wetenskap

Inleiding

Drakensbergers stres nie oor hitte nie

Drakensberger its capacity as feedlot steer

Effective heat stress

Difference in physical traits

The Drakensberger weaner calf: a sought-after commodity

Indigenous breeds more resistant to ticks, research shows

Drakensberger is winsbees wys studies

Die boer agter die bees

Inleiding

'n Lewe saam met Drakensbergers

Boerdery gedy tussen Memel se heuwels

Blinkswart diamante van die Maluti's

Drakensbergers gee min probleme

Winsbees pas aan by jou bestuurstyl

Groter en beter kommersiele kuddes vir die toekoms

Teel Drakensbergers vir beter vleis

Drakensbergers gee wins in voerkraal

Siektes is skaars op die plaas

Drakensbergers - the scientific choice

Genetiese potensiaal gee die deurslag

A rich history makes for a top breed

Drakensberger presteer in die hoëveld

Waldberg Drakensbergers have come a long way

Drakensbergers is hul sout werd

Droogte skep 'n uitdagende geleentheid

The Drakensberger – Ideal for the toughest conditions

Drakensberger bred to produce on the Free State Veld

Why a Gauteng businessman chose the Drakensberger

Working with a system, works

Smart breeding for the serious farmer

Using the Drakensberger to build a sustainable business

The royal Drakensbergers of Lesotho

Drakensberger wys hul staal

Kies Rouvus se teelmateriaal

Laat bewei jou plaas meer winsgewend

Beskrywing van bees

Voordele van 'n inheemse ras

Drakensberger speenkalwers is gesog

The Drakensberger pure and simple

An indigenous breed that beats the odds

Good veld and feedlot performance

The Drakensberger: Dam line of choice

Kies Drakensberger om dié redes

Vrugbaarheid laat die somme klop

Gesonde kalwers gee voorsprong

Voeromsetting en wins behaal so sukses

Inheemse gene gee deurslag

Drakensberger: 'n groen bees vir 'n groen toekoms

'n Aangepaste dier is 'n produktiewe dier

Voorkoms verklap goeie eienskappe van bees

Vleisbeeste en voerkrale: Verseker verbruikersvertroue

Standaard van Voortrekflikheid

Veld- & kuddebestuur

Seleksie en bestuur van verse en eerste kalf koeie

Bewaar landbougrond so deur biodiversiteit

Vee het belangrike rol in bewaringslandbou

Bestuur van veld en kudde ewe belangrik

Antwoorde vir gesonde grond

Resep vir gesonde veld? Laat die natuur vir jou boer

Herlewingslandbou: Lê klem op diere en veld

Ledelys

Ere- en spesiale lede

INLEIDING

Tot die Verse-bundel

Boer volhoubaar

Die Drakensberger is volgens oorlewering, die oudste inheemse beesras in Suid Afrika. Die eerste geskrewe bewyse waar verwys word na die swart inheemse beeste van Suider-Afrika was in 1479 waar Vasco de Gama reeds aan die Kaap handel gedryf het. Alhoewel die Drakensberger Beestelersgenootskap eers gestig is in 1947, is die Drakensberger, waarvan ons weet, al ontwikkel en veredel oor meer as 540 jaar.

Met hierdie joernaal is Drakensberger artikels vanuit landbou tydskrifte soos Landbou Weekblad, Veeplaas, Stockfarm en Farmer's Weekly oor die afgelope 10 jaar selektief saamgevoeg in 'n bondige koffietafelboek waarmee ons poog om die Drakensberger ras tot sy reg te laat kom. Inhoud van die artikels is onveranderd gelaat en slegs die artikel uitleg is oorgedoen vir die joernaal. Die artikels is ook gegroepeer onder die volgende afdelings:

- Die ryk en blywende geskiedenis van ons beesras.
- Toepaslike wetenskaplike artikels.
- Die boere agter die bees vanuit verskillende streke in Suider-Afrika.
- Die beskrywing van die Drakensberger bees.
- Veld- en kuddebestuur en ons beste se uitnemende rol daarin – in harmonie met die natuur.

Artikels in hierdie joernaal is gepubliseer in óf Afrikaans óf Engels. Die artikels waarvan 'n vertaalde weergawe ook beskikbaar is, het 'n QR-kode wat verwys na die Drakensberger SA webblad waar dit aanlyn beskikbaar is.

Die hedendaagse Drakensbergers word gekenmerk as 'n opvallende lang, gebalanseerde en goed-gekleurde blink swart vleisbees wat gedy op natuurlike weiding.

Ons Drakensberger koeie is uiters gesog weens hulle vrugbaarheid en moederinstink. Die ras is ontwikkel en word konstant verbeter deur deurgaans streng seleksie vir ekonomies belangrike eienskappe en toepassing van wetenskaplike norme.

Die Drakensberger is dié inheemse ras met 'n gesogte speenkalf vanaf natuurlike weiding.

Die Drakensberger gaan net van krag tot krag omdat ons staan op die skouers van reuse in die beesbedryf. Beide die Bees en die Boer agter die Bees moet voortdurend aanpas by veranderende omstandighede. Die joernaal lig nie net die suksesverhale en uitdagings van die verlede en hede uit nie, maar skep ook die gemoedsrus dat ons ideaal geskik is om die uitdagings van die toekoms die hoof te bied. Drakensbergers speel op ons “tuisveld” want ons is inheems!

Hiermee wil ek ieder en elk wat 'n bydrae gemaak het tot die joernaal en ons beesras bedank vir julle volgehoue uitlewing van julle passie vir die ras. Die beplanning van die joernaal het al deelsgewys 10 jaar gelede begin toe landbou-tydskrifartikels en bylae jaarliks haarfyn beplan is met 'n duidelike bemarkingsplan terwyl soveel moontlik Drakensberger boere van oor die hele land betrek is. Dit neem werklik 'n hele gemeenskap (stoet- en kommersiële telers, landbou-wetenskaplikes en tydskrifte, borge, keurders, genootskap lede en ons almal se familie en vriende) om 'n ras suksesvol en eerlik te bemark dat die wêreld kan sien wat werklik ons boere op die plaas hou – ons geliefde Drakensberger bees. Daar is 'n rede hoekom die grootste kommersiële telers met Drakensbergers boer.

Uitdagings is en was daar nog altyd. Ons as Drakensberger boere bou aan iets groter as onself. Daar is dalk nog hier en daar telers wat al gebore was toe die genootskap ontstaan het, maar die ras was al lank voor enigeen van ons hier. Dit maak mens beskeie en dit is voorwaar 'n voorreg om deel te wees van die Drakensberger familie. Met God se genade, die bees en die Drakensberger boer-familie kan ons saam die uitdagings die hoof bied en voortbou aan 'n volhoubare beesboerdery.

Kom ons maak saam nuwe herinneringe en geskiedenis vir die toekomstige geslagte.

Lekker lees!

Beste wense en seën

Jean van der Merwe

President

Junie 2022



Inleiding **GESKIEDENIS**

Die ryk en blywende geskiedenis van ons beesras

Die Drakensberger is volgens oorlewing, die oudste inheemse beesras in Suid-Afrika. Die eerste geskrewe bewyse waar verwys word na die swart inheemse beeste van Suider Afrika was in 1479 waar Vasco de Gama reeds aan die Kaap handel gedryf het. Alhoewel die Drakensberger Beestelersgenootskap eers in 1947 gestig is, is die Drakensberger, waarvan ons weet, al ontwikkel en veredel oor meer as 540 jaar.

Alhoewel die doel van die joernaal nie is om die ryke geskiedenis van die ras te dokumenteer nie, sou so 'n bundel nie volledig wees sonder uittreksels uit die geskiedenis nie. Hier volg dus 'n bondige omskrywing van die geskiedenis van die Drakensberger.

Artikels in hierdie joernaal is gepubliseer in óf Afrikaans óf Engels. Die artikels waarvan 'n vertaalde weergawe ook beskikbaar is, het 'n QR-kode wat verwys na die Drakensberger SA webblad waar dit aanlyn beskikbaar is.



PRESIDENTE



MJ Uys
1948-1959, 1962-1965



D van Niekerk
1960-1961



JSL de Jager
1967, 1969-1970



JP Botha
1971-1973, 1977-1978,
1983-1984



DL Reinecke
1974, 1976, 1979-1981



JJ Roos
1985-1987, 1992-1993,
1997, 2000-2003, 2006-2007



GD Terblanche
1988-1989



EP Nel
1994-1995



D Benecke
1998-1999



R van Rensburg
2004-2005



MC Blom
2008-2010, 2014-2016



Dr J Fourie
2011-2013, 2017



W Landman
2018-2020



J van der Merwe
2021-

DRAKENSBERGER

geskiedenis

Die historiese geskiedenis van meeste oorspronklike beersasse in die wêreld is in 'n sekere mate in misterie gehul. Duisend jaar en meer gelede se mense het dit nie belangrik geag om oor diere enige aantekeninge te maak nie, want die diere was maar net eenvoudig daar en gebruik vir basiese behoeftes van vleis en melk. Uiteenlopende en onbevestigde aannames word dan ook deur geskiedskrywers gemaak oor waar en hoe die verskillende rasse soos ons hulle vandag ken, ontstaan en ontwikkel het, maar daar sal altyd sekere geheimenisse oor die verre verlede onbeantwoord bly.

Die Drakensberger Ras het eweneens 'n eie uiters merkwaardige geskiedenis wat ons in drie tydvakke wil behandel.

1. Historiese tydvak: Van der Stels 1500 tot 1679/99. Van “Hottentotsche” bees tot “Vaderlandsche” bees of Vaderlander

Die eerste geskrewe geskiedenis waar daar na die inheemse swart beeste van Suider-Afrika verwys word, is die van die bekende Spaanse seevaarder Vasco da Gama wat reeds in 1479 met die Hottentotte handel gedryf het tydens sy seereise om die Suidpunt van Afrika. Dit was byna 200 jaar voordat Jan van Riebeeck by die Kaap aangekom het. En nou wil die nie-geskrewe geskiedenis dit hê dat Spaanse seevaarders soos Vasco da Gama al aan die Hottentotte bulle van die Spaanse inheemse stiervegeters rasse (Navara en/of Brava) geskenk het en daarom dat hy geweet het waar om aan te doen in sy togte om die Suidpunt van Afrika.

Ondersteunend tot hierdie teorie is die feit dat die Drakensberger van vandag steeds baie sterk fenotipiese ooreenkomste met hierdie Spaanse rasse het. 'n Ander belangrike feit is dat die inheemse swart beeste van daardie tyd net in die Kaap teenwoordig was en nie soos die Nguni later vanuit die Noorde na die Suide getrek het nie. Dit was dan ook die bees wat Jan van Riebeeck met sy koms aan die Kaap in 1652 hier gevind het en waarmee die eerste waens getrek en die eerste sooie grond bewerk was. Jan van Riebeeck skryf dat hierdie swart osse swaarder en sterker is as enige ander beeste en dat die koeie meer melk produseer. Sy voorkeur aan hierdie diere veroorsaak dat hulle so vermeerder en talryk word dat toe Simon van der Stel in 1679 goewerneur word na Jan van Riebeeck, hy hierdie diere as basis vir belasting gebruik het en 'n jaarlikse heffing per swart dier ingevorder het. Simon van der Stel het dan ook aanvanklik na hierdie diere verwys as die swart “vlakhorning” bees wat oontsegglik 'n spesifieke identifikasie aan hierdie diere gegee het en hulle was geskei van diere met ander fenotipiese eienskappe soos die “langhorning”.

Simon van der Stel en sy seun Adriaan was veeboere in murg en

been en kan beskou word as die eerste mense wat diereverbetering in hierdie land gedoen het. Hulle het drie swart Groningin bulle (dubbeldoel ras) uit Holland ingevoer om die inheemse swart “Hottentotsche” of vlakhorning beeste mee te verbeter. Watter persentasie invloed hierdie drie bulle op die totale swart vroulike diere bevolking gehad het was egter gering, want daar was reeds etlike duisend van hierdie swart koeie tot in die Kaapse middellande gewees. Feit is dat die Groningin Ras wel 'n invloed op die geskiedenis van ons ras gehad het. Die Van der Stels was egter oortuig dat hierdie oefening suksesvol was en het hulle nou aan hierdie beeste die naam “Vaderlander” gegee.

Vaderlander om twee redes, 1. Die Groningin ras was van Holland wat hul vaderland was en 2. Omdat hulle 'n ras vir hul nuwe vaderland geskep of dan geteel het. Die Van der Stels was dus nie net verantwoordelik vir die vestiging van die Drakensberger wat ons vandag ken nie, hulle kan ook as die grondleggers van die Afrikaner van vandag beskou word. Hulle het die sogenaamde inheemse “langhorning” met ander rasse kombineer, geselekteer vir die lang horing en die rooi kleur en hierdie diere die “Afrikaansche” bees genoem. Die Afrikaner van vandag. En hierdie belangrike stukkie geskiedenis weerlê dan ook enige bewering dat die Drakensberger uit 'n Afrikaner Fries kruising ontstaan het. Inderwaarheid het die Drakensberger van vandag byna reeds as ras bestaan toe daar eers begin was om die Afrikaner te ontwikkel.

2. Die Tweede Tydvak: 1700 tot 1947. Die Groot Trek, die Oorlogsjare tot die erkenning van die Ras in 1947

In die volgende 100 jaar nadat die Van der Stels beslag gegee het aan “Vaderlandsche” sowel as die “Afrikaansche” beersasse, het al hoe meer blanke baanbrekers stelselmatig oor die tradisionele Kaapse distrikte se grense ooswaarts uitgebrei en het die diere se getalle daarmee saam vermenigvuldig. Onenigheid oor belasting, besitreg en die okkupasie van grond het in 1837 tot uitbarsting gekom en het 'n groot klomp boere die Kaapse grensdistrikte met hul swart spanne osse verlaat en het die Groot Trek die onbekende binneland in begin. Hierdie trekkers het deur die Oos-Kaap en Natal na die binneland getrek tot in Memel in die Vrystaat en Wakkerstroom in die Oos-Transvaal. Soos wat hulle dieper die binneland ingetrek het, het boere hulle gevestig in plekke soos Grahamstad, Kokstad, Utrecht, Vryheid, Ladysmith, Newcastle, Melmoth, Memel in die Oos-Vrystaat en Wakkerstroom in Oos-Transvaal.

Name soos Breytenbach, Brink, Du Pousani, Maritz, Smuts, Potgieter, Prinsloo, Retief, Spies, Van Rooyen, Du Plessis,

eerste Voorsitter.

3. Derde Tydvak 1949 tot op hede

Die basiese rede van onmin in die geledere van die nuut gestigte Drakensberger Beestelersvereniging was die feit dat so baie van die boere wat oorspronklik telers van die Vaderlandse bees was, maar toe wel Europese bulle gebruik het, nie toegelaat was om as lede aan te sluit en hulle diere te laat keur nie. Daar was toe besluit om die boeke oop te hou tot 1951 om telers van ander distrikte wat ook hulle diere in die berge versteek en suiwer gehou het, geleentheid te gee om diere voor te bring vir keuring en deel te word van die Vereniging.

'n Uifers streng keuring standaard was egter van meet af gestel wat meegebring het dat meeste diere nie gekeur kon word nie. Hierdie standaard het veroorsaak dat diere wat later bekend gestaan het as die Tin Trin Blacks en Kempsbeeste, nie keuring kon slaag en deel van die ras kon word nie. Om hierdie hoë standaard te vestig en te handhaaf het die lede van die Vereniging besluit om self die diere wat aanvanklik gekeur was weer te inspekteur en weereens was daar diere uitgeskot. Aan die einde van hierdie suiweringsproses in 1956 was daar 1650 vroulike diere en 73 bulle op die boeke van die Vereniging. Ontevredenheid het steeds geheers selfs tussen lede van die Vereniging wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle diere meer suiwer van oorsprong as ander sou wees. Dit het tot gevolg gehad dat enkele telers hulle kuddes geslote gehou het en net bulle uit eie teling gebruik het.

Hierdie was dalk tot ons voordeel,
want verskillende

at. Boere het ook n
 op van daardie bulle
 Uys-beeste bekend
 art koeie was nou
 lag was eenvoudig
 n die ras gedra het

wat verseg het
 ulle vir die skyn
 teurs aangehou,
 weggesteek en

MJ (Joey) Uys
 Ermelo, ene
 bul ingevolge
 teer. Hy het
 'n bul te hê
 er is as die
 l kastreer,
 edgekeur
 ys se bul
 net. Dit
 ed aan
 e hou,
 ng vir

'n
 ster
 stel
 47
 at
 e
 a

gehou het en net bulle uit eie teling gebruik het.
 Hierdie was dalk tot ons voordeel,
 want verskillende

7

Gedurende April van 1947 word 'n Departementele kommissie deur die Minister van Landbou, Adv. JGN Strauss, aangestel om die ras te ondersoek en in Oktober 1947 word die ras amptelik erken en toegelaat dat diere gekeur word volgens die standarde wat die telers self gestel het. 'n Totaal van 621 waarvan 13 bulle, word gekeur en op 7 November 1947 word die Drakensberger Beestelersvereniging te midde van groot onmin gestig, met Oom Joey Uys as

bloedlyne het sekere eienskappe geneties gevestig waaruit ons vandag nog kan selekteer en voortbou.

So was daar die Gryshoek lyn van Joey Uys wat deel was van die Vereniging en die Tai Tau (Uys) en Thys (Uys) Goedgenoeg lyn wat nie deel was van die Vereniging nie. Beide hierdie lyne en ook ander was egter suiwer en in later jare het telers wat wel deel geword het van die Vereniging diere uit hierdie lyne aangekoop en voortgebring vir keuring.

Die genetika vanuit daardie kuddes het dus behoue gebly en speel vandag 'n groot rol weens die verbreding van die totale genepoel van die ras. In 1958 word die boeke weer vir twee jaar geopen om telers met diere wat voldoen aan die vereistes van die Vereniging geleentheid te gee om aansoek te doen. Op 'n belangrike vergadering in 1961 word die strydbyle uiteindelik begrawe, het almal wat wou deel wees van die Drakensberger Beestelersvereniging deel geword en was dit die finale einde van die sogenaamde Uysbees groepering. Die Genootskap het nou 68 lede met 4752 aangetekende diere. Daar was die Kranspoort lyn van John de Jager, Dwarsspruit van Dirk van Niekerk, Meulstroom van Beukes Willemse, Jagkop lyn van Cornelius Uys en vele ander wat gevolg het.

In die tydperk 1955 tot 1966 word daar onverpoosd gewerk aan 'n Grondwet met 'n Standaard van Voortreflikheid, Skedules en Verordeninge vir die Ras en vandag is ons in besit van seker een van die mees volledige dokumente in die Stoetbedryf. In hierdie verband doen mnre Niel Reinecke en Kit Vickery reuse werk.

In 1960 word sommige kuddes uitgenooi om deel te neem aan die Nageslag en Produksie toetse van die afdeling Veeteelt van die Departement Landbou en in dieselfde jaar neem die Drakensberger

ras die eerste keer deel aan openbare skoue (Bloemfontein en Royal). In die daaropvolgende jare word landwyd geskou met groot getalle diere.


In 1961 word die eerste vier dag Keurder/Beoordelaarskursus vir telers en beamptes gehou.

Sedert 1962 word 'n unieke keuringstelsel implementeer wat vandag nog funksioneer.

In 1963 word besluit om jaarliks 'n bulveiling op Ermelo te hou. In 1967 word die Grondwet van die Drakensberger Beestelersgenootskap hersien om te voldoen aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Stamboekvereniging en word ons genootskap lid van Stamboek en word ons diere in die Stamboekstelsel opgeneem. In 1967 word op 'n Algemene Jaarvergadering besluit dat gekeurde diere onthoring mag word.

In 1968 word weer 'n kursus aangebied wat deur 35 persone bygewoon word. Net 6 slaag. In 1981 besluit die Algemene Jaarvergadering om prestasie toetsing verpligtend te maak vir al sy lede. In 1995 besluit die Algemene Jaarvergadering om natuurlike poenskop diere toe te laat.

Ek is oortuig daarvan dat ons vandag kan terugkyk op 'n ryk geskiedenis wat oor eeue strek en die wonderlike vrugte pluk van dit wat deur 'n klein groepie manne van durf vir ons bewaar en gegrondves is. Ek glo dit nie net nie, ek weet dat die Drakensberger onder dieselfde toestande, nie sy gelyke in Suid-Afrika het nie, op elke terrein van reproduksie, of dit nou basiese reproduksie soos TKP is, of speenmassa of groei op die veld of voerkraal toestande is. Ons word nie geklop nie en ons het nou die amptelike bewyse daarvoor. ■



Johann Fourie: 082 772 7716



BLACK FOX

DRAAKENBERGERS



KLERKSDORP • TOSCA

johannfourie1964@gmail.com | www.blackfoxcattle.co.za

BEMARKING

– 'n Storie wat lekker vertel

S oos met enigiets wat ryk is aan geskiedenis en die moeite werd is om 'n storie oor te vertel, het baie dinge in die Drakensberger Beestelersgenootskap verander, is dit aangepas en gevorm tot die beeld en identiteit wat dit vandag verteenwoordig. Alhoewel die bevordering en bemarking van die ras van die begin af 'n prioriteit was, het die strategie en toepassing daarvan ook die golwe van verandering gery.

'n Boer is passievol oor wat hy doen. Daarom verkondig ons nog altyd spontaan die goeie nuus oor 'n wonderlike ras. Veilings, plaas-praat by die koöperasies en gesprekke met die buurman oor 'n koppie boeretrous was vroeër jare relevante en voldoende kanale. In 'n groeiende vleisbeesmark wat 'n meer kompeterende industrie tot gevolg gehad het, het dit nodig geraak om 'n strategiese struktuur en definitiewe doelwitte aan die bemarkingsfunksie te gee.

Die genootskap het met behulp van professionele diensverskaffers die pad van posisionering, effektiewe beeldbou, bemarking en kommunikasie begin stap. Die regte invalshoek is bepaal deur middel van marknavorsing en daar is gevra "Hoekom boer jy met die ras waarmee jy boer?". Twee gevolgtrekkings was duidelik uit die antwoorde wat ons gekry het. 'n Boer kies 'n ras op grond van dit waarmee sy pa, oupa of ander familie boer of hy kyk bloot wat werk vir die "buurman". As ander boere – in dieselfde omstandighede as hy – sukses met 'n ras behaal,

kan hy mos ook. Daarom dat die veldtog moes spog met 'n trotsheid en patriotisme wat vanself 'n groot deel van die Drakensberger-gemeenskap uitmaak. "Wie is dan bang vir die donker?" is toe in 2017 geleeds.

'n Kombinasie van bestaande en nuwe platforms, verhoudinge, grafika en boodskappe is slim verweef om koppe te laat draai in die rigting van die swart bees.

Die aard van ons pragtige ras leen homself daartoe om aandag te trek binne herlewingslandbou en dit het die ideale geleentheid geskep in 2019 vir die volgende veldtog getitel "Swart op Groen is wat ons doen." Baie navorsing en vele vergaderings met kenners in die veld is belê om seker te maak ons wei saam met die regte rolspelers. 'n Voorbeeld van 'n goeie uitkoms hier is dat die genootskap 'n borg van die gewilde Riemland Studiegroep en Landbou Weekblad se jaarlikse Herlewingslandbou Konferensie is.

Nou is ons in 2022 en ons dryf 'n veldtog wat fokus op die boer agter die bees. Daar is al baie, en gaan nog baie gesê word oor die ras; dit is immers die bees wat die boer op die plaas moet hou en nie andersom nie. Ter wille van die boodskap het ons die uitgangspunt egter 'n bietjie verander en wil ons fokus op hoe die boer lyk wat met Drakensbergers boer. Dis 'n boer wat hou van die inheemse, 'n waardering het vir egtheid en eerlikheid. Een wat weet, die bees kom eerste. *Genuine Boere vir 'n Genuine Ras.* Dit is so toepaslik dat ons in hierdie jaar, met die viering van die 75ste bestaansjaar van die Drakensberger Beestelersgenootskap, juis kan spog met 'n veldtog wat pruntuit vra: "Is jy BOER genoeg?"

'n Bemarkingstrategie wat 'n storie vertel waar die hoofkarakters beide mens en dier is, sal waarskynlik 'n goeie einde hê. Ons is opgewonde om te sien wat die volgende hoofstukke inhou.



Logo: 1976 – 1977



Logo: 1984



Logo: 1985 – 2014



Logo: 2015



Nasionale veiling advertensie: 2014



Nasionale aanlyn veiling advertensie: 2020



DRAKENSBERGERS

omarm die wetenskap

Telergenootskappe het ten doel die versekering van die suiwerheid van 'n ras, die verbetering van die produksiemeriete en die promovering van die ras ten einde die besigheidskomponent te bevorder.

Die suiwerheid van 'n ras word gehandhaaf met 'n standaard van voortrefflikheid wat deur medetelers met keurings toepassing vind. Dit is praktyk reeds vanaf die ontstaan van die Drakensberger Beestesgenootskap in 1947.

Die produksiemeriete verbetering van die ras beteken dat objektiewe meting deur prestasie-meting noodsaaklik is, sodat teelwaardes vir verskeie eienskappe bereken kan word. Reeds in 1832 het die volbloed perdetelers van Pruijs die volgende gesê: "Unless herd books contain production tests, they will be useless and without interest, since they will contain only names of which no one knows anything and which means nothing."

Die offisiële prestasietoetsing van vleisbeeste in Suid-Afrika het eers in 1960 begin toe die Minister van Landbou so 'n skema die 4de Desember 1959, goedgekeur het. Suid-Afrika was een van 'n klein groepie lande waar die Staat 'n veeverbeteringsdiens vir die verskillende plaasveegroepe beskikbaar gestel het. Dit het die produksie gehalte van vee in Suid-Afrika na een van die voorste posisies in die wêreld verplaas.

Die Drakensberger Beestelersgenootskap het deurgaans 'n hoë prioriteit gestel vir objektiewe meting vanaf die inwerkingstelling van die Nasionale Vleisbeesprestasië- en Nageslagtoetskema, deur die Departement van Landbou se destydse Afdeling Vee- en Suiwelkunde.

Dit was egter eers in 1964 dat 6 Drakensbergertelers by die skema aangesluit het. In daardie tyd was 62 Drakensbergertelers by die Suid-Afrikaanse Stamboekvereniging geregistreer. Die telers het nie hulle eie weegskale gehad nie. By die kommersiële veeveilinge is diere per gewig verkoop maar die gewig is geskat. Reeds vanaf 1957 het die Departement van Landbou Paul vervoerbare weegskale uit Amerika ingevoer wat vanaf 1960 vir skemadoeleindes gebruik is. Die Staatsgarage het bakkies beskikbaar gestel waarmee die Paul weegskale na die deelnemende plase vervoer is. Dit het tot 1970 plaasgevind waarna die skemareëls bepaal het dat elke deelnemende teler 'n eie weegskaal moes aankoop. Dit het tot gevolg gehad dat die prestasietoetskema onbeperk kon uitbrei. Dit het ook tot gevolg gehad dat die vleisbeesbedryf weegskale aangekoop het sodat kommersiële veilinge, voor verkoop, die beste kon weeg. Dit het prysbepalings meer sinvol gemaak.

Vanaf 1964 het deelname van Drakensbergertelers aan die Nasionale Vleisbeesprestasië- en Nageslagtoetskema stelselmatig toegeneem. Die Drakensberger Beestelersgenootskap het in 1975 een van sy Raadslede, mnr. Koos Botha, afgevaardig om die Afdeling Vee- en Suiwelkunde te gaan spreek om te verneem of mnr. D.J. Bosman nie as departementele verteenwoordiger van die Minister van Landbou

by die Genootskap kon dien nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat hy vanaf 1975 tot aftrede in die jaar 2000 op die Raad van die Genootskap gedien het. Hy was die Verantwoordelike Beampte van die Nasionale Vleisbeesprestasietoetskema wat die beleid van die Departement oor verskeie aspekte kon oordra en verslag kon doen van die deelname en vordering van die Drakensbergerrasse aan die skema. Oom Danie Bosman het duisende kilometers met 'n skaal agter sy voertuig afgeleë om prestasie-meting bekend te stel en te vestig en verdien eintlik die titel: "Vader van Prestasietoetsing in Suid-Afrika". Sy raad en leiding in verband met teling, skema deelname en beoordeling van Drakensbergers volgens norme van funksionele doeltreffendheid was uiters waardevol. (Bygevoeg deur Carel Nel)

Gedurende 1980 het die Raad van die Drakensberger Telersgenootskap besluit dat deelname aan die Vleisbeesprestasië- en Nageslagtoetskema verpligtend gemaak word en dat keurings nie sal plaasvind tensy prestasietoetsresultate as hulpmiddel vir die keuringsproses getoon kon word nie. Dit het die teling van Drakensbergerbeeste onmiddellik op 'n meer wetenskaplike grondslag geplaas.

Gedurende 1980 het 85 Drakensbergertelers reeds aan die skema deelgeneem. Die Genootskap het ook gegroei en was daar reeds 222 telers by die Genootskap geregistreer. Almal kon egter nie aan die skema deelneem nie omdat die reëls bepaal het dat 'n teler minstens 30 teelkoeie in sy kudde moes besit om van die skemadienste te kon gebruik maak. Die skema was sonder kostes aan die bedryf beskikbaar gestel om die verbetering van die Suid-Afrikaanse veebedryf te bevorder.

Die Vleisbeesprestasietoetskema het uitgebrei met die inwerkingstelling van die eerste Fase C bulgroei-toetsentrum by Irene in 1963. Hierdie sentrums is mettertyd met die hulp van fondse verkry van die destydse Vleisraad, uitgebrei na Cedara in KwaZulu-Natal, Armoedsvlakte naby Vryburg in die Noordwes Provinsie, Queenstown in die Oos-Kaap, en Glen naby Bloemfontein in die Vrystaat.

Gedurende 1971 is plaasgroei-toetse van jong stoetbulle in werking gestel. Die eerste Drakensberger kudde, die van CY Vickery het in 1973, 'n totaal van 15 bulletjies aan hierdie toets onderwerp. Die gemiddelde GDT van die groep was 1370g met 'n variasie van 1110g tot 1570g. Sulke resultate is 'n waardevolle seleksiehulpmiddel en 'n groot faktor in die keuse van kudde bulle.



Die Drakensberger databasis met objektief bepaalde metings het vanaf 1980 uitgebrei na 'n uitstekende volledige databasis. Dit was dus 'n ideale databasis waarteen die eerste BLUP modelle vir die bepaling van teelwaardes in Suid-Afrika getoets kon word. Die Veeverbeteringskemas is gedurende 1995 oorgeplaas na die Landbounavorsingsraad op Irene. Nietemin is die Drakensberger data reeds in 1993 gebruik om 'n model vir die BLUP-lopies van alle rasse saam te stel. Hierdie eerste Suid-Afrikaanse BLUP-lapie

het aanleiding gegee tot 'n MSc (Agric) verhandeling wat in 1994 ingehandig is.

Die Drakensbergerras het vandag een van die mees volledige databasisse van alle vleisbeesrasse in Suid-Afrika wat die akkuraatheid van teelwaardes op 'n hoë vlak plaas. Drakensbergertelers gebruik hierdie wetenskaplike hulpmiddel om die ras vinniger op 'n voordelige genetiese vlak te plaas tot voordeel van die hele vleisbeesbedryf. ■

TEMA: Geskiedenis PUBLIKASIE: Bylae tot Landbouweekblad JAAR: 2021

Verlede vorm grondslag van **DRAKENSBERGER SE TOEKOMS**

Die Drakensberger se aanpasbaarheid, vrugbaarheid, goeie moeder- en melkeienskappe, langlewendheid, groeivermoë, karkasgehalte en voeromsettingsverhouding is die ideale kombinasie om op bykans enige plaas waarde toe te voeg. Dié eienskappe het danksy 'n ryke geskiedenis ontwikkel.

As eg Suid-Afrikaanse beeste kan Drakensbergers aanspraak maak op die beskrywing van “inheems en aangepas” sonder vrees vir teenspraak. Mnr. Henk Delpont, ondervoorsitter van die Drakensberger Beestelersgenootskap van Suid-Afrika, kan dié stelling beaam. Hy bestuur sy eie stoetery en kudde by die Delram-boerdery naby Ficksburg in die Vrystaat saam met sy vennoot, mnr. Pieter Esterhuizen. “Ek was jare lank 'n saaiboer voordat ek met beeste begin boer het. Uit ervaring kan ek sê dat 'n bees wat min moeite verg en genoeg vleis vanaf die veld produseer, 'n waardevolle bydrae tot enige boerdery sal lewer. Die waardetoevoeging geld soveel te meer waar saaiboere herlewingslandbou toepas of vollediger bewaringslandboupraktike wil begin volg.”

Die ras se geskiedenis en oorsprong is volgens Delpont die sleutel tot die Drakensberger se genetiese voordeel. Hy gaan haal die

storie in 1652 met die aankoms van Jan van Riebeeck se geselskap en hul handeldrywery met die oorspronklike Khoisan-inwoners. Die setlaars het baie van die inheemse swart beeste gehou en hulle is as trekdiere en later selfs as belastingbetaling aanvaar in Simon van der Stel se tyd.

Tydens die verkenning van die Kaapse binneland en die vestiging van plase verder weg van die kus is ander swart beeste met soortgelyke Sanga-eienskappe by plaaslike stamme verkry.

GRYSHOEK

Die Uys-familie en hul swart beeste was een van die families wat in die 19de eeu aan die Groot Trek begin deelneem het. Die pad wat die Uyse vanuit Grahamstad na 'n beter heenkome gevolg het, was moeilik. Net sterk diere met 'n goeie gestel en siekteweerstand het die paal gehaal. Die veeldoeligheid van die swart beeste was noodsaaklik en hul diens as trekdiere, melkdiere en slagvee was legendaries.

“Die groep diere wat eindelijk saam met die Uyse in die Wakkerstroom-omgewing in die hedendaagse Mpumalanga gevestig het, het later 'n beduidende rol in die ontstaan en uitbou van die moderne Drakensberger gehad,” sê Delpont. Dié vestigingstyd op die plaas Gryshoek het plaasgevind ná konflik met die Zoeloes (omstreeks 1874).

Tot met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand is die beeste grootliks met die oog op trekdiere geteel. Die produk was diere met sterk en groot voorkwarte, terwyl die agterkwarte oorwegend lig en klein was. Soos bevolkingsgroei, ►



Drakensbergers lewer 'n waardevolle bydrae tot bewaringslandbou.

tegnologiese vordering en meganisasie plaasgevind het, het die klem na vleisproduksie verskuif.

Verskeie moeilike tydperke het egter vir die plaaslike veebedryf en die ontwikkelende Drakensberger-beesras voorgelê. Die belangrikste hiervan was:

- Die uitbreek van runderpes in 1896, toe sowat 746 500 beeste gevrek het.
- Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), toe sowat 600 000 beeste van kant gemaak is.
- Die Wet op Veeverbetering van 1934, toe die Uys-bees (Vaderlanders) nie as 'n ras erken is nie ('n staatsubsidie is destyds slegs vir die gebruik van bulle van erkende beessrasse betaal).

Mnr. Swart Dirk Uys het ná die Anglo-Boereoorlog die Uys-beeste, soos hulle toe bekend was, verder begin verbeter.

Die Uys-beeste was bekend en invloedryk in die omgewing, maar is nie as 'n ras erken nie. Talle eienaars van Uys-beeste het met ander rasse, soos die Angus en South Devon, begin kruisteel toe die Wet op Veeverbetering in 1934 geproklameer en die gebruik van ongeregistreerde rasse gepenaliseer is.

Mnr. Joey Uys het aangehou om Uys-beeste in sy geslote kudde te teel en het hom ernstig beywer om die Uys-bees amptelik as 'n ras erken te kry.

Op 1 Mei 1946 het die Uys-beestelersvereniging onder sy leiding tot stand gekom. Uys se moeite was nie vergeefs nie.

In 1947 het 'n kommissie van die Departement van Landbou 'n verslag voorgelê wat aanbeveel het dat die Uys-bees as 'n ras

ingevolge die Wet op Veeverbetering van 1934 aanvaar moet word. Omdat Uys-beesontwikkeling meestal daar plaasgevind het en in groot getalle in die weidingsgebiede van die Drakensberge voorgekom het, is aanbeveel dat die naam van die ras na Drakensberger verander word.

Die sogenoemde "Tin Tin Blacks", Buys-, Kemp-, Landman- en Brookes-beeste verdien ook om vermeld te word danksy hul wesenlike bydrae tot die Drakensbergers se genepoel.

Die Drakensberger-beesras het amptelik op 7 November 1947 ontstaan met die stigting van die Drakensberger Beestelersgenootskap van Suid-Afrika. Met die eerste inspeksies in Februarie 1948 is 621 diere aangeteken. Teen einde 1954 was die syfer 1 723 diere, waarvan 73 bulle was. Teen 1961 was daar 4 752 aangetekende diere. In Mei 1969 is die Drakensberger Beestelersgenootskap as 'n assosiaat-lid tot SA Stamboek toegelaat en in 1972 as 'n volle lid. Tans is die getal geregistreerde diere meer as 15 000.

In 1980 het die telersgenootskap besluit om prestasietoetsing verpligtend vir toelating tot lidmaatskap te maak. Sedertdien kom slegs prestasie-getoetste diere vir inspeksie en registrasie in aanmerking. Omdat die hele ras aan prestasietoetsing onderwerp is, het die eerste ontleding volgens BLUP (Best Linear Unbiased Prediction) in Suid-Afrika op die databasis van die Drakensberger plaasgevind.

Vandag boer die nasate van hierdie pioniers, die broers mnre. Pikkie en Johan Uys, steeds met Drakensbergers op Gryshoek. Pikkie is 'n geesdriftige raadslid van die genootskap en tree gereeld as organiseerder van keurder- en beoordelaarskursusse op.

TEELWAARDES

Die Drakensberger, wat in die moeilikste omstandighede denkbaar ontstaan het, is vandag 'n gewilde ras en beslis 'n "winsbees" wat in vennootskap en harmonie met die natuur gedy. Dit word dikwels uit die oog verloor dat hierdie ras uit 'n tydperk dateer toe diere natuurlik aangepas moes wees om te oorleef. Omdat geen dipmiddels of beproefde medisyne bestaan het nie, moes hulle vlieë, muskiete, bosluise en parasiet-oorgedraagde siektes kon weerstaan.

In sy moderne gewaad is die Drakensberger nie net aangepas vir sy omgewing in Suider-Afrika nie, maar ook by die ekonomiese klimaat, sê Delport.

Danksy hedendaagse navorsing oor die ras en produksiedata en -aantekeninge deur telers is die ras nou in 'n beter posisie om makliker volgens ekonomiese eienskappe te selekteer en voordeel daaruit te trek.

In Mei 2018 het SA Stamboek die eerste genomies-verrykte teelwaardes vir die ras bekendgestel. Dit stel telers in staat om teelbesluite met groter sekerheid te neem, gegrond op teelwaardes. Die Drakensberger is slegs die derde ras en die enigste inheemse ras in Suid-Afrika wat hierdie besonderse mylpaal kon behaal.



Prestasietoetsing as voorwaarde tot lidmaatskap van die genootskap is sedert 1980 verpligtend.



Meer as 15 000 diere is tans by die Drakensberger Beestelersgenootskap geregistreer.

HOOGSTE PRYS

bulle



R1 617

1967 Bulvendusie
Verkoper: CY Vickery & Seun



SA Rekordprys van R50 000

21 September 1989
Verkoper: Oubie de Jager en Seun
Koper: Neuman Broers



SA rekordprys van R115 000

23 Mei 2012
Verkoper: Buffalo Valley Farms
Koper: JA Rautenbach van Lindley



R19 000

1984 Buffalo Valley Produksieveiling



R65 000

19 Mei 2004
Verkoper: Buffalo Valley Farms
Koper: A van Dyk, Middelburg



SA rekordprys van R 110 000

April 2012
Verkoper: Johann Fourie
Koper: Delram



R21 000

1988 Oubie de Jager en Seun
Produksieveiling



SA rekordprys van R107 500

4 Augustus 2011
Verkoper: Neuman Broers
Koper: J D Botha van Standerton



SA rekordprys van R345 000

Augustus 2013
Verkoper: Neuman Broers
Koper: A.J en J.C. Cronje Trust van Vrede



Inleiding _____ **WETENSKAP**

Toepaslike wetenskaplike artikels

'n Groot hoeveelheid fundamentele navorsing oor die ras en sy uitstaande eienskappe is gedoen deur akademiese instansies oor 'n geruime tyd. Hierdie gedeelte van die joernaal bevat uittreksels van hierdie artikels, meester- en doktorsgraad studies wat in populêre tydskrifte soos Landbouweekblad en Farmer's Weekly verskyn het.

Artikels in hierdie joernaal is gepubliseer in óf Afrikaans óf Engels. Die artikels waarvan 'n vertaalde weergawe ook beskikbaar is, het 'n QR-kode wat verwys na die Drakensberger SA webblad waar dit aanlyn beskikbaar is.

Verder is daar QR-kodes na drie spesifieke artikels wat in detail na die navorsing verwys.



Drakensbergers **STRES NIE OOR HITTE NIE**

Die boer kan sy natuurlike hulpbronne ten beste benut met diere wat in harmonie is met die omgewing waarin hulle aangehou word, want daar is 'n besliste korrelasie tussen die dier se fisiologiese reaksie, soos liggaamstemperatuur, asemhalings- en polstempo, en sy vermoë om te produseer.

Me. Liesel Foster het in 'n meestersgraadstudie aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie (SUT), Vrystaat, die opvatting dat Drakensbergers nie goed vaar in 'n warm klimaat nie, verkeerd bewys. Dié studie is onder leiding van prof. Frikkie Naser van die Universiteit van die Vrystaat en dr. Pieter Fourie van die SUT, Vrystaat, gedoen.

Haar bevindings is dat daar geen beduidende afwykings tussen die Drakensbergers en ander inheemse rasse in die proewe gevind kon word nie en dat die diere van dié ras beduidend beter gevaar het as sekere ingevoerde beesrasse.

Naser, van die departement wild- en dierkunde, voeg by dat dit 'n waardevolle studie is. Waarnemings is gedoen en eien-skappe is gemeet wat aanpasbaarheid weerspieël wat veral vir die Drakensbergers aktueel is.

Foster sê daar is waarskynlik nie nog 'n bedryf in die Suid-Afrikaanse landbou waarin daar so 'n wye verskeidenheid menings en sienings is as in die beesbedryf nie, van boere tot wetenskaplikes.

Kenners, sê sy, skryf dit grootliks daaraan toe dat daar hopeloos te veel aannames en filosofieë is oor rasse, produksiestelsels, teling, voeding, bestuur, bemarking en talle ander sentimentaliteite waarvoor daar geen konkrete bewyse is nie.

Daarby moet nog gevoeg word dat die meeste rasstandaarde waarop rasverbetering grootliks berus, nie noodwendig op biologiese waardes gegrond is nie.

Omdat sy self 'n Drakensberger-teler is en talle ander telers van die ras dieselfde vrae moes antwoord van mense met die opvatting dat die diere nie warmte kan weerstaan nie, het sy besluit om die studie te doen.

Die navorsing het van Augustus 2007 tot Maart 2008 (lente, somer en herfs) gestrek.

Vorige studies het gewys daar is 'n noue verband tussen 'n dier se fisiologiese reaksie en produktiwiteit.

Temperatuur is 'n belangrike faktor wat bepaal watter soort dier

in 'n spesifieke omgewing onderhou kan word.

Navorsing wys dat beeste by temperature hoër as 27°C al tekens van hittestres toon. Selfs klein opwaartse verskuiwings in kern-liggaamstemperatuur kan 'n invloed op weefsel- en neuro-endokriene funksies hê wat weer op hul beurt vrugbaarheid, groei en laktasie beïnvloed.

Die interaksie tussen genotipe en omgewing (GxO) beteken dat die omgewing verskillende genotipes verskillend beïnvloed. Die "beste" genotipe kan van een omgewing na 'n ander verskil, na gelang van die heersende weerstoestande. Vir die boer beteken GxO die gebruik van daardie spesifieke ras wat die produktiefste in sy omgewing is.

Stres, in sy fisieke vorm, is moeilik in 'n biologiese stelsel meetbaar, maar sekere manifestasies van stres, soos veranderings in liggaamstemperatuur en asemhalingstempo, kan gemeet word.

In haar studie het sy die aanpasbaarheid van Afrikaner-, Bonsmara-, Braford-, Charolais-, Drakensberger- en Simmentaler-verse bepaal aan die hand van ras, kleur, soort haarkleed, veldikte, liggaamskondisie en asemhalingstempo deur hul liggaamstemperatuur rektaal te meet.

Tien rasegte verse (altesame 60) van sewe tot nege maande oud, uit die omgewing waar die proef gedoen is, is gebruik. 'n Telling is aan elke dier se kleur, tipe haarkleed asook liggaamskondisie toegeken. Veldikte is ook gemeet en hul asemhalingstempo én liggaamstemperatuur (rektale temperatuur) is by tien verskillende geleenthede in Augustus en weer 17 keer tussen Desember en Maart gemeet.

Daarvoor is die verse om eenuur die middag in die kraal gesit en die liggaamstemperatuur is teen twee-uur die middag gemeet. Bosluistellings is ook in die somergedeelte van die navorsing gedoen. Die Bonsmara- en Simmentaler-verse is in Februarie aan die proef onttrek weens botsende teelprogramme.

'n Klimaatindeks waarin temperatuur en vogtigheid verwerk is, is met behulp van 'n "Kestrel® 4000 Pocket Weather Tracker" opgestel.

Die resultaat van haar ondersoek is dat die kleur van die haarkleed rasgebonde is en dat daar te min afwisseling binne rasse is. Die gevolg is dat ras eerder as die kleur van die haarkleed gebruik ►



is om die ontleding te doen.

Daar was beduidende ($P < 0.0001$) rasverskille in die haarkleedtelling (van kort en glad tot lank en wollerig) wat sy toegeken het. Die haarkleedtelling is ook deur die seisoene beïnvloed.

Die Afrikaners het vier uit die vyf keer die kortste en gladste haarkleed gehad, met die Drakensberger, Bonsmara en Braford kort op hul hakke. Daar was 'n onbeduidende verskil tussen die Drakensberger- en Bonsmara-verse en tussen die Simmentaler- en Charolais-verse.

Beduidende ($P < 0.0001$) verskille het ook tussen die rasse voorgekom ten opsigte van die kondisietelling wat sy aan die diere toegeken het. In dié opsig het die Braford die beste gevaar, gevolg deur die Afrikaner, Bonsmara, Drakensberger, Simmentaler en Charolais en daar was weer min te kies tussen Afrikaners, Bonsmaras en Drakensbergers.

Veldikte het ook beduidend tussen rasse verskil. Die Afrikaners het die dikste vel gehad en daar was geen beduidende verskille tussen die gemiddelde veldikte van die Bonsmaras, Braford, Drakensbergers en Simmentalers nie.

Die rektale temperature van die Afrikaners, Bonsmaras, Braford en Drakensbergers het ook nie beduidend verskil nie, terwyl die Simmentalers en Charolais beduidend hoër temperature gehad het. Wat weliswaar interessant is, is dat die Drakensbergers in die meerderheid van die lesings die laagste temperatuur gehad het.

Die volgende faktore het 'n beduidende ($P < 0.05$) invloed op die rektale temperature van die volgende rasse gehad: Afrikaner – huiddikte, Bonsmara – huiddikte, Charolais – haarkleed. Hoewel daar beduidende rasverskille was met betrekking tot haarkleed, liggaamskondisietelling, asemhalingstempo en huiddikte het slegs rassamestelling, en nie kleur nie, 'n beduidende invloed op al die diere se rektale temperature gehad.

Neser sê dié gegewens is insiggewend. Die Drakensberger het, ondanks die opvatting dat hy nie hitte goed kan verdra nie, in die proef geensins teruggestaan vir die ander inheemse rasse nie en stof in die oë van die ingevoerde rasse geskop.

Hy sê hoe gladder 'n dier se haarkleed, hoe beter is dit aangepas. Sodra die kleed wollerig raak, wys dit die dier kry swaar as gevolg van stres. Ten opsigte van die kondisietelling het die inheemse rasse op natuurlike veld deurgaans beter presteer.

Die asemhalingstempo van die Drakensberger was ook feitlik deurgaans die laagste, wat daarop dui dat die hitte hulle nie laat stres het nie. As diere warm kry, begin hul asem te jaag.

Die rektale temperatuur is ook 'n goeie aanduiding van diere stres ervaar. Hoe hoër die temperatuur is, hoe meer hittestres ervaar die diere. Neser sê die inligting is vir hom van belang omdat dit nie goed is wat boere normaalweg meet nie en wat 'n mens nie kan waarneem sonder om te meet nie.

Die bosluise op dieselfde verse is vanaf 6 Februarie tot 5 Maart weekliks (vyf keer) getel.

Die Afrikaners het die minste bosluise gedra en daar was geen beduidende verskil tussen die hoeveelheid bosluise op die Afrikaners en die Drakensbergers nie.

Foster sê haar resultate wys duidelik dat rasse se vermoë om bosluise te weerstaan, verskil. Die inheemse rasse met hul dikker vel en gladder haarkleed, wat as 'n afweerder teen

bosluise werk, dra beslis minder bosluise.

Die bestryding van parasiete is duur, hulle begin weerstand bied teen bestaande middels wat bestryding bemoeilik. Dit beteken dat die diere wat nie aan sulke stres onderwerp word nie, meer winsgewend is om mee te boer.

Boere soek voortdurend na maniere om produksie en die winsgewendheid van hul ondernemings te verbeter. Dit maak die keuse van die beesras waarmee jy gaan boer een van die belangrikste besluite wat 'n boer moet neem, sê Foster. ■

PRAKTYK RUGSTEUN STUDIE

Die bevinding van die studie deur me. Liesel Foster, 'n meestergraadstudent aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie (SUT), Vrystaat, word gerugsteun deur dr. Johann Fourie. Hy sê van sy beeste wat die afgelope somer in die omgewing van Tosca en Bray geloop het, waar boere sweer dit was die warmste somer in dekades, het geen tekens van stres getoon nie en het op die warmste tyd van die dag gewei.

Die droogte van 2007 het hom in 'n netelige situasie laat beland. Hy moes die helfte van sy stoetkudde van nagenoeg 200 beeste verkoop of hy moes vir hulle 'n ander heenkome vind.

Omdat hy dikwels in die Molopo-gebied gaan jag het en daar baie swart beeste opgemerk het wat geensins sukkel in die warmte daar nie, het hy besluit om die plaas Belvedere van sowat 1 100 ha aan te skaf. Hy het weliswaar nie Drakensberger-bulle daar gesien nie, maar tog swart bulle van ander rasse wat oënskynlik nie gesukkel het nie.

Vandag loop die helfte van sy beeste by Klerksdorp op die plaas Jakkalsfontein en die ander helfte in die Molopo. Dit is omdat hy soveel vertroue in die aangepastheid van die Drakensbergers gehad het dat hy geen probleme voorsien het nie. Dit sou ook sy risiko, veral ten opsigte van die gebrek aan reën, versprei.

Die afgelope somer het die diere geen tekens van hittestres getoon nie en geen dier het oor 'n tydperk van twee jaar enige tekens van tropiese agteruitgang getoon nie.

Altesame 94% van die koeie het dragtig geraak, 93% het gekalf en die gemiddelde speengewig van die kalwers in 2009 was 245 kg.

Foster het haar pa, mnr. Jack Human, se boerdery heeltemal oorgeneem en boer op 2 600 ha met nagenoeg 250 teelkoeie waarvan 90 stoetkoeie is en die res in 'n kommersiële stelsel op die plaas Quaggafontein naby Zastron gebruik word. Haar pa het Drakensbergers op die Landboukollege Cedara leer ken en was só beïndruk dat hy in 1980 sy eerste Drakensberger-bul aangeskaf en in 1989 die Quaggafontein-Drakensberger-stoetery begin het. Sy glo haar ondersoek staaf haar pa se vertroue in die ras.

In 2008 was 92% van al die koeie dragtig en in 2009 was die verskalwers se gemiddelde speengewig op 205 dae 234 kg en die bulkalwers het gemiddeld 255 kg geweeg.



1



2

FOTO 1: Prof. Frikkie Neser sê die studie is waardevol, aangesien waarnemings gedoen is en eienskappe gemeet is wat aanpasbaarheid weerspieël. FOTO 2: Me. Liesel Foster boer self met Drakensbergers. FOTO 3: Om sy natuurlike hulpbronne ten beste te benut, moet 'n mens met aangepaste diere boer wat sulke speenkalwers kan grootmaak. Die blink en gladde haarkleed op 'n dik vel maak dit ook vir uitwendige parasiete moeiliker om vatplek aan dié winsbeeste te kry.



3



**Winterveld
kondisie
is ons missie**

The Drakensberger weaner calf: **A SOUGHT-AFTER COMMODITY**



Few people will argue that the Drakensberger cow is an exceptional animal with outstanding mothering abilities. This is confirmed by the fact that the breed maintains a mere 1,3% calf mortality up to weaning. Put differently: 98,7% of the calves destined for the weaner calf market, will actually reach the market.

“There is no doubt that the Drakensberger is a partner in nature,” says Dr Johann Fourie, board member of the Drakensberger Cattle Breeders’ Society.

Table 1: Carcass results

Live weight (kg)	Carcass weight (kg)	Dressing percentage (%)
348	245,60	70,57
349	271,00	68,78
412	241,20	58,54
393	240,20	61,12
Average: 348	Average: 249,50	Average: 64,51

“The Drakensberger cow is forgiving and can thrive in less than optimal conditions, but they obviously perform much better under good management conditions. We are interested in their performance under those conditions.”

However, to offer the total package as an optimal breeding breed, the Drakensberger must also be a sought-after breed in the feedlot and produce an outstanding carcass. This is especially relevant, as the breed is often criticised for its feedlot performance.

“To scientifically test these objections and criticism against the Drakensberger, the society board pro-actively arranged for testing to be conducted and the results speak for themselves.”

HEAT RESISTANCE AND COAT

“Criticism has been directed at the Drakensberger’s adaptability in hot climatic areas and allegations have been made that the animals cannot withstand heat due to their black coat. To get to the bottom of these statements, the society requested the University of the Free State to conduct a proper scientific study into the matter.

“The study by an MSc student was also presented at the world congress. The results were clear: There is absolutely no evidence that the breed’s black coat has any negative effect on its heat resistance. The rectal temperature taken during the study, which included on six indigenous and foreign breeds, was significantly lower in the Drakensberger group.”



The Drakensberger is a breed to be reckoned with, as it offers a total package for optimal breeding

DISEASE PREVALENCE


On exactly the same basis, the board requested the University of Pretoria to conduct a study into the Drakensberger’s performance in the feedlot, especially in relation to diseases. Once again an MSc student conducted the study. The latter study was completed by analysing data of more than 600 000 feedlot cattle across the country. The conclusion was clear, namely that there is no reason to discriminate against the Drakensberger in the feedlot.

“To pursue the matter even further, the society, in conjunction with animal health companies MSD and Zoetis, conducted another test based on the point of departure that correct and timeous immunisation of your cattle herd against bovine virus diarrhoea (BVD) is essential and that it makes a major contribution to satisfactory performance in the feedlot.

“We immunised two groups of calves with the BVD vaccine supplied by the two companies. Evaluation of the immunised calves yielded impressive data in respect of feedlot performance.”



Correct and timeous immunisation of your cattle herd is an indication of good management.



VADERLANDSCH

GRASGEVOER | DRAKENSBERGER BEESVLEIS

www.vaderlandsch.co.za

Table 2: Comparison between the average carcass and meat quality values of four genotypes.

Properties	Zubu-type	British breed	European breed	Drakensberger
Dressing H	55,72 b	53,98 a	58,54 b	58,08 b
Tenderness H	3,11 a	3,17 a	2,19 b	2,98 a
Juiciness H	3,47 a	3,41 a	3,36 a	3,69 b
Taste H	3,60 a	3,56 a	3,24 b	3,70 a
Cut resistance HH	137,20 a	130,80 a	190,05 b	129,08 a

a/b values differ statistically ($p = 0,05$); H – higher values (1–7) better; HH lower values better

EXCEPTIONAL AVERAGE GROWTH

Two groups of calves were prepared in 2014 before they were taken to the feedlot. The first group of 500 was immunised with Respiravax, which was generously made available by MSD. The mortality rate among the group of calves was 0,56% (much lower than the feedlot average) and they have exhibited and recorded above average daily growth.

“The breeder received continuous reports from the feedlot, which is the best way of following the animals’ progress. A healthy relationship exists between the breeder and feedlot buyer, which automatically leads to trust and future transactions.

“The second group was immunised with Bovishield, donated by Zoetis as part of a controlled test. In this case, mortality was 0%, with a daily growth rate above the feedlot average. The group consisted of more than 250 calves.

“These results confirm those of a previous test conducted in 2009, when a group of 1 526 calves were taken to a well-known feedlot. The mortality rate was 0,59% and the average growth exceeded the feedlot average.”

These studies, Dr Fourie says, confirm conclusions made by the Beefcor feedlot, where a livestock consultant, Peter Milton, identified the Drakensberger as one of the preferred breeds in the

South African feedlot industry.

To take the study even further, the society conducted individual testing on groups of animals. Positive data was generated throughout.

A GOOD PRICE AT THE AUCTION

“Although this information is available, certain feedlots remain under the impression that the Drakensberger is

an unwanted feedlot animal. This means that individual breeders will have to address the issue proactively in order to change those perceptions,” says Dr Fourie.

“Experience shows unequivocally that negative perceptions disappear once an open and professional business relationship is established with buyers, and information is exchanged in respect of issues such as immunisation, weaning technique, wet or dry calves and especially herd management.

“The board is aware of a very encouraging current trend. In the past there were regions where less was paid for Drakensberger calves than for other cattle at auctions. Now, however, these price differences are disappearing as a result of a deliberate and active campaign by the society.”

Dr Fourie emphasises the value of proper marketing planning. Few calves, for example, are available in September and October. “Therefore, if the immunisation of your herd is up to date and you are able to market dry calves that have been weaned two weeks earlier and had the opportunity to grow out, there will surely be a great demand for these types of calves.”

When it comes to meat quality, the abattoir data speaks for itself, as is illustrated in *Tables 1 and 2* and in *Figure 1*.

MEAT-TO-BONE RATIO

It is a known fact that the Drakensberger carcass boasts an outstanding meat-to-bone ratio. The later the animal is slaughtered, the better the ratio becomes. The fact that the Drakensberger grows for a longer period and produces meat before fat is laid down, certainly counts in its favour.

“With this information available, the time has come for this extremely positive message to reach farmers, feedlot operators and consumers. The Drakensberger remains a formidable breed to be reckoned with, precisely because it offers a total package encompassing the optimal breeding animal.” ■

Contact Dr Johann Fourie on 082 772 7716 or visit www.drakensbergers.co.za for more information.




Figure 1

SCAN THE QR CODES TO READ THE ARTICLES ON THE WEBSITE:

The Drakensberger: Its capacity as feedlot steer and its potential to yield high quality beef
– 2012 Journal



Effect of heat stress on six beef breeds in the Zastron district: the significance of breed, coat colour and coat type
– 2012 Journal



Difference in physical traits such as coat score and hide-thickness together with tick burdens and body condition score in four breeds in the Southern Free State
– 2012 Journal



Indigenous breeds more **RESISTANT TO TICKS,** *research shows*

In recent research conducted in the Free State to determine the relationship between hide thickness and resistance to ticks, the Afrikaner and Drakensberger proved their worth. The research shows that these two breeds are far less susceptible to ticks than other breeds because of their thicker hides and sleeker coats. Annelie Coleman talked to researcher Liesel Forster.

Cattle must be productive in a wide spectrum of environments that include stressors such as heat, ultraviolet radiation, humidity, parasites, diseases and nutrition. Susceptibility to these stressors results in significant inter-breed and intra-breed differences in growth rate, fertility and mortality. Adaptability is an important factor in successful commercial cattle farming, and adaptable and stress-resistant cattle breeds have been shown to be more profitable. Applying the knowledge gained, breeders can select for adaptability and low mortality in livestock.

A team of researchers from the Central University of Technology and the University of the Free State recently found significant differences in body condition score, hide thickness and tick counts in Afrikaner, Braford, Drakensberger and Charolais cattle. Ten heifers from each of the four breeds were used in the study on the farm Quaggafontein in the Zastron district. The animals were selected from stud breeders in the southern Free State to guarantee trueness to type and to ensure that they were well adapted to the area.

The research confirms the value of a thick hide

A number of key measurements were taken from all the animals for a period of seven months. Coat scoring was done once in winter and four times in summer due to breed differences in the shedding



Drakensbergers were amongst the top performers in recent hide thickness and tick resistance research. PHOTOS: Annelie Coleman.

process. Coats were scored on a linear scale from 1 (extremely short coat) to 7 (very woolly). Body condition score was measured on a score of 1 (emaciated) to 9 (obese) and appraised as thin (1-3), borderline (4), optimum (5-6) and fat (7). Hide thickness as well as tick counts were monitored.

The research animals were allowed to become naturally infested with ticks, except for patch treatments for two months to contain infestations by *Boophilus decoloratus*, *Hyalomma marginatum rufipes* and *Rhipicephalus evertsi*. Two researchers carefully counted and recorded all visible ticks. The species were not specified and the ►



Hides, as a protection against the environment, determine animals' adaptability.



Past research suggests a sleek coat may indicate metabolic efficiency and the ability to react better to stress.

FAST FACTS

Researchers tested four cattle breeds for correlation between hide thickness and tick resistance.

The study used body condition score as one of the measures of comparison.

The Drakensberger was the second most tick-resistant, after the Afrikaner.

ticks were not removed from the animal. The tick burdens were documented on five separate occasions during one month of the research period.

RESEARCH RESULTS

Significant differences in coat scores were recorded. The Afrikaner had the lowest coat score on four of the five sampling days, while the Charolais had the highest coat score throughout the study. The coat scores were affected by the changing seasons, decreasing from August to February. Previous studies by Turner and Schleger (1960) had shown that although coat score could be affected by season, nutrition, sex and age, the breed was the most important factor. Both researchers, as well as Bonsma (1983) concluded that a sleek coat may indicate metabolic efficiency and the ability to react better to stress.

BODY CONDITION SCORE IS AN EFFECTIVE TOOL

Body condition score is an effective tool for cattle producers who cannot weigh cattle and may even be more significant than cow weight in improving reproductive performance.

The research found noticeable differences in body score between the four breeds, as well as within the breeds. The breeds, ranked on the basis of the mean body condition score in decreasing order, were Braford, Afrikaner, Drakensberger and Charolais.

The animal's hide is the largest single organ of the body. It

consists of both skin and hair and represents between 7% and 8% of the live weight of the animal. The hide determines adaptability to the environment as it protects the animal against it.

Hide measurements were taken three times over the seven-month period by measuring skin fold thickness over the mid-side area - this section is relatively uniform.

The hide thickness varied markedly between the animals. The Afrikaner heifers had the thickest hides and the Charolais the thinnest. No significant differences were reported between the Braford and the Drakensbergers.

INDIGENOUS BREEDS MORE RESISTANT

The two indigenous breeds, the Drakensbergers and the Afrikaners, showed a stronger resistance against ticks compared with the Braford and the Charolais (the latter had the most ticks). In terms of tick counts, the breeds were ranked Afrikaner, Drakensberger, Braford and Charolais from fewest to most. In previous research, Spickett et al found that the indigenous Nguni breed harbored noticeably fewer ticks during periods of peak tick abundance than the Bonsmara and Hereford breeds did. Frisch and O'Neill (1998) ranked the Charolais breed last for tick resistance.

The study confirms that the indigenous Drakensberger and Afrikaner breeds, as well as the Braford to some extent, do have an improved ability to resist ticks, ascribed to the breeds' thicker hides and sleeker coats, which act as tick deterrents. ■

TEMA: Wetenskap PUBLIKASIE: Bylae tot Landbouweekblad JAAR: 2018

DRAKENSBERGER IS *winsbees, wys studies*

Die Drakensberger Beestelersgenootskap se aanspraak dat dié ras 'n ware winsbees is, word deur navorsing ondersteun.

Die Drakensberger, wat in die moeilikste toestande denkbaar ontstaan het, is vandag 'n gewilde ras en beslis 'n winsbees wat maklik in die natuur aanpas en oorleef. Navorsing deur akademici en telers wys ook hoe dié inheemse ras se vermoë om hittestres en bosluise te weerstaan, voordele bied. Die ras is in Suid-Afrika geteel en ontwikkel deur natuurlike en wetenskaplike seleksie, met die gevolg dat die Drakensberger 'n voordeel geniet bo ander rasse wat betref aanpasbaarheid, gehardheid en natuurlike weerstand teen bosluise en bosluisoordraagbare siektes.

BOSLUISE

Die ras is aangepas by die Suid-Afrikaanse omgewing en klimaat. Die Drakensberger het daarom 'n natuurlike weerstand teen inheemse siektes en parasiete opgebou. Omdat geen dipmiddels of beproefde medisyne eeue gelede bestaan het nie, moes hulle eenvoudig aanpas om vlieë, muskiete, bosluise en parasietoordraagbare siektes natuurlik te kon weerstaan. Dr. Liesel Foster, bekroonde Drakensbergerteler van die plaas Quaggafontein by Zastron in die Vrystaat, het in haar meestersgraadstudie aan

die Sentrale Universiteit van Tegnologie (SUT) die opvatting dat Drakensbergers nie goed vaar in 'n warm klimaat nie, verkeerd bewys. Dié studie, onder leiding van prof. Frikkie Nesor van die Universiteit van die Vrystaat en dr. Pieter Fourie van die SUT, het van Augustus 2007 tot Maart 2008 gestrek.

“Vatbaarheid tot verskillende stressors, soos hitte, ultraviolestraling, humiditeit, parasiete, siektes en voeding, speel 'n groot rol in verskille in groeitempo, vrugbaarheid en vrektes tussen rasse. Daarom kan ons redeneer dat rasse met 'n groter weerstand teen stres winsgewender is,” het Liesel geskryf.

Sy het ook in 2010 navorsing gepubliseer oor die Drakensberger se inherente vermoë om bosluise en bosluisoordraagbare siektes beter te weerstaan as uitheemse rasse. Liesel sê haar navorsingsresultate wys duidelik dat rasse se vermoë om bosluise te weerstaan, verskil. Die inheemse rasse met hul dikker vel en gladder haarkleed, wat as 'n afweerder teen bosluise werk, dra beslis minder bosluise. Die bestryding van parasiete is duur. Hulle begin boonop weerstand bied teen bestaande middels, wat bestryding moeiliker maak. Dit beteken dit is winsgewender om te boer met die diere wat nie ►



Groenvlei
DRAKENSBERGERS



GROENVLEI **DRAKENSBERGERS**

*Gedryf deur vrugbaarheid
en strukturele korrektheid*



aan sulke stres onderwerp word nie.

VOORDELE

Selektiewe teling het die Drakensberger se voordele oor die jare help vaslê. Dié eienskappe sluit in:

- 'n Mak temperament, wat hantering makliker maak en beserings onder hanteerders verminder. Daar is ook min gevegte tussen beeste.
- 'n Besondere moederinstink en selfbeskerming help om kalwers suksesvol groot te maak.
- Die Drakensberger moet oor moeilike en bergagtige terrein beweeg. Sy sterk bene en 'n beenstruktuur met harde buffelkloue bevorder sy stapvermoë. Dit gee die Drakensberger ook toegang tot weiding waar ander rasse dalk nie kan uitkom nie.
- 'n Goeie kapasiteit vir voerinname tydens beweiding, veral van veldweidings af.
- Goeie pigmentasie, met weerstand teen die son se ultra-violetbestraling, liggevoeligheid en oogprobleme.
- Maklike geboortes met kleiner kalwers, wat later sterk, stewige speenkalwers lewer.
- 'n Lae voorkoms van aborsies of geboorteprobleme.
- Weerstand teen bosluise en inheemse siektes, veral teen bosluisoordraagbare siektes.
- Betreklik goeie weerstand teen inwendige parasiete.
- Goeie hitteweerstand danksy 'n los vel, asook 'n kort hare met 'n blink, blouswart kleur (wat sonstrale weerkaats).

MEER DATA, MEER WINS

Die winsfaktor is geneties ingebou in die Drakensberger. Die wye verspreidingspatroon van die ras is te danke aan sy uitstekende vermoë om by klimaats- en omgewingstoestande aan te pas. Die Drakensberger gedy in uiteenlopende klimaatstreke. Danksy die genootskap se gebruik van prestasie-meting sedert die 1980's is daar genoeg bewyse dat die ras se voordele nie net toegeskryf word aan goeie boerderypraktyke nie. Telers gebruik hulpmiddels, soos teelwaardes – en binnekort ook genomiese seleksie – wat SA Stamboek beskikbaar stel, om die eienskappe van die ras verder te verbeter. “Die gebruik van genomika sal 'n nuwe wêreld vir die ras ontsluit. SA Stamboek sal genomies verrykte teelwaardes vir die Drakensbergerrasse binne die volgende paar maande publiseer. In die toekoms sal die winsgewendste diere reeds op 'n jong ouderdom geïdentifiseer kan word. Dié bestuurshulpmiddel kan jare bespaar om nader aan die optimum winsgewende Drakensberger vir jou omgewing te kom,” sê mnr. Derick Orsmond van die stoetery Infracor op die plaas Nooitgedacht in die omgewing van Carolina, Mpumalanga. Sy “superkoei”, JA060069, is aangewys as Drakensbergerwenner in *Landbouweekblad* en SA Stamboek se Elite-Platinumkoei-kompetisie. JA060069 is 12



Een van die Drakensbergerrasse se spogkoei is die 12 jaar oue JA060069 van Infracor Stud Breeders. Hier is sy – dragtig met haar tiende kalf – saam met haar kalwers van 2016 en 2017. FOTO: Derick Orsmond.

PERSENTASIE VREKTES TOT SPEENOUDERDOM

	Drakensberger	Gemiddelde syfers van nege verskillende rasse
Aborsie	0.29	0.49
Doodgebore	1.3	2.24
Natuurlike oorsake	0.44	1.22
Bosluissiektes	0.51	1
Ander	0.68	1.21
Totaal	3.22	6.16
BRON: LNR IRENE		

jaar oud. Sy oortref steeds die rasgemiddelde vir geboortegewig, speengewig, gemiddelde daaglikse gewigstoename en voeromsettingsverhouding. Dit is hierdie tipe teelmateriaal in die ras wat die winsgewendheid van die Drakensberger help uitbou. “Ek het my laat lei deur Stamboek SA se inligting toe ek JA060069 aangekoop het. Sy kom oorspronklik van mnr. Johan Rautenbach se Jatro-stoetery op Lindley. Dit is altyd 'n goeie riglyn: Jy gaan die syfers na, kyk na wat die beste diere vir jou spesifieke toestande is, en sluit hulle by jou kudde in.” Dié superkoei is beslis 'n kurweknakker.

Haar kalwers se gemiddelde geboortegewig van 35,5 kg is 3,5% laer as die rasgemiddelde, maar met 'n speengewig (direk) wat 10,5% hoër as die rasgemiddelde is. Die gemiddelde daaglikse gewigstoename van haar kalwers is 26% hoër en hul voeromsettingsverhouding is 16% hoër as die rasgemiddelde.

Inligting van die Landbounavorsingsraad se Instituut vir Direreproduksie by Irene toon dat Drakensbergers onder alle beesrasse in Suid-Afrika die laagste voorkoms toon van siektes en kalfvrektes (sien die TABEL). As sodanig beteken dit moeitevrye, goedkoper bestuur, veral waar ekstensiewe weidingspraktyke toegepas word.

MARKNEIGINGS

Winsgewendheid word ook beïnvloed deur bemarkbare vleis, arbeidskoste en diersorg. “Die Drakensberger is een van die inheemse rasse wat ingesluit is in doktorale studies by die Universiteit van Pretoria,” sê Derick. “Een van die projekte lê daarop klem om die genotipering van diere goedkoper te maak vir die boer. Dit kan gedoen word deur 'n laedigheidsmerkerpaneel te ontwikkel. Dit sal help dat genomiese seleksie goedkoper word.”

Die tweede projek ondersoek die poenagen in die Drakensberger en ander inheemse rasse. “Daar is reeds vasgestel dat die Celtic-variant op chromosoom 1 (BTA1) verantwoordelik is vir poenskopdiere. Poenas hou verskeie voordele in vir die boer en dra by tot die bevordering van diersorg. Die doel van die projek is om 'n kommersiële diagnostiese toets te ontwikkel, spesifiek vir Suid-Afrikaanse rasse. “Só kan poenskoppe akkuraat, vinnig en goedkoop geneties geïdentifiseer word. Bevestiging van die poenagen in die Drakensberger ras is ver gevorder. Poenskopdiere kan by verskeie telers verkry word,” sê Derick.

Die vleisgehalte vir die eindverbruiker word wêreldwyd belangriker. Uitsonderlike premies word verkry vir snitte met beter marmering, maar dit is nog nie die norm by die algemene Suid-Afrikaanse verbruiker om op grond van vleisgehalte hul snitte te kies nie. Tog berei die ras hom strategies voor vir 'n kieskeuriger verbruikersmark.

Met die samewerking van SA Stamboek word ultrasoniese skanderings reeds geruime tyd by Drakensberger-groeitoetse ingesluit. Die marmeringsindeks word bepaal en talle telers selekteer vir diere met beter marmering. ■

Inleiding

DIE BOER AGTER DIE BEES

vanuit verskillende streke in Suider-Afrika

Die Drakensberger gaan net van krag tot krag omdat ons staan op die skouers van reuse in die beesbedryf. Beide die Bees en die Boer agter die Bees moet voortdurend aanpas by veranderende omstandighede. Die joernaal lig nie net die suksesverhale en uitdagings van die verlede en hede uit nie, maar skep ook die gemoedsrus dat ons ideaal geskik is om die uitdagings van die toekoms die hoof te bied. Drakensbergers speel op ons “tuisveld” want ons is inheems! Hierdie gedeelte van die joernaal bevat artikels wat die suksesverhale van Drakensberger boere bevat. Dit vertel ons meer van die boer agter die bees. Artikels in hierdie joernaal is gepubliseer in óf Afrikaans óf Engels. Die artikels waarvan ’n vertaalde weergawe ook beskikbaar is, het ’n QR-kode wat verwys na die Drakensberger SA webblad waar dit aanlyn beskikbaar is.



'n Lewe saam met DRAKENSBURGERS

Ons Viljee's boer al drie geslagte lank met Drakensberger-beeste. Oupa Piet het in 1930 al met swartbeeste en Uys-beeste geboer. Pa Piet het in 1939 by oom Jaap (Dwarsspruit) van Niekerk begin werk. Soos almal weet was oom Jaap een van die stigterslede van ons genootskap in 1947. Hy was my pa se mentor en het hy sy "stockmanship" en sy mening oor hoe die Drakensbergerbees moet lyk, aan hom oorgedra. Hy het weer sy onbegrensde liefde vir die swartbees met sy voortreflike eienskappe saam met sy kennis oor veeteling, aan my oorgedra. Ek is vanjaar 65 jaar oud. Net so oud soos die genootskap! Na my pa by oom Jaap weg is, om vir die jonger dr. J.J. van Niekerk by Mont Pelan te gaan boer, het oom Koos Botha op Dwarsspruit begin werk met dieselfde gevolge as wat my pa beleef het. Oom Koos het my pa se groot vriend geword en daarmee saam ook my mentor.

Daar is min mense wat sulke diep spore in Drakensbergerteling getrap het as oom Koos. Ek weet hoeveel duisende kilometer en dae weg van die boerdery af, het hy kaalvuis baklei om Drakensbergers en Uysbeestelers bymekaar te hou. By hom het ek 'n verdere skoot inspirasie en kennis gekry om met 'n nederige poging te help om ons beesras te ontwikkel.

Iets interessant: Oom Koos vertel dat sy sitplek aan etenstafel by oom Jaap se linkerhand was en al kom watter belangrike gaste, of familie kuier, is hy nie weggeskuif na 'n ander sitplek toe nie. My pa skryf in sy dagboek op oom Jaap se sterfdag, 29 Mei 1953: "Hy het my baie opgehelp, ek het by hom gekom met 10 skape en is weg van hom met 700 skape na 612jaar. Hy was vir my meer 'n vriend as 'n baas." So ook het tannie Susan, my ma Frits, na sy in 1942 met my pa getroud is, as huisvrou afgerig en geskool. My ma het uiters goeie herinneringe van hul dae op Dwarsspruit waar hulle soos oom Jaap se eie kinders behandel is.

So is 'n ketting oor ons beesras gevorm, want ek beskou Rudolph en Louis Botha as ware kenners van die Drakensbergerbees, wat hulle al lankal bewys het met hulle betrokkenheid by Drakensbergerteling.

Daar was egter baie ander telers en boere voor wie ek grootgeword het, wat op my 'n groot indruk gelaat het en wat as 'n gesamentlike krag ons beesras in die regte rigting gestuur het. Byvoorbeeld oom Freddie Benecke, John de Jager, Johan Klopper, M.K. Wessels, Bennie Pieterse, Izak Boshoff, Beukes Willemse, Neil Reinecke, Christo Cronje en Pierre Uys. Ander persone wat volgens my 'n groot rol gespeel het is ooms Joey Uys, Chris Vickery, Willem Pieterse, Piet Moolman, John Roos en Jaap van Niekerk (Snor).

Ongelukkig kon ek nie al die jare my kant bring ter bevordering van ons beeste nie, omdat ek 'n onderwyser en staatsamptenaar was. Daar was gelukkig die 6 en 'n half jaar wat ek by die Landbouskool op Morgenzon was, waarin ek my kon uitleef met die stigting van die Gloorwin Stoetery in 1975. Met deelydse boerdery by Volksrust, kon ek van 1976 af my in my eie boerdery uitleef. Pa

Piet is in 1986 oorlede en van toe af het ek ook beheer gekry oor die Rietkol Stoetery. In 2002 het ek uit die Onderwysdiens getree en kon ek my volle aandag aan die Drakensbergerras wy.

Die ontwikkeling van ons geliefde beesras was nie net 'n poging van die reeds genoemde persone nie. Ek huldig elke ander lid, amptenaar en ondersteuner van ons beesras, elke stoetteler en kommersiële teler wat oor geslagte lank ons bees as suiwer teeldier bevorder het. Julle het 'n monument nagelaat vir winsgewende vleisbeesteling landswyd.

Die grootste voorregte wat my te beurt geval het, was om te kon kwalifiseer as keurder; om vir 'n termyn op die raad te dien; en om aangewys te word as deel van die opleidingspan vir die junior leerder keurderskursus. Die hoogtepunt van elke jaar is die keuringstoere, wat ek kon meemaak; rasbevordering by Nampo; boeredae en skoue waar ons ras vertoon is. Dan ook die opleidingskursusse by Grootfontein Landboukollege, Morgenzon Landbou Akademie, Volksrust en Gryshoek. Dan die individuele besoeke aan nuwe lede en kommersiële telers op hulle plase.

Oor ons beeste: Of u nou saamstem of nie, die Drakensberger is nog dieselfde ou harde, taai, aangepaste bees van 65 jaar gelede. Gaan kyk maar na foto's in ou joernale. Ons het wel 'n bietjie meer bespierung, breedte en boud asook balans aan ons beeste gesit, maar die ekonomiese belangrike eienskappe is nog dieselfde as 65 jaar gelede. My pleidooi aan elke Drakensbergerteler is om eers met die oog en met "stockmanship" te selekteer en daarna die syfers en BLUP in die prentjie te bring.

Ons beesras is en bly 'n veldbees wat nie geklop kan word nie en prestasies in die voerkraal, slagskompetisies, Fase D en C toetse wys dat ons kompeteer in die boonste vyf beesrasse in Suid-Afrika.

'n Stukkie raad:

Moenie tyd mors nie! Toets jou beeste in jou eie voedingsomstandighede op jou plaas en verkry 'n stel indekse vir elke belangrike teelaspek en doelwit. Moenie net die bulkalwers toets nie, maar ook die verse, want die pelvismeting wat gedoen word, help jou om te selekteer vir die kalfgemak van jou koeie.

Laastens: Moet nooit jou geloof in God en Sy Skepping verloor nie, want dit is juis dit wat ons vir 65 jaar dra. Gelowige standvastige ouers en voorouers wat vir ons die Drakensberger aflostok aangegee het, het dit bewys.

(Opgedra aan elke lojale Drakensbergerteler). ■

BOERDERY GEDY

tussen Memel se heuwels

Daar is min kommersiële kuddes én stoeterye wat by Neuman-broers van die omgewing Vrede en Memel in die Oos-Vrystaat kan kers vashou as dit by veeboerdery, en spesifiek Drakensbergers, kom.

Neuman-broers bestaan uit mnre. Leonard en Rodney Neuman, wie se boerderybelange strek oor duisende hektaar waarop hulle met Drakensbergers, Merinoskape en vir hul melkery met Holsteins boer. Kontantgewasse word hoofsaaklik verbou om in voervloeibehoeftes te voorsien. Hulle is reeds sowat 40 jaar lank heeltyds aan die boer in dié omgewing.

Trouens, hulle word onder die grootste Drakensbergertelers in die land gereken en behaal jaar ná jaar van die beste gemiddelde veilingspryse in die land.

Hoewel die Neumans saam boer, is Rodney grootliks verantwoordelik vir die Drakensbergers se daaglikse bestuur. Hulle het twee Drakensbergerstoetskuddes, Frelon en Hymgert, en 'n groot kommersiële kudde.

In hul stoeterye én kommersiële kudde is prestasie in ekstensiewe toestande vir Rodney noodsaaklik. Veldbultoeite speel daarom 'n belangrike rol. Neuman-broers was die eerste Drakensbergerboere wat veldtoeite op die plaas onder beskerming van Veldbul Ram Suider-Afrika (VBRSA) uitgevoer het.

WINSGEWENDHEID

Maar, dit is nie vir toekennings, erbewyse of aansien waarvoor die Neumans boer nie. “Ons bemark speenkalwers. Dit is ons eerste besigheidsdoelwit met die Drakensbergers. Voerkrale is ons kliënte en ons kalwers is van 'n hoë gehalte en daarom gesog,” sê Rodney.

“Ek teel eerstens beeste vir die kommersiële mark. Voordat ek 'n stoetteler is, is ek 'n kommersiële boer. Ons toets die beeste op die veld, want as hulle hier presteer, sal hulle in die voerkraal presteer.”

Hul pa is oorlede toe die Neumans nog jonk was. Rodney was 18 en Leonard 20 jaar oud.

“Boerdery is 'n besigheid en as jy nie wins maak nie, maak dit nie

sin nie,” sê Leonard, wat beaam dat hulle hierdie les vroeg-vroeg moes leer.

“Ons het twee plase geërf: Excelsior waar ek boer, en Cork, waar Leonard woon,” sê Rodney. “Ons het 'n mengelmoes beeste ▶



Mnr. Rodney Neuman tussen sy Drakensbergers op die plaas Excelsior. FOTO: Liza Bohlmann.

OORSPRONG

Mnre. Rodney en Leonard Neuman is die derde geslag wat in die veebedryf betrokke is. Hulle oupa was 'n veespekulant. Hul pa, Hymie, het ernstig begin boer en was uit en uit 'n beeskenner. “My pa was eerstens 'n Uysbees-man. Vandag is die Uysbeeste en Drakensbergers een en dieselfde, maar in daardie jare was daar 'n groot vete onder telers. My pa het geglo in 'n funksionele tipe bees met byvoorbeeld 'n effense hangkruis wat volgens ervaring vir gemak met geboorte sorg. Hy was min gepla oor kosmetiese eienskappe by die beeste soos 'n kop met krullerige hare en horings wat op 'n spesifieke manier moet draai,” vertel Rodney. “Met sy ervaring van ander rasse was die Drakensberger die naaste aan 'n ideale ras vir ons omstandighede wat my pa kon kry.”



In 1974 het mnre. Hymie Neuman, pa van mnre. Rodney en Leonard Neuman, sy siening oor swart beeste en teelbeginsels in Landbouweekblad uiteengesit.



Koeie en bulle, hetsy in die stoet- of kommersiële kudde, móét in ekstensiewe omstandighede presteer. Die enkeles wat nie die mas opkom nie, word uitgeskot.

geërf, van Hereford, Angusse en Afrikaners tot Drakensbergers.”

Neuman-broers se Drakensbergerstoetery Hymgert is genoem na hul pa, Hymie, en ma, Gertie. Dit is in 1979 begin, maar hulle het steeds met ander rasse ook geboer.

Hulle vertel die waterskeiding het in 1980 gekom toe ’n verskriklike droogte hul gebied tref. Daar was teen die einde van die somer geen weiding op enige van hulle plase nie en die enigste beskikbare weiding wat te huur was, het tussen Winfield en Frankfort gelê.

“Dit sou ons te veel gekos het om die vee aan te ry, toe trek ons maar die trop van sowat 1 700 oor ’n afstand van tussen 120 km en 130 km. Ons het vier dae getrek om al die beeste by die nuwe weidings te kry, maar ons swart beeste het die roete binne drie dae afgelê,” vertel Rodney met bewondering.

“Aangesien ons al ons beeste op een plek byeengebring het voor ons eie Groot Trek, het die spul soos ’n indrukwekkende Smartieboks van beeste gelyk soos al die verskillende rasse se kleure gemeng het,” beduie Leonard. “Toe ons egter in Frankfort ingaan, is dit duidelik hoe ons trop swart beeste strate voor enige van die ander rasse aankom. Hulle het met gemak geloop, ver voor die ander, met my pa se Uys-beeste heel voor. Van die ander Europese rasse het ons tien stuks vee langs die pad verloor en eindelik het die aanvanklike groot trop in vyf verskillende troppe oor die vier dae aangekom. Tóé het ons mooi gesien dat Drakensbergers vasbyters is.”

Ook met die terugtog in September was dit die swart beeste wat ’n dag voor enige van die ander beesrasse by Cork se hek ingestap het.

“In daardie stadium was net sowat 50% van ons totale kudde Drakensbergers, maar dié les het ons laat besluit om die hele kudde na swart beeste te verander. Ons het die ander rasse begin uitkot en ons daarop toegespits om die Drakensbergers te vermeerder,” vertel Rodney.

“Talle van die groot kommersiële boere is ook Drakensbergerboere, want dit is ’n bees wat homself onderhou en min moeilikheid gee. Jy kan ekstensief met Drakensbergers boer sonder probleme,” sê Leonard.

VEILING

Tot vandag toe benut hulle die Drakensberger se uitstekende loopvermoë. Vanjaar hou hulle op 6 Augustus weer veiling en hou hulle duimvas dat hulle weer geseënd sal wees met die land se hoogste gemiddelde veilingspryse. Hulle hou die jaarlikse veiling op die plaas Newlands, wat naby aan die teerpad is.

“Dit is sowat 25 km se stap van hier af. Daardie bulle is reeds afgerond en veilingsgereed, maar stap met gemak daardie pad. Bulle met ’n goeie stapvermoë beteken dat hulle by meer koeie kan uitkom in dektyd en daarom selekteer ons ook vir dié eienskap,” verduidelik Rodney.

“Ons koop ook bulle in. As daar goeie teelmateriaal buite ons kudde is, sal ons dit aanskaf. Ek het verlede jaar ’n bul by die Gryshoek-stoetery gekoop en sien uit daarna om te sien hoe hy gaan vaar.”

GESONDHEIDSVORDELE

Die swart pigment van die vel beteken dat Drakensbergers hittetoestande goed verdra.

Die vel om die oog is ook swart en probleme met pienkoog of seer oë is vir hulle onbekend.

Drakensbergers kan as inheemse ras hitte én koue goed verwerk. ’n Gladde haarkleed en dik vel beteken minder probleme met bosluise en daarom ook ’n laer voorkoms van bosluisoordraagbare siektes.

Sterk kloue en pote beteken goeie loopvermoë. Wanneer weiding

TOPVEEBOERE

In Oktober 2012 is mnre. Leonard en Rodney Neuman by die Aldamvleisbeeskool aangewys as Molatekse Veeboer van die Jaar vir hul prestasie met stoet- en kommersiële Drakensbergerbeeste, Merinoskape en Holstein-melkbeeste. Prof. Frikkie Naser het in sy beoordelaarsterugvoering gesê die Neuman-broers het dit reggekry om hul boerdery te omskep in een van die winsgewendste boerderye in die land. “Met hul streng teelbeleid en duidelike doelwitte het die boerdery met verloop van jare in ’n modelboerdery ontwikkel.”



Mnre. Rodney (links) en Leonard Neuman ontvang die eerbewys as Molatekse Veeboer van die Jaar vir 2012. FOTO: Andries Gourus

skraps raak behou hulle goed kondisie omdat hulle weiding in selfs bergagtige dele benut en uitstekende voeromset het.

Koeie is goeie moeders met baie melk wat vir gesonde, stewige speenkalwers sorg.

LES GELEER

Een van die eienskappe van Drakensbergers is juis vrugbaarheid en daarom moet stoettelers versigtig met dié voordeel omgaan, meen Rodney.

Wanneer jy teelkoeie wil selekteer, is rekordhouding juis baie belangrik. Om op bloot sigwaarde te kies is gevaarlik, “want daardie mooi, vet koeie is dikwels die een wat nie daardie jaar gekalf het nie of wat haar kalf verloor het. Omdat sy oorgeslaan het of nie ’n kalf moes speen nie, is haar kondisie beter. Om daardie koeie te kies, beteken ook dat jy haar vrugbaarheidsprobleme kies,” sê Rodney, wat sê hy hierdie fout vroeg in sy loopbaan gemaak en gou daaruit geleer.

HOU REKORD

Die Neumans is groot voorstanders van veldbuldoetse en rekordhouding deur SA Stamboek.

In die stoeterye is daar sowat 1 000 beeste waarvan 600 koeie is. Elke een het ’n gebrandmerkte nommer, staalplaatjie met haar ID-nommer én ’n genommerde plastiekoorplaatjie vir rekordhouding.

Koeie word van November tot Januarie gepaar. Die stoetkudde se tussenkalfperiode is gemiddeld 390 dae.

“Op speenouderdom, 12 maande en 18 maande ouderdom, weeg ek my verskalwers. Bulkalwers word op speen geweeg, op 12 maande en daarna begin ons met die veldtoetse waar hulle een keer ’n maand geweeg word. Dr. Hannes Dreyer van die VBRSA is hier van groot hulp,” sê Rodney.

Die veldtoets duur van Oktober tot Maart. Benewens gewig word ’n kondisietelling gegee, ’n punt vir temperament, haarkleed, bespiering en aan die einde van die toetstydperk word die bekken en skrotums ook gemeet. Daarna word die bulle vir vrugbaarheid getoets voordat besluit word om met hulle te teel.

“Ons het groot sukses met hierdie aanslag, want nou teel ek ’n dier wat ook mooi lyk én presteer,” verduidelik Rodney. Leonard kry die laaste woord in: “Die resep vir ’n winsgewende boerdery is eenvoudig: Grond en swart beeste, dan het jy gewaarborgde sukses!” ■





NEUMAN BROS
DRAKENSBERGER AND MERINO

TEKEN AAN!

Neuman Broers se produksieveiling is die eerste Donderdag in Augustus van elke jaar.

'n Veiling wat jy nie mag mis nie.



Rodney: 082 746 8142 • rodney@neumandrakensbergers.co.za

@neumanfarming Neumandrakensbergers

BLINKSWART DIAMANTE

van die Maluti's

Bykans op die grens met Lesotho anderkant Ficksburg lê een van mnr. Henk Delpont se plase waar die Drakensbergers soos swart diamante in die namiddagson blink ná 'n bietjie reën.

Mnr. Henk Delpont boer heeltyds met gesaaides, Drakensbergers en wild. Mnr. Pieter Esterhuizen is sy sakevennoot wat al talle jare by die boerdery betrokke is. Dit is juis Pieter wat vir Henk instaan tydens *Landbouweekblad* se plaasbesoek, terwyl sy vennoot op amptelike Drakensberger-sake in Bloemfontein is.

Die plaas is in die streek se kenmerkende Malutigebergtes geleë met tientalle damme wat deur die afloopwater uit die kranse gevul word. Van bo van die bergtop af kan 'n mens die verskillende troppe van Henk-hulle se swart beeste duidelik sien.

“Dit is nou een ding van die Drakensberger, of die veld groen, bruin of wit van die kapok is, jy kan jou troppe baie mooi van baie ver sien,” sê Pieter.

Hulle boer egter op 'n baie wetenskapliker manier as om net vir die mooi, blinkswart beeste te kyk. Hierdie beeste is goud werd in dié wêreld.

PRODUKSIEREKORDHOUDING

Oorplaatjies word tydens produksierekordhouding vir maklike identifisering gebruik, maar hulle kyk ook na elektroniese opsies. “Ons ondersoek juis die moontlikheid van 'n hoëfrekwensie-RFID-oorplaatjie, maar ons het nog nie op 'n produk afgekom wat in ons vereistes voorsien nie,” sê Pieter.

Met radiofrekwensie-identiteitsplaatjies sal rekordhouding baie makliker toegepas word. Rekordhouding is vir hulle belangrik omdat hul kommersiële kudde op dieselfde wyse as hul stoetskudde bestuur word. Daar is sowat 1 200 diere in die kommersiële kudde en sowat 250 in die stoetskudde.

“Rekordhouding en bestuur loop vir ons hand aan hand,” sê Pieter.

Henk en Pieter het ook ander boerdery- en sakebelange. Hulle het onder meer ook plase met gesaaides by Bothaville en wild op 'n buurplaas by Ficksburg.

Die bergagtige dele van die plaas is getem met 'n groot padbouprojek en die aanplant van weidings om die Smutsvinger- en oulandsgas wat reeds op die plaas voorkom, aan te vul.

Troppe wei in die vallei, teen die voorheuwels, teen die kranse en bo-op die top van die tafelkop. Trouens, met die tog op teen die berg merk ons 'n paar koeie en kalwers wat doodluiters teen 'n krans wei – hier gaan veld nie verlore nie, want met hul bergklimvernuif benut Drakensbergers elke moontlike geleentheid om die streek se natuurlike suurveld te benut.

“Ons gee ook van Voermol en Molatek se onderhoudslekkie,

sny hooibale en baal ook sowat 30 ha lusern wat ons meestal terughou vir die winter. Bykomende rog en winterweidings word ook aangeplant en ons eksperimenteer met verskillende weidingsgewasse.”


GOEIE BULLE

Die afgelope ruk het hulle baie bestee in bulle van 'n goeie gehalte om gouer by hul ideaal uit te kom om self topklasbulle te verkoop.

“Ons wil aanhou om die kudde te verbeter en dit kan jy net regkry met selektiewe teling. Dit is hoekom die produksiesyfers vir ons uiters belangrik is,” sê Pieter.

Speenkalwers word op sowat sewe maande in Mei bemark. Hulle is reeds baie naby aan hul mikpunt om kalwers op sowat 230 kg te speen.

'n Verdere mikpunt is om die produktiwiteit per hektaar te verbeter met aangeplante weidings van tussen 600 ha en 800 ha wanneer hulle klaar is. ■



1. Mnr. Pieter Esterhuizen, vennoot van mnr. Henk Delpont, is baie tevrede met die prestasie van hul Drakensbergers.
2. Die bergagtigheid van die gebied skep nie vir die beeste 'n probleem nie.
3. Noukeurige rekordhouding vergemaklik die bestuur van die kommersiële én stoetskudde wat op dieselfde wyse bestuur word.

Drakensbergers GEE MIN PROBLEME

Hierdie chirurg streef na die voortdurende verbetering van sy diere. Dit is hoekom visuele beoordeling vir hom belangrik is, maar prestasietoetsing word nie agterweë gelaat nie.

Dr. Johann Fourie het aanvanklik in die Klerksdorp-omgewing begin boer op grond wat sy ouers besit het. Dit was 286 hektaar groot, maar mettertyd het hy dit aangevul met grond wat hy langs die oorspronklike plaas gekoop het. In 2007 het hy grond in die Molopo gekoop in die omgewing van Tosca en Bray waar hy tans sowat 'n derde van sy Drakensberger-kudde hou.

Die plaas se naam, Jakkalsfontein, kom van die oorsprong van die fontein, wat baie skelm uit 'n skeurtjie in die klippe kom. Die fontein is nie standhoudend nie, maar vloei slegs in die winter na gelang van die reënval deur die somer, verduidelik Johann.

“Die plaas is histories in die sin dat daar oorlog gemaak is tydens die Anglo-Boereoorlog. Daar is 'n graf op die plaas van 'n Boerekryger wat verkeerdlik geskiet is deur sy eie makkers – hy het die ‘verkeerde’ klerre aangehad en is nie betyds herken nie. 'n Mooi grafsteentjie merk die plek.”

Johann boer hoofsaaklik met Drakensbergers en het sowat 650 geregistreerde diere. Daar is 150 Wit Dorperskape en 'n bietjie wild wat hy somer vir die lekker aanhou. Die wild is op die Molopo-plaas en bestaan uit onder meer koedoes, gemsbokke en springbokke.

“Die beesboerdery se lekker is gesetel in eienskappe van diereboerdery wat vir my min probleme gee,” sê Johann. “Die goeie besetting van alle vroulike diere, geboortegemak met 'n lae kalvfrektesyfer, 'n hoë speenpersentasie en goeie speengewigte dra alles by tot die eienskappe van die Drakensberger waarvan ek hou.”

MAKLIKER BESTUUR

Omdat Johann eintlik 'n chirurg van beroep is, en dus baie besig is met dinge wat nie met sy boerdery te doen het nie, is die langlewendheid van die Drakensberger – manlike en vroulike diere – vir hom baie belangrik. “'n Ras wat die minste telefoonoproep



Die Drakensberger pas goed in droogtetoestande aan. Johann meen dit is een van die ras se beste eienskappe in die afgelope droë jare wat hulle beleef het.

oor probleme waarborg, is vir my baie belangrik.”

Vir weiding het Johann gemengde veld, suurveld en rantjieveld wat goed is in die somer, maar baie onsmaklik in die winter. Daar is dele wat soetveld is, “vir die winter natuurlik.” Ook sowat 'n vyfde van die oppervlak is aangeplante weiding wat in die jaarprogram inpas. Die Molopo-plaas is sowat 20% aangeplante weiding, borseltjie- en bloubuffelgras. Johann huur 1 400 hektaar vir weiding en die drakrag wissel van 6,5 hektaar tot 10 hektaar per grootvee-eenheid.

Die Drakensberger is inheems en uniek in baie opsigte, met gehardheid en behoue vrugbaarheid in droogtetoestande. Johann sê dit is die kenmerk wat vir hom tot groot voordeel gestrek het deur die afgelope paar jaar se voortslepende droogtes.

SUPERKOEI

“Met al die diere in albei streke in berekening gebring, is my kudde se dragtigheidspersentasie 94%. Die afgelope jaar is geen kalf dood tydens geboorte nie. Slegs een kalf is dood voor speen en dit is ▶

net omdat die weerlig dit doodgeslaan het.”

Dit is bewys dat die Drakensberger-koei swaarder word tydens laktasie. Die amptelike syfer wat deur die SA Stamboek gedokumenteer is, is gemiddeld 39 kg. “Dit is nog ’n eienskap wat vir my die boerdery minder intensief, maar tog doeltreffender maak.

“Wanneer na beesboerdery oorhoofs gekyk word en nie net na spesifieke eienskappe nie, maak die Drakensberger sin.”

Johann het net stoetdiere. Diere wat nie verder in die stoetery gebruik gaan word nie, word as kommersiële diere verkoop. Hy maak slegs van een teelt tyd gebruik – ’n somerkalftyd – hoofsaaklik geskoei op die beskikbaarheid van weiding.

“Hoewel ek tevrede is met die mense wat my boerderybelange behartig, mnre. Marius Tromp en Jaco Venter, is dit vir my moeilik om twee kalftye te behartig. Die plase is 400 km van mekaar. Voeg daarby groeitoetse, bemarking, vervoer en wat nog en dit is vanselfsprekend logisties moeilik.”

Vroulike diere moet produktief wees, dit is tog haar primêre doel. Diere wat nie dragtig is tydens ondersoek nie en waarvoor daar geen onderliggende rede vir nie-dragtigheid is nie, word uitgeskot.

Vroulike diere word gepaar op 20 tot 21 maande. Hy verkies om nie vroeër te begin nie omdat hy nie tyd vir ekstra probleme het nie. “Ek verpes die oproep wat my meedeel dat daar probleme met ’n geboorte is. Dit gebeur gelukkig min en ek wil dit so hou.”

Johann gebruik kunsmatige inseminasie (KI) en het al groot sukses daarmee gehad. “Ek insemineer vir ’n seisoen met ’n spesifieke bul en glo nie daaraan om te ‘speel’ met ’n klomp verskillende bulle ‘om te kyk wat gaan gebeur nie’.”

STOET EN PRESTASIE

Dit is vir Johann belangrik dat daar na prestasiedata gekyk word wanneer stoetteling ter sprake is. Visuele voorkoms is wat

eerste raakgesien word. “Van ver af sien jy dit mos eerste raak, die bouwvorm, die bespierung, lengte. Dán eers kyk jy na die syfers. En dit moet vir die stoetboer die bees wat hy voor hom sien, komplimenteer en verbetering in jou kudde verseker.”

Daarom, meen hy, moet die bees ook vir die koper ’n verbeterde diere wees op die pad vorentoe. “Dit is tog waarom stoetteling gaan – die voortdurende verbetering van diere.”

Die bulle word aan fase D-toetsing onderwerp. Dit is ’n groeitoets wat op die plaas gedoen word om die beste diere uit te wys. Dit word dikwels as gesamentlike toetse met ander telers gedoen. Daarna word die diere aan die keuringsvereistes en standarde van die genootskap onderwerp. Die diere wat nie die keuring slaag nie, word bemark.

VOERKRALE

Volgens Johann moet die kritiek op Drakensbergers deur sekere voerkrale in perspektief gesien word en om te verduidelik, het hy chirurgie as ’n voorbeeld geneem.

“Alle operasies het een uitkoms ten doel: Sukses. Tog praat ’n mens nie sommer oor suksesvolle operasies nie, maar sodra daar iets skeefloop, weet almal daarvan. Die Universiteit van Pretoria het hierdie kritiek teen die bees ondersoek en kon, uit die data van digby 600 000 diere, geen bewys vind wat die diskriminasie teen die Drakensberger regverdig nie.

“Studies is verlede jaar gedoen met 1 500 kalwers wat vooraf met verskillende middels vir verskillende groepe geïmmuniseer is. Die vrektesyfer was 0,4% met goeie groeisyfers.

Die groot geheim,” sê Johann, “is die skep van ’n werkende verhouding met die koper by die voerkraal. Kommunikasie van die verkoop tot die slag van die diere is noodsaaklik. Die teler wat trots is op sy kalwers en homself, sal ’n produk aanbied wat goed sal presteer.” ■



BO: Dr. Johann Fourie en sy vrou, Marianne.

REGS: Johann meen ’n bees se visuele voorkoms is baie belangrik omdat ’n boer dit eerste raaksien. FOTO’S: Verskaf.



DIE GRAS
IS ALTYD GROENER
AAN DIE DONKER KANT



WINSBEES PAS AAN

by jou bestuurstyl

Die vraag is nie óf jy gaan wins maak met jou Drakensbergers nie, maar hóéveel, sê die manne wat weet.

Twee van dié manne met wie Landbouweekblad oor Drakensberger gesels het, is mnre. Klaas Venter en Abrie Cronjé. Klaas is 'n groot saaiboer in die distrik Grootvlei en Abrie boer 'n ent vanaf Vrede saam met ander familieleden. Die ooreenkomste tussen Klaas en die Cronjés is dat hulle suksesvol is en onder meer met Drakensbergers, mielies en sojabone boer. Maar hier hou die ooreenkomste op. Hul sukses met Drakensbergers word op uiteenlopende maniere behaal, elkeen op sy eie manier wat by hulle betrokke boerderybesighede inskakel.

GROTER, MAKLIKER

Vir Klaas is die voordele van 'n groot kudde 'n faktor wat by sy saaiplaas inskakel en kontantvloei verseker met die verkoop van speenkalwers.

Sy kudde van sowat 3 500 tot 4 000 Drakensbergers benut sy plaas se natuurlike weiding, wat hoofsaaklik uit rooigras in die somer en die bykomende hektare van sy gesaaides se mieliereste in die winter bestaan.

Klaas se skuur staan vol John Deere-trekkers, stropers en werktuie. Hy is vanjaar bekommerd oor die reën wat maar net nie wou val toe dit moes nie. Sy gesaaides is die hooftokus in sy boerdery wat hy op eie houtjie van die grond af opgebou het. Die een deel van sy boerdery waarvoor hy nie bekommerd is nie, is sy Drakensbergers.

En dit is juis hoekom hy so lief is vir dié taai, inheemse ras wat sy hande losmaak om sy gesaaides te bestuur en graan te verhandel.

Ten spyte van die minimale bestuur wat hy toepas, tel sy kommersiële kudde vandag onder die grootstes in die land en hy is tevrede met die inkomste wat sy speenkalwers vir hom inbring. "Ons speen hulle op so ses of sewe maande en mik vir 'n speengewig van tussen 200 kg en 230 kg."



Bulle met 'n goeie werkvermoë en wat in die veldtoetse goed geprester het, word in mnre. Abrie Cronjé se kudde gebruik. FOTO'S: Liza Bohlmann.

CRONJÉS MEET OM TE WEE

Abrie Cronjé boer saam met sy pa en broer wat hoofsaaklik na die gesaaides omsien, en sy neef, wat die hoenderplaas bedryf.

Die Cronjés het 'n kommersiële beeskudde wat bestaan uit Drakensbergers, rooi beeste en Bovelders. Met sy doelwit om self bulle te bemark en om die stoettelery wat hulle eens gehad het, weer op die been te bring, gebruik Abrie 'n wetenskaplike benadering tot sy kudde. Prestasiemeting en 'n noukeurige teelbeleid geld op dié plaas.

"Hoewel ons tans net kommersieel met Drakensbergers boer, neem ons steeds deel aan veldbultoele wat die veldbulklub se ▶



'n Reusekudde wat min sorg nodig het en duisende speenkalwers per jaar lewer, is deel van mnre. Klaas Venter se suksesverhaal met Drakensbergers.

fase C-toets insluit,” vertel Abrie, wat byvoeg dat hulle tans ’n groep van 40 jong bulle in die veldtoets het.


- Contact Max Mxabo at 082 741 7524, or max.pondonews@gmail.com.
- Contact the Drakensberger Cattle Breeders’ Society of South Africa at 051 410 0974, or ronande@studbook.co.za

The Royal Drakensbergers **OF LESOTHO**

Lesotho's royal grazing land is remote and harsh, at an elevation of 2 275m and with temperatures sometimes dropping to -12°C. Despite these unforgiving conditions, the 580 Drakensberger cattle that run on this land thrive. Annelie Coleman spoke to Lesotho's King Letsie III about this remarkable herd.

Lesotho's reigning monarch, King Letsie III, succeeded his father, King Moshoeshoe II, in 1996. The latter had introduced Drakensbergers into his royal herd in the early 1970s, but the majority of the current Drakensberger herd is primarily made up of the progeny of a bull and ten heifers donated to King Moshoeshoe by the South African Drakensberger Cattle Breeders' Society later that decade. The 580-strong herd is kept on the royal grazing grasslands at Semonkong ('Place of Smoke') located in the Maseru district of the country. The grazing land is called Mphatsoenyane, after the stream that flows through it. It is harsh, mountainous terrain and cattle herders monitor the herd on foot or on horseback. In winter, temperatures can plummet, but the herd remains hardy and strong, according to King Letsie.

"Snow occurs regularly in June, July and August, with very little or no effect on the animals," he says.

A WELL-ADAPTED BREED

The Drakensberger's history in Africa is long, and its genetics have been perfected over hundreds of years. The breed excels under the widest Southern African conditions – from alpine Lesotho to arid Namibia. Indeed, Carel Nel, South African Drakensberger breeder and advisor to King Letsie, highlights the breed's survival during the Great Trek, a time during which no vaccines, antibiotics and tick remedies were available. The breed does well on Semonkong's relatively unpalatable sourveld, with its high fibre content and reduced nutritional content. The animals do not receive supplementary feed but do receive a summer lick and winter protein lick.

"The breed's exceptional walking abilities and indiscriminate grazing habits are of the essence, because the animals must be able to maintain themselves on the veld through the winter," says Nel.



King Letsie and his Drakensberger advisor, Carel Nel. Nel is encouraging the monarch to branch out into stud breeding, owing to the exceptional quality of the herd. PHOTOS: Annelie Coleman.



Drakensbergers are well-adapted to the fibrous sourveld grazing at Semonkong, and receive no supplemental feed.

During *Farmer's Weekly's* visit to Semonkong, King Letsie singled out a group of 86 cows that dropped 86 calves in the 2016/2017 breeding season. This achievement, he says, underscores the Drakensbergers' exceptional fertility. The breed's high milk production and strong mothering instincts means a high weaning percentage, although no formal production records are kept. King Letsie maintains a single-season, multi-sire breeding season that lasts from about the end of December until the end of March.

The animals are inoculated annually against botulism, black quarter and gall sickness, but rarely suffer from disease. They are raised on the veld and live off the veld, and their progeny is superbly adapted to veld conditions, according to King Letsie.

"Coupled with calving ease, the Drakensberger is by far the best breed to farm under extensive conditions. Because of the ruggedness of the terrain, we cannot afford to pussyfoot about with the cattle. My Drakensbergers allow for trouble-free management under extreme conditions," he says.

BUILDING THE COMMERCIAL BEEF INDUSTRY

In Lesotho, cattle breeding is in its infancy, and King Letsie does not regard it as an economic activity. Presently, cattle are used mainly as working animals, and their meat is often used ceremonially at formal gatherings, such as weddings and funerals. The monarch's long-term objective is to establish a commercial beef cattle breeding sector, similar to the country's wool and mohair production industries.

"Cattle owners who want to sell some animals are forced to bring their animals to Maseru and barter them at the informal markets. The animals are kept along the roadsides of the city to be sold. We need a formal marketing process where buyers and sellers come together in an orderly fashion. This will ensure long-term, sustainable and profitable beef production in my country."

A SUPERB FEED CONVERTER

King Letsie describes the Drakensberger as a functional, effective and affordable breed that gives producers an opportunity to realise good profits with low input costs. He says it is an excellent feed converter and its delicate bone structure ensures an improved dressing percentage. He therefore wishes to expand the Drakensberger breed as widely as possible in order to establish an additional stream of income for Lesotho's farmers.

Nel explains that, from the onset, the emphasis on breeding Drakensbergers was for the improvement of important economic traits. "These include adaptability, fertility, high milk production, low



According to King Letsie Drakensbergers are excellent feed converters.



TOP: King Letsie III and Carel Nel.

ABOVE: Drakensberger cows are strong milkers and easy calvers, making them the top contenders for beef cattle production under extensive conditions.

mortality, growth, feed conversion and carcass quality."

He is encouraging the monarch to expand his operation into breeding stud animals, as some of the animals in the herd are of outstanding quality.

A productive beef cattle industry could also markedly reduce the country's dependence on imported beef.

King Letsie has in the past put some of his cattle on auction in South Africa, but found the process laborious and with too much red tape. He believes that the solution for Lesotho would be to establish a feedlot to supply the existing abattoir in Maseru. The Drakensberger, he argues, is the ideal breed to get such an endeavour off the ground, as it is an indigenous African cattle breed, bred and developed through natural and scientifically based selection, resulting in adaptability, hardiness and natural resistance against ticks and tick-borne diseases.

So much faith does King Letsie have in the future of the breed in Lesotho that he is already naming some of his cattle after his 10-year old son, Prince Lerotholi. Some of the cattle also carry the brand of his father, King Moshoeshoe II.

"The Drakensberger is, in my opinion, by far the best choice for us to get viable commercial beef breeding off the ground in Lesotho," he says.

He attributes much of his success to the support of his brother, Prince Seeiso Bereng Seeiso, and his uncle, Chief Masupha Seeiso.

"This really is an African breed bred for African conditions. Our herd has proven its exceptional attributes over the decades in the rugged mountains of Lesotho. These black cattle are the answer to sustainable and profitable beef cattle farming in our country." ■

- E-mail Carel Nel at carelnel02@telkomsa.net.
- Contact the Drakensberger Cattle Breeders' Society of South Africa at 051 410 0974, or email ronande@studbook.co.za

BLACK FOX

Ons is almal dit eens: Die Drakensberger is ryk aan geskiedenis. Ek vorm deel van die geskiedenis met die eerste aankoop van Uys-beeste uit die Heilbron-distrik in 1974. Twee bulle, Hoogte Thys en Hoogte Kerneels en sewe koeie.

Die dae van die gevreesde plaastelefoon-oproep en “nommer asseblief”, met die boodskap “Die koei, hy sukkel...,” het tot ’n groot mate verdwyn. Kalwingsprobleme is nie Drakensbergers se sterkpunt nie.

Deelname aan keuringstoere het my laat besef ek kon vertrou hê in die genetica wat op daardie stadium in my kudde teenwoordig was. In 2003 het ek die stoetbedryf betree. Individue wat die grootste impak op my kudde gemaak het, is Louis Nel (Nello) en Carel Nel (Grasmunt). Hierdie telers is ook my vriende en adviseurs. Die invloed van manlike en vroulike diere, bekom uit die onderskeie kuddes, speel steeds ’n betekenisvolle rol in my kudde.

Die administratiewe deel van my kudde word hanteer deur nog ’n vriend, Magiel Blom, sonder wie se advies en ondersteuning ek

beswaarlik die data korrek kan aanteken en aanwend.

My stoet se naam is Black Fox, afgelei van swart beeste en die plaasnaam, Jakkalsfontein.

In 2007 tref die droogte diep en koop ek ’n stukkie grond aan in die Molopo. 45 Koeie en twee bulle word daarheen geskuif en ek maak geskiedenis deur dáár met Drakensbergers te boer. Ek word ook deel van die ‘Langs ver paaie’ Drakensberger groep, met medeboere in Namibië en die Kalahari.

Die Black Fox stoet bestaan uit sowat 300 teelkoeie en deel van my geskiedenis is om diere te teel wat in uiters uitdagende omstandighede presteer. Die doelwit is die teel van diere waarmee ek self wil aanhou boer, wat ook in ander boere se kuddes ’n positiewe impak sal maak. Anders is ek en my Black Fox stoet, geskiedenis. Daardie aspirasie het ek geensins nie.

Dr. Johann Fourie



BLYDE STOET

Geslagte Van der Merwes se verbintenis met beeste het begin lank voordat Blyde Stoet ontstaan het. Gedurende die 1950's was Eli se Pa, Oupa Willie van der Merwe, betrokke by die ontwikkeling van die Bonsmara-ras. Van die eerste F3 en F4 Bonsmara-bulle is by boere uitgeplaas en Willie het so ’n bul bekom en op sy Afrikaner koeie gebruik. Na sy dood, het sy vrou, Ouma Nine, verder met dié beeste geboer.

Eli en Shirley het in 1981, 20 kommersiële Drakensberger verse en ’n bul by Johannes Vos van Ermelo gekoop. Kort daarna het Eli begin om die kalfies en moeders by geboorte te weeg. Die gewigte is by LNR ingedien. In 1990 het die Blyde Stoet begin en die meerderheid van die kommersiële Drakensberger beeste is as eerste aanvaardings opgeneem.

Sedert 2014 word al Blyde Stoet se bulletjies en versies deur ’n ekstensiewe Fase D Plaas-groeitoets gesit en tydens die afsluiting word almal ook geskandeer om die karkaseienskappe te meet. Die

Fase D evaluasie van beide geslagte het daartoe gelei dat Blyde Stoet Drakensbergers BLUP teelwaardes het met hoë akkuraathede.

Vandag is Blyde Stoet een van slegs twee kuddes van al die bees-rasse in Suid-Afrika wat ook vroulike diere deur die Fase D toets sit.

Gedurende die laaste 32 jaar het Blyde Stoet bulle ingekoop van verskeie medetelers. Spesiale bulle het ’n groot verskil in ons kudde gemaak. Bulle wat onthou kan word vir hul impak is PU 050017, wat Oom Pierre Uys uit die veld tussen die koeie gaan uithaal het, JA 050004, JA 100044 en die GR bulle van Oom Gawie en Frik Roux.

Ons bedank medetelers, Stamboek se genetici, stelsels en data-ontleding en lojale personeel wat bygedra het tot Blyde Stoet se sukses.

*Eli en Shirley van der Merwe
Dries en Ingrid de Bruyn*

Blyde Stoet

JESUMAR

Die Jesumar Drakensbergerkudde het sy ontstaan in 2004 met die aankoop van die eerste diere op ’n 6+ veiling gehad. Sedert die begin was kwantiteit nooit ’n opsie nie. Met elke veiling is die diere wat by die kudde se teelbeleid sou inpas, aangekoop.

Deur die jare het die teeldeelwitte nooit verander nie. Daar word gestreef na vrugbare diere met goeie groei- en melk eienskappe. Ten einde vinniger sukses te behaal word bulle ingekoop wat aan hierdie vereistes voldoen.

Syfers is belangrik en speel ’n noemenswaardige rol in die seleksieproses. Dit is maklik om fenotipiese regstellings te doen omdat foute of probleme sigbaar is. Genetiese gebreke of tekortkominge is baie moeiliker aangesien manlike eienskappe eers in die eerste generasie, en vroulike eienskappe in die tweede generasie na vore kom.

Met ’n streng keuringsbeleid het Jesumar homself gevestig as ’n kudde wat sy plek kan volstaan in die Drakensberger ras. Daar word gestreef daarna om die kudde voortdurend te verbeter ten einde verbeterde genetiese materiaal aan die kommersiële boere van Suid-Afrika te voorsien.

Ons wens die Drakensberger Beestelersgenootskap geluk met hul 75ste bestaansjaar. Dankie vir elke persoon wat help bou het aan die ras tot waar hy vandag staan. Dit is voorwaar ’n voorreg om deel van só ’n genootskap te wees. Mag die volgende 75 jaar net so voorspoedig wees.

*Neels Wilken
Freddie Wasserfall*

Jesumar
DRAKENSBERGERS

NEUMAN BROERS

Gegewe die aantekening van 'n stoet Drakensberger bul "Holnek laksman" wat Hymie Neuman in 1958 gekoop het, kan daar bevestig word dat ons familie toe reeds met die swart beeste geboer het.

In 1979 het Neuman Broers by die Drakensberger Beestelers-genootskap as Hymert Drakensberger stoetery aangesluit. Die stoetery is vernoem na ons pa, Hymie en ma, Gertie. Op daardie stadium was daar nog met ander rasse ook geboer.

Met die verskriklike droogte in 1980 het ons 'n kopskuif gemaak siende dat daar geen meer weiding op enige van ons plase was nie. Die enigste beskikbare weiding wat te huur was, het tussen Frankfort en Winfield gelê. Dit het finansieel nie sin gemaak om die vee aan te ry nie, daarom het ons die trop koeie oor 'n afstand van 125km laat trek. Ons het vier dae getrek om al die beeste by die nuwe weiding te kry. Ons swart beeste het die roete binne drie dae afgelê. My pa se Uys-beeste het met gemak heel voor geloop. Van die ander Europese rasse het ons tien-stuks vee langs die pad verloor.

Ook met die terugtog in September, was dit die swart beeste wat

'n dag voor enige ander beesras by ons plaashek in gestap het. In daardie stadium was net 50% van ons totale kudde Drakensbergers, maar die les het ons laat besluit om die hele kudde na swart te verander.


In 2002 het ons die hele Frelon stoetery van wyle Mnr. Pieter Botha gekoop.

'n Veldbultoeis is in 2005 op die plaas begin. Dit was die eerste Drakensberger kudde wat deur so 'n toets gegaan het, en dit was onder die beskerming van Veldbul SA.

Op die ouderdom van twee jaar, nadat bulle die veldtoets suksesvol geslaag het, word hulle in ons eie kudde gebruik, waarna die beste vyftig op drie-jarige ouderdom verkoop word op ons veiling.

Ons eerste veldbul-veiling is in 2008 gehou en het nasionale rekordpryse behaal. Hierdie veiling word steeds elke eerste Donderdag in Augustus aangebied.

Rodney Neuman



RIETKOL

Die Rietkol-stoet se oorsprong het begin in 1938. My pa het by Oom Jaap van Niekerk, stigterslid van die DBTG, as plaasvoorman op Dwarsspruit begin werk. Hier het hy kennis gemaak met hierdie voortrefflike beesras. Pa het 'n klein stoetery, die Pelaa-stoet, begin in 1947. Na ons na Rietfontein verhuis het, het hy sy stoetverse aan die Magdaskop-stoet verkoop, maar steeds sy volwasse geregisteerde koeie behou. Hy was maar altyd die bul-teler van Drakensberger-bulle, wat vir bure en kennisse goeie materiaal verskaf het, al was hulle nie in 'n stoet geregistreer nie.

Die Rietkol-stoet is in 1967 gestig en al die kommersiële beeste is as F3 en F4 in die genootskap opgeneem. Hy was 'n keurder sedert 1976 en het met sy "stockmanship" kennis en liefde vir die bees, 'n nederige bydrae gemaak tot die sukses van die Drakensberger bees. Hy het van tyd tot tyd groepe koeie aan bestaande en nuwe stoet-telers verkoop. So het die Nelle van Brandfort by geleentheid 40 koeie by ons gekoop, om by hulle stoetery te voeg. My pa is

in 1986 oorlede en ek het die voorreg gehad om die Rietkol stoet vorentoe te neem.


Ons het in 2005 by Veldbul SA aangesluit om die prestasietoetsing van die LNR en Stamboek te komplementeer met veldsyfers om ons bees se intrinsieke eienskap van veldbees beter te toets. Bulle word jaarliks by die SHDK Veiling verkoop, asook aan jarelange kliënte op die plaas.

In die volgende hoofstuk gaan die volledige Rietkol-stoet die eiendom van ons bure sedert 1958, die Lombards, word. Ek gaan 'n klein stoetery stig, die Lokteir Stoetery en sal steeds betrokke bly as keurder, opleier en promotor vir die beste veldbeesras in SA.

Gelukwense aan die Genootskap met 75 goue jare.

My pleidooi aan telers, koester en keur jou beeste streng en hulle vat jou na 'n winsbeesboerdery.

Piet de Villiers



ROUVUS

Oupa Frik het al met alle beeste geboer en op aanbeveling van Mnr. Oosthuizen, veekundige van Potch Landboukollege, het hy in ongeveer 1968 Drakensberger-bulle aangekoop. Die suiwer Drakensbergerkalwers het die swaarste geweeg en hulle moeders se reproduksie-eienskappe was die beste. Die vermoë om te herstel na droogtes, saam met vele ander voordele het Pa Gawie aangespoor om met geregisteerde diere te begin boer. Die eerste vroulike diere was vanuit Romarius, Vikery en MK Wessels se kuddes aangekoop. Hierdie vroulike diere het die basis van Rouvus gevorm wat in 1976 tot stand gekom het.

Pa Gawie was by alle vorme van meet betrokke. Voeromsetting was Pa se gunsteling en met die oopmaak van die eerste Fase C sentrums in 1983, het Rouvus deelgeneem.

Rouvus, saam met die Vrystaatse Drakensbergerklub het fase D intensiewe toetse gedoen, maar met 'n droogte in 1999 en 'n tekort aan hooi kon die toetse nie geskied nie.

Hierdie droogte het daartoe gelei dat al Rouvus se bulkalwers na die Sernick fase C toetssentrum geneem is. Met soveel meer sinvolle inligting wou ons voortaan geen ander seleksiemetode

gebruik nie. Pa Gawie het egter aanhou glo, "om te meet is om te weet", want dit maak ekonomies sin. Hierdie metode het verander tydens die oprigting van ons eie toetsstasie. Die bulle met die beste eienskappe (veral die reproduksiewaardes van moeders en oumas) word nou in die stoet gebruik.


Die Rouvus-stoetery se privaat toetssentrum het sy deure in 2007 geopen en sedertdien só uitgebrei, dat daar vandag veertien vreetpunte is.

Die stoet is sedert die einde van 2010 tot in Februarie 2014 deur erge droogte geteister. Ondanks bitter min weiding, het die diere steeds hul kondisie behou en was hulle besonder goed dragtig.

Rouvus het reeds voor die amptelike gebruik van skandering in 2000 daarby betrokke geraak en gebruik dit sedertdien deurlopend om marmering, onderhuidse vet, die grootte van die oogspier en vleisopbrengs te bepaal.

Die kudde het vanjaar in die Vleissentraal/SA Stamboek Nasionale Elite 2022 Stoetkudde van die jaar die derde plek verower.

Frik Roux



Drakensbergers WYS HUL STAAL



Dit is nie die kudde met die beste speenpersentasie en swaarste speenkalwers wat die mees ekonomiese is nie, maar die kudde wat dié mikpunte met die minste koste kan bereik. En hier is die Drakensberger koning.

Vir die afgelope drie jaar bring beesboere in die Witkoppegebied naby Memel speenkalwers byeen en word hulle vir die mark gevoer. Omdat verskillende rasse en tipes so saamgegooi word, is dit baie interessant om te sien watter tipe beeste die beste groei.

Die voerprojek vind die afgelope twee jaar by Marthinus Willemse op sy plaas Matilda plaas. Altesaam 130 kalwers het in Mei 2016 aangekom en die eerste formele weging was op 25 Mei. Die laaste kalwers is op 19 September geslag. Die broers Beukes en Marthinus Willemse het tussen hulle 30 Drakensberger-kalwers ingeskryf. Hiervan het sewe in die top 20 mees ekonomiese groeiers geëindig.

“Ons oorspronklike versoek aan die deelnemers was dat ons kalwers tussen 180 en 260kg wou hê, maar op die ou end is sowat 30 kalwers ingeskryf wat heelwat swaarder was. Hulle is dus ook vroeër uitgelaai. Volgens ons somme is die ligter kalwers deur die bank baie meer ekonomies om te voer.”

DAAGLIKSE GEWIGSTOENAME

Die kalwers is in drie groepe geklassifiseer – ’n ligte, medium en swaar groep. Al die kalwers het egter in dieselfde kraal gestaan en het ewe veel toegang tot die voerbakke gehad. Die daaglikse gewigstoename is dus bepaal op grond van ’n gemiddelde inname per kalf, wat natuurlik nie voorsiening maak vir moontlike afwykings in individuele innames nie.

Die kalwers is vyf keer geweeg en elke keer is die gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) bereken. Die gemiddelde GDT vir al 130 kalwers was 1,2kg, terwyl die 30 Drakensbergers ’n gemiddeld van 1,44kg behaal het.

Uit die top 20 beste presteerders het Beukes vier en Marthinus drie Drakensberger-kalwers gehad. Die res van die top 20 kalwers het aan agt verskillende boere behoort.

IDENTIESE OMSTANDIGHED

“Hoewel hierdie ’n baie rowwe voertoets was en sekerlik heelwat verfyn kan word aan ons metode van meting, is al die kalwers presies eenders behandel en hulle het dieselfde toegang tot voer gehad. Onder hierdie identiese omstandighede het sekeres beter presteer as ander, en dit is vir ons die belangrike punt. ’n Mens kan in hierdie verband nie die Drakensberger se prestasie ignoreer nie,” verduidelik Marthinus.

Wat individuele prestasie betref, het twee kalwers ’n gemiddelde GDT van 2,0 behaal. Die beste prestasie onder die Drakensbergers was twee kalwers wat GDT’s van 1,9 behaal het en drie met 1,8.

Marthinus beklemtoon dat die goeie GDT’s van die Drakensbergers, in vergelyking met die gemiddelde prestasie van die groep, weereens illustreer dat die Drakensberger geen tree hoeft terug te staan vir ander rasse en tipes by voerkraalprestasie nie.

’N UITERS EKONOMIESE BEES

“Die toets het bevestig dat die Drakensberger ’n uiters ekonomiese bees is. Hierdie prestasie in die voerkraal is die een deel. Die ander is dat hierdie kalwers uit ’n hoogs doeltreffende koeikudde kom wat min insette vereis. Dis voorwaar ’n wensituasie.”

Wat verder met die metode van berekening vir die bepaling vir die mees ekonomiese groeiers bevestig is, sê Marthinus, is dat dit nie die swaarste, mooiste en grootste kalf op die oog is wat noodwendig die mees ekonomiese bees is nie, en ook nie noodwendig die een met die beste GDT nie.

“Hy groei so lekker, want hy vreet so lekker en dit kos geld! Dit is die kalf wat met die minste kos die beste groei, nie die groot kalf wat die meeste vreet en die meeste groei nie.”

Ook by die koeie, beklemtoon hy, is dit nie die kudde met die beste speenpersentasie en swaarste speenkalwers wat die mees ekonomiese is nie. “Dit gaan oor die kudde wat dié mikpunte met die minste koste kan bereik, en dit is waar die Drakensberger kop en skouers bo enige ras uitstaan.” ■

Vir meer inligting, skakel Marthinus Willemse by 072 660 9070, die Drakensberger Beestelersgenootskap by 051 410 0974 of besoek die webtuiste www.drakensbergers.co.za.



26ste
PRODUKSIEVEILING

DONDERDAG
21 JULIE 2022
KALKFONTEIN • VENTERSBURG

DV die derde Donderdag van Julie jaarliks



AANBOD

40 STOET-
BULLE **100** KOMMERSIËLE
VROULIKE DIERE

VIR MEER INLIGTING:

Gawie 083 264 5487 | Frik 083 455 1264



Kies die regte teelmateriaal **VIR GOEIE VLEISPRODUKSIE**

Rouvus-boerdery onder leiding van oupa Frik het met alle soort beeste geboer. Nadat pa Gawie in 1968 Drakensbergers aangeskaf het, het die ras strate beter geprester as al die ander rasse waarmee ons geboer het. Daarom die oorskakeling na net Drakensbergers, sê mnre. Gawie en Frik Roux, die pa-en-seun-kombinasie van Rouvus Drakensbergers.

“Bykomende oorwegings was dat die Drakensberger gereeld kalf en vinnig ná droogtes en winters herstel,” sê Gawie.

In 1976 is pa Gawie se eerste stoetkalfers gebore. “Toe ek in 1986 ’n *Farmers’ Weekly*-eerbewys vir een van ons koeie ontvang, het ek verneem van fase C-toetse waar die voeromsettingsverhouding (VOV) gemeet word. Sedert 2007 word fase C-toetse by die Rouvus-vergelykingsentrum gedoen.”

Deesdae speel tegnologie ’n belangrike rol vir die veeboer. “Dit is maklik om die beter diere vinniger te identifiseer op grond van hul teelwaardes en produksie-data. Rekenaarprogramme vergemaklik die paringsproses aansienlik en daarom kan ons met gemak selfgeteelde bulle gebruik.”

Die bulle word volledig geëvalueer. Die gemiddelde daaglikse gewigstoename, VOV, hoogte, lengte, oogspiergrootte, vel- dikte, skrotumomtrek asook vetneerslag en marmering word bepaal ná die toets van 84 dae. Diere wat slaag word deur die genootskap gekeur, en dié bulle word dan in veldtoestande aangehou met ’n somer- of winterlek na gelang van die seisoen. Van die top-bulle word dan met verse gepaar.

In die daaropvolgende seisoen word met uitgesoekte bulle geteel. Die Roux’s gebruik een teeltyd – van die laaste week in November tot aan die begin van Maart. “Ons pluk nou die vrugte van diere met ’n beter VOV. Die kudde se kalf- en speenpersentasie is bo 88. Die grootste demper op dié syfer is veediefstal.”

Twee jaar oue bulle word gepaar met stoet- en kommersiële vroulike diere, en op drie jaar word bulle op die jaarlikse produksieveiling aangebied.

Met met die korrekte teelmateriaal verkry jy gemete VOV met betroubare teelwaardes. VOV is die mees ekonomiese waarde van beesboerdery.



Laat bewei jou plaas **WEER WINSGEWEND**



Mnr. Danie Slabbert, Drakensberger- en saaiboer van die plaas Van Rooyenswoning by Reitz.
FOTO's: Liza Bohlmann.

Ultrahoëdrukstrookbeweiding is een van die sinvolste maniere om 'n winsgewende balans tussen weidingverbetering en diereproduksie te skep. Boonop skakel dit uitstekend by herlewingslandboupraktyke in.

Groter veerkragtigheid en 'n gesonde verskeidenheid grasspesies was die grootste voordele vir sy plaas nadat hy in 2017 van selektiewe laedrukbeweiding na nie-selektiewe ultrahoëdrukbeweiding oorgeskakel het, sê mnr. Danie Slabbert, Oos-Vrystaatse herlewingslandbouboer.

Hy volg die beginsels van ultrahoëdrukstrookbeweiding wat deur pioniers soos mnr. André Lund verfyn is. Die gebruik van Drakensbergers in 'n stelsel waar ultrahoëdrukstrookbeweiding geld, is op Slabbert se plaas in die distrik Reitz besigtig tydens *Landbouweekblad* se herlewingslandboukonferensie. Die konferensie is met die samewerking van die Riemland-studiegroep en Graan SA aangebied.

Slabbert het binne 'n betreklik kort tydperk van minder as twee jaar opgelet hoe die spesie-samestelling van die veld gediversifiseer het nadat hy ultrahoëdrukstrookbeweiding begin toepas het. Breëblaargrassoorte, kruie, veldblomme en natuurlike klawer begin nou minder voedsame grassoorte, soos steekgras, vervang.

HULPBRONNE

Slabbert verduidelik dat voervloeibepanning op sy plaas makliker is omdat hy 'n saaiboer én 'n veeboer is.

“Eintlik is ek 'n grondboer, want dit maak nie saak of ek vleis of mielies produseer nie, die hulpbron is grond.”

Sy seisoenale weiskedule lyk só: Van Desember tot April is sy Drakensbergers op die veld. Van einde April tot Mei wei die beeste op dekgewasse wat hy ná aartappels plant. Van Mei tot Augustus gebruik hy mieliereste vir winterweiding. Vanaf Augustus tot November wei die beeste weer op lande waar 'n multispesie-

dekgewasmengsel geplant is.

“Die gebruik van dekgewasse is 'n fantastiese nuwe praktyk in ons boerdery. Ek gebruik ultrahoëdrukstrookbeweiding op alle lande, hetsy veld, dekgewasse of mielie-oesreste. Die beeste se trapaksie, speeksel, urine en mis werk in simbiose met die natuur – van vlieë en miskruiers tot voëls en die lewe in en onder die grond.

“Dit is fantasties om te sien hoe die biodiversiteit en natuur terugkom as jy haar toelaat.”

REHABILITASIE

Volgens Slabbert was sy grond afgetakel en nie naastenby so gesond soos wat dit 200 jaar gelede was nie. Ultrahoëdrukstrookbeweiding is nie net goed vir die veld nie, maar is ook 'n manier om uitgeputte grond en 'n boerdery se winsgewendheid op saailande te verbeter. 'n Veekomponent is daarom 'n noodsaaklike element van grondherlewing.

“Vir ons begin dit by die rehabilitasie van die veld. Die resultate is reeds baie bevredigend daar waar ons die beeste nou vir 'n tweede jaar op die veld het. Ons is besig met navorsing oor die sukses van hierdie ‘behandeling’, en elke twee jaar doen ons 'n opname oor die veld se spesiesamestelling én grondontledings.

“Ek kan getuig van die sukses wat ons reeds na net een ‘behandeling’ van ultrahoëdrukstrookbeweiding behaal het. Die organiese materiaal in die grond het binne 'n jaar merkwaardig toegeneem. Daar waar ek voorheen slegs geenbewerking toegepas het, het dit my tien jaar gekos om die grond se organiese materiaal met net een persentasiepunt te verbeter.”

Slabbert sê hy is opgewonde oor die verskeidenheid



grasspesies en natuurlike peulgewasse wat terugkom in die veld.

“Ek het ’n groot verskil in die veld gesien. Ons het gedink die veld op die plaas is die natuurlike veld, maar na net één van die ‘behandelings’ met Drakensbergers op die veld, is dit asof tientalle spesies ontwaak het.

“Selektiewe laedrukbeweiding het dieselfde skade aangerig as die ploeg. Dit is niemand se skuld nie, want ons het almal opgetree volgens wat ons gedink het is reg. Gelukkig weet ons nou van beter!”

ONKRUID VERGAAN

Wat van indringerplante, soos slangbos (bankrotbos), en giftige plante, soos tulpe?

Die onbenutbare slangbos (*Seriphium plumosum*) is ’n reuseprobleem op Suid-Afrikaanse plase, beaam Slabbert, maar hy sê beeste en ultrahoëdrukstrookbeweiding is die antwoord.

“As jou veelading hoog genoeg is, sal slangbos ná drie of vier seisoene van ultrahoëdrukstrookbeweiding op jou plaas verdwyn,” sê Slabbert.

“Die slangbos word deur gras ingeneem. Dit is merkwaardig om te sien hoe die beeste slangbos ooptrap.”

Danksy die gekonsentreerde uitwerking van die beeste se mis is daar ook meer miskruiers en erdwurms. Op hul beurt verhoog hulle die grondgesondheid en bring broodnodige koolstof terug. Sy Drakensbergers se trapaksie breek ook grondkorse sodat water en lug beter kan indring.

Slabbert glo die risiko wat gifplante vir vee inhou, verlaag met ultrahoëdrukstrookbeweiding.

“Ons vind ook gifplante, soos tulpe, hier. Wat ek waargeneem het, is dat tulpe die eerste groen plant in die lente is. ’n Bees wat

selektief wei, gaan dié groen blare uitsoek en ’n honderd tulpe vreet en vrek.

“Met ultrahoëdrukstrookbeweiding is daar nie vir die bees kans om elke groen blaartjie te gaan uitsoek nie. Só sal ’n bees in die kudde waar hulle nie-selektief moet wei, dalk net een of twee tulpe vreet.”

’n Span navorsers hou namens Graan SA en die Mielie-trust herlewingslandbouers, soos Slabbert, se vordering dop. Die span wat sy veld se herstel bestudeer, bestaan onder meer uit die wetenskaplikes mnre. Gerrie Trytsman, kundige op die gebied van dekgewasse, Frits van Oudtshoorn, weidingkundige, en dr. Astrid Jankielsohn, insektekundige.

“Ons sien hoe die samestelling van die grasspesies verander en meer breëblaargrassoorte, kruie, natuurlike klawer en veldblomme voorkom,” sê Slabbert.

Lund, skrywer van ’n handleiding oor ultrahoëdrukstrookbeweiding, en plaaslike kenner van dié stelsel, meen gifplante en onkruid het ’n nut in die natuur.

“Die natuur het ’n ingeboude weerstand. As jy jou veld begin seermaak, sal die natuurlike biodiversiteit teëskop. Dan vermeerder plante met dorings, onsmaklike plante en gifplante.

“Dit is die natuur se manier om te keer dat sy geheel en al vernietig word. Alles wat ons nou in die ekologie sien wat verkeerd geloop het, is mensgemaakte probleme. As jy hierdie regstelling maak en plante onder ultrahoëdrukstrookbeweiding eenders bewei, boots dit die natuurlike migrasie en gedrag van troppe wild na wat honderde jare gelede hier gewei het.”

Lund se kernbeginsels vir ultrahoëdrukstrookbeweiding sluit in:

- Enige plaas is natuurlike ekologiese kapitaal wat as ’n geheel volhoubaar bestuur moet word.
- Bestuur jou hulpbronne met behulp van gesonde, holistiese, ekologiese beginsels en aangepaste vee.
- Gee die veld kans om voldoende te herstel.
- Hou die veedruk te alle tye op die maksimum vlak.
- Hou jou diere tevrede met vol rumens.
- Verhoog veegetalle en verkort weityd per strook om ultrahoë veedruk te bewerkstellig.
- Die regte ingesteldheid en wil om die stelsel reg toe te pas en te bestuur is noodsaaklik.

ARBEID

Binne hierdie weidingskampe word ’n strook teen ’n voorafbepaalde tempo vir beweiding vrygestel. ’n Geëlektrifiseerde draad met ’n draagbare energiebron word dan op die regte tydstip aangeskuif en die beeste daarmee saam.

Op Slabbert se plaas wissel twee werknemers mekaar met hierdie taak af. Dit verg slegs een persoon om sy kudde van sowat 500 beeste elke uur te verskuif.

“Op Sondag is die verskuiwing minder intensief en gebruik ons hekke om die kudde vier keer outomaties te skuif. Indien dit wel nodig is om die kudde in stroke op ’n Sondag te verskuif, is dit vir



Skokdrade word gebruik om weistroke te span sodat die beeste aangemoedig word om alles voor die voet te vreet en nie selektief te wei nie. Die drade word ’n hele paar keer bedags vorentoe geskuif. Beeste kan steeds na agter in die kamp wei en rondbeweeg en het altyd toegang tot genoeg water.

my die lekkerste ding om dit gou self te kom doen.”

Normaalweg word Slabbert se beeskudde 13 tot 15 keer per dag tussen sonop en sononder volgens weistroke verskuif (die laaste verskuiwing is om 18:00). “Snags kan hulle terugwei en gaan water drink. Meestal gaan lê hulle om te rus en te herkou.”

Wanneer diere ondersoek of behandel moet word, gebruik hy ’n verskuifbare kraal. Andersins gebruik Slabbert ’n paalspuit as net een of ’n handvol diere behandeling nodig het.

Genoeg water is ’n vereiste by ultrahoëdrukbeweiding. ’n Volwasse bees drink gemiddeld sowat 60-70 liter water per dag. Die waterkripstelsel wat Lund ontwerp het, is verskuifbaar.

Die veesuiping se ontwerp is rond en het ’n 2 000 liter-opbergingsstank met ’n vlotterklep bo-op wat gekoppel is aan watertoevoer. Só is daar altyd genoeg water en genoeg plek vir vee om vinnig klaar te suip.

TEMPERAMENT

Nóg ’n voordeel van Drakensbergers is dat die beeste se temperament hantering baie maklik maak. Die beeste raak ook gou gewoond aan die geskeduleerde verskuiwing na die volgende strook veld.

“Veral op Sondag as ek self die kudde skuif, praat ek sommer met hulle en sê ‘kom ons gaan’. Om ’n groot kudde Drakensbergers só te verskuif sonder moeite, is ’n ongelooflike lekker gevoel. Die hantering is sonder ’n geskree en gepypslanery. Die beeste volg jou, want jy is hul herder,” sê Slabbert. ■

NAVRAE: Mnr. Danie Slabbert, 082 339 9018.
e-pos: slabman7@gmail.com,



Mnr. André Lund, skrywer van die handleiding oor ultrahoëdrukstrookbeweiding, Die wonder van UHDSB.

Blyde Stoet

Blyde Stoet gebruik ekstensiewe Fase D toetsing met skandering van alle manlike en vroulike aanwas om Drakensbergers met gebalanseerde teelwaardes te teel vir **MEER VLEIS**



**Die toekoms
is SWART**

Inleiding

BESKRYWING

van die Drakensberger bees

Die hedendaagse Drakensbergers word gekenmerk as 'n opvallende lang, gebalanseerde en goed-gevelede blink swart vleisbees wat gedy op natuurlike weiding. Ons Drakensberger koeie is uiters gesog weens hulle vrugbaarheid en moederinstink. Die ras is ontwikkel en word konstant verbeter deur deurgaanse streng seleksie vir ekonomies belangrike eienskappe en toepassing van wetenskaplike norme. Die Drakensberger is dié inheemse ras met die mees gesogte speenkalf vanaf natuurlike weiding.

Hierdie gedeelte van die joernaal bevat artikels oor die eienskappe van die Drakensberger wat dit 'n gesogte keuse regoor Suider-Afrika maak en selfs in Australië.

Artikels in hierdie joernaal is gepubliseer in óf Afrikaans óf Engels. Die artikels waarvan 'n vertaalde weergawe ook beskikbaar is, het 'n QR-kode wat verwys na die Drakensberger SA webblad waar dit aanlyn beskikbaar is.



VOORDELE

van 'n inheemse ras

Suid-Afrika is bevoorreg om 'n verskeidenheid inheemse rasse te huisves wat baie jare gelede uit Noord- en Sentraal Afrika na die ooste en weste tot in die suide migreer het. Hulle het deur gebiede getrek met hoë temperature vol parasiete en siektes. Dié wat gehard, weerstandbiedend en fiks was het oorleef en hulle gevestig in KwaZulu Natal en in Namibië en by die Khoisan volke in die Wes-Kaap. In die Wes-Kaap het die Voortrekkers die diere identifiseer as goeie trek diere en hulle geruil en veredel. Die swart, Sanga beeste (*Bos taurus africanus* soos hulle bekend staan) is met die Vaderlanders wat van Europa by die Kaap geland het gekruis en die Drakensberger-ras het mettertyd sy beslag gekry. Dit kan dus beskou word as waarskynlik een van die eerste komposiete rasse in die wêreld. Die rooi Sangas het weer die basis gevorm vir die Afrikaner ras.

Hierdie rasse het oor sowat 300 jaar in die Suid-Afrikaanse omgewing aangepas en het die vermoë om in die ekstensiewe toestande voortreflik te presteer. Hulle lewer vandag 'n belangrike bydrae tot die diversiteit van genetica wat veral in tropiese en subtropiese gebiede van die wêreld 'n belangrike bydrae kan lewer.

Suid-Afrika beskik ook oor 'n wye verskeidenheid uitheemse taurus rasse wat beter aangepas is in die meer gematigde klimaatstreke. Skoue en die aanhoudende invoer van genetica uit die noordelike halfrondomgewing verhinder dat hulle aanpassingsvermoë onder Suid-Afrikaanse toestande verbeter. Suid-Afrika beskik ook oor verskeie uitheemse *indicus* rasse wat vir hulle besondere aanpassingsvermoë in 'n warm klimaat bekend is.

Dit is dus nie verbasend dat die getal stoet kuddes van die uitheemse taurus rasse oor die afgelope 40 jaar afgeneem het van 30% in 1972 na 15% in 2011.

Die produksie van vleisbeeste in Suid-Afrika draai grootliks om hulle vermoë om in die betrokke omgewing aan te pas en te produseer.

AANPASBAARHEID

Diereproduksie is 'n funksie van genotipe en omgewing. Die omgewing is saamgestel uit verskillende elemente wat die produksie van die vleisbees direk of indirek beïnvloed. Die hoeveelheid voedsel en die kwaliteit daarvan is 'n primêre invloed gevolg deur die temperatuur, humiditeit, reënval, hoogte bo seespieël, bestraling, grond pH., interne en eksterne parasiete en siektes.

Die teler het 'n duidelike begrip nodig hoe elke omgewingseffek die diere beïnvloed. Dit is belangrike inligting wat hom sal toelaat om die mees aangepaste diere vir die betrokke omgewing te selekteer. Prestasie evaluering in al sy fasette is in hierdie opsig 'n waardevolle hulpmiddel.

Dit is egter nodig om ook visueel die aanpasbaarheidseienskappe te evalueer aangesien dit nie gemeet word nie. Dit is by die verskeidenheid van omgewings in Suid-Afrika waar die meriete van inheemse rasse na vore tree. Hulle besit die vermoë om met lae insetkoste doeltreffend vleis te produseer in die verskeidenheid

van omgewings.

Die belangrikste omgewingsfaktore waarby beeste moet aanpas sal vervolgens bespreek word met spesiale verwysing na uitheemse taurus en inheemse *taurus africanus* (Sanga) beeste. Dit sluit dus *Bos indicus* rasse uit.


1. BOUVORM

Inheemse Sanga rasse het 'n eiesoortige bouvorm in vergelyking met uitheemse taurus rasse.

- Hulle het 'n respiratoriese bouvorm soos *Bos indicus* rasse wat beteken dat hulle dieper deur die voorlyf en relatief platter deur die ribbes is. Die ribbes lê ook skuinser na agter. Uitheemse rasse het 'n meer metaboliese of ronde bouvorm, is breër op die rug en die ribbes lê vlakker na agter.
- Die veloppervlakte van die inheemse en *Bos indicus* rasse is sowat 15% groter as die metaboliese tipes wat liggaamshitte regulering meer effektief maak, veral in 'n warmer klimaat. In die gematigde klimaat van Europa is die bouvorm ronder, die vel dunner met 'n vetlaag daaronder en 'n wolhaar wat hitte meer effektief binne hou.
- Inheemse rasse se bouvorm eienskappe is bedoel om effektief van hitte ontslae te raak terwyl dit by uitheemse *taurus* rasse bedoel is om hitte in die koeler omgewing binne te hou.

Hierdie verskille word in Figuur 1 aangedui:

Figuur 1: Verskille in bouvorm tussen respiratoriese en metaboliese tipes.



2. TEMPERATUUR

Weens die bloedsomloop, metabolisme, vertering en beweging word hitte aanhoudend in die liggaam gevorm. Die oortollige hitte moet van ontslae geraak word anders styg die liggaamstemperatuur en dit beïnvloed die eetlus en die diere se produksie nadelig. Die bouvorm, haarkleed en veldikte beïnvloed die mate waartoe 'n diere van oortollige hitte ontslae kan raak. Die omgewingstemperatuur en humiditeit is soortgelyk bepalende faktore.

In die meeste vleisproduserende dele in Suid-Afrika kan die somers warm (30-32°C) tot baie warm (40-45°C) wees. Die ►

inheemse taurus rasse het die vermoë ontwikkel om aan te pas en te produseer onder hierdie omstandighede. Koue temperature onder 0°C tot -15°C is nie so 'n groot probleem vir mens en dier nie mits daar voldoende voedsel beskikbaar is.

Gemiddelde liggaamstemperatuur van bees : 38.7°C
 Gemaksone uitheemse taurus rasse : -1°C tot 16°C
 Gemaksone uitheemse indicus rasse : 10°C tot 27°C
 Ongemaksone uitheemse taurus rasse : hoër as 27°C
 Ongemaksone uitheemse indicus rasse : hoër as 35°C
 (Volgens Brody, 1956)

Die inheemse taurus rasse gemaksone lê waarskynlik tussen 27°C en 35°C met sekere rasse soos die Nguni en Afrikaner wat selfs by hoër temperatuur gemaklik sal wees. Die normale variasie tussen diere vir aanpasbaarheid by hoër temperature kom by die inheemse rasse voor. Genotipes is te vinde wat by hoër as 35°C temperature sal aanpas. Sulke genetika moet sinvol vermeerder word vir daardie betrokke omgewing. Enkele opmerkings en waarnemings:

- Navorsingsresultate by Mara proefplaas het getoon dat sodra die rassamestelling 50% of hoër uitheems is, die diere ongemak toon weens die hoër temperatuur van die omgewing en swakker presteer.
- Kommersiële telers in gebiede oos van die Drakensberge beweer dat hulle koeie minstens 25% inheemse ras samestelling benodig om doeltreffend te produseer.
- Noord van die Springbok skeerkring kan uitheemse taurus bulle nie gemaklik vir natuurlike dekking gebruik word nie weens die hoër omgewingstemperatuur van 30°C en hoër in die somer. Die diere verkies om in die koelte van bome te staan en is nie by die koeie nie. Dit lei tot laer kalpersentasies.
- By die Irene Fase C groeitoetsentrum was dit opmerklik dat indien die dagtemperatuur 32°C oorskry sekere diere vinniger asemhaal om hulle liggaamstemperatuur te probeer stabiliseer.

a. Asemhalingstempo

Indien diere vinniger asemhaal is dit omdat hulle poog om hulle liggaamstemperatuur te stabiliseer. Die meting van asemhalingstempo is dus een aspek van aanpasbaarheid wat kan plaasvind. Die normale asemhalingstempo van vleisbeeste is 24 – 26 per minuut.

Met die ekologiese navorsing van Bonsma (1980) was dit duidelik dat beeste jonger as 12 maande moeiliker van oortollige hitte ontslae geraak het in die warmer Mara omgewing as ouer diere. Jong diere in die sub-trope of warm gebiede behoort dus van voldoende skaduwee voorsien te word.

Ten einde verskille in aanpassingsvermoë te evalueer is 'n groep van 50 inheemse ras bulle se asemhalingstempo gemeet toe die omgewingstemperatuur 32°C was. Hulle is 2 km in groepe van 5 vinnig laat loop na 'n drukgang waar die haarkleed tipe, asemhalingstempo en liggaamstemperatuur van elke bul bepaal is. In Tabel 1 word die invloed van die tipe haarkleed aangedui met ooreenstemmende liggaamstemperatuur en asemhalingstempo.

Tabel 1: Effek van tipe haar op liggaamstemperatuur en asemhalingstempo

Haartipe	Temp °C	Asemh/min	Asemh. Variasie
Glad	39.9	58	26 tot 82
Middelmatig	39.9	59	37 tot 81
Grof	40.0	66	48 tot 94
% verskil	0.3%	13.8%	361.5%

Die fenotipiese korreksie tussen gladheid van haar en groei (GDO) was 0.21. Dit dui op die beter aanpasbaarheid in die betrokke omgewing van gladde haar diere.

By Mara proefplaas het bulle van verskillende rasse 'n Fase D veldgroeitoets voltooi. Temperature en die asemhalingstempo van die bulle is gemeet. Die omgewingstemperatuur was 34°C. Die resultate verskyn in Tabel 2.

Tabel 2: Asemhalingstempo en liggaamstemperatuur van verskillende rasse

Ras	Temp °C	Asemh/min
Nguni	39.4	47
Drakensberger	39.3	55
Uitheemse rasse	39.6	62
% verskil	0.3%	13.9%

Die inheemse rasse toon 'n beter aanpasbaarheid van 31.9% volgens asemhalingstempo by die Mara, sub-tropiese omgewing en sal dus gemakliker wees en beter presteer.

b. Vel

Die vel en hare vorm 'n buffer tussen die dier en sy omgewing en speel dus 'n belangrike rol met aanpasbaarheid en liggaamshitte regulering. Veldikte meting is 'n verdere maatstaf om aanpasbaarheid te meet. Die vel verteenwoordig sowat 8% van die lewende gewig van die liggaam. In 'n studie van Foster et al. (2009) in die Suid-Vrystaat het die inheemse Afrikaner verse die dikste velle gehad met die uitheemse Charolais ras die dunste velle. Die gemiddelde veldiktes verskyn in Tabel 3.

Tabel 3: Veldiktes van vier rasse in die Suid-Vrystaat

Ras	Tipe	Veldikte (mm)
Afrikaner	Inheems	15.0
Braford	Komposiet	13.3
Charolais	Uitheems	8.8
Drakensberger	Inheems	12.0

Die verskil tussen die dikste vel van die Afrikaner en dunste Charolais vel was 6.2mm of 70.5% wat 'n betekenisvolle aanpasbaarheidsverskil is.

'n Dik vel is voordelig vir die doeltreffende temperatuur regulering van die dier veral in die warmer somer maande. Heelwat meer bloed vloei na die oppervlakte van die dier sodat afkoeling gemakliker kan plaasvind.

Die hittestrale van die son dring makliker deur 'n dun vel na die liggaam van die bees wat dit moeiliker vir die bees maak om sy liggaamstemperatuur stabiel te hou.

Die verandering van veldiktes oor tyd van die inheemse Sanga rasse en die uitheemse Britse rasse verskyn in Tabel 4.

Tabel 4: Enkel velmaat diktes van Fase C getoetste bulletjies

Ras	1993-97	2005-09	% veranderinge
Afrikaner	9.5	8.7	-9.2
Bonsmara	8.4	8.1	-3.7
Drakensberger	8.1	8.2	+1.2
Britse rasse	7.3	7.1	-2.8

Die inheemse Afrikanerras se veldikte het oor die 12 jaartydperk met 9.2% dunner geword. Dit kan toegeskryf word aan minder

kuddes wat nog voorkom in die warmer Bosveld omgewing. Verblydend is dat die inheemse Drakensberger ras se veldiktes met 1.2% toeneem het. Dit het aanpassingsvoordele veral wanneer die somers warm is. 'n Totaal van 211 Drakensberger bulletjies wat in die warmer Molopo gebied aan Fase D groeitoetse onderwerp is het 'n enkel veldikte maat van 8.6mm gehad. Dit is 5% dikker as die rasgemiddeld.

Die veldiktes van die drie inheemse rasse was 1.2mm dikker as die uitheemse rasse. Dit is 'n verskil van 17% wat aanpasbaarheid bevoordeel.

Wonde is gepraakseer aan die uitheemse en inheemse rasse by Mara proefplaas. Die dikker inheemse ras velle op die dier het heelwat gouer genees as die uitheemse ras velle.

c. Veloppervlakte

Volgens sekere navorsers beïnvloed die veloppervlakte van die dier die spoed van afkoeling. Hitte verlies moet gelyk wees aan hitte produksie. Veloppervlakte is 'n primêre funksie van hitte uitstralings. Veloppervlakte sal dus 'n belangrike rol speel in die aanpasbaarheid van diere. Die vel bevat die sweetkliere sodat 'n groter veloppervlakte hitte uitstraling sal vergemaklik.

Kibler en Brody (1951) het gewys dat Brahman vroulike diere 'n 12% groter veloppervlakte het as Jerseys en Holsteins van dieselfde gewig.

Die ore, keelvel en naelvel van die Brahman het 11% van die totale veloppervlakte gevorm. By die Santa Gertrudis en Shorthorn was dit 9% en 6% onderskeidelik. Die bulletjies wat by Irene aan Fase C deelgeneem het se skedelengtes is gemeet as maatstaf van veloppervlakte. Bulletjies met die groter skedes en losser vel om die lyf het 7% beter gegroei en 'n 80% beter voeromsetverhouding getoon. Die kortste skede diere het 'n vaster vel om die liggaam vertoon wat meer soos die velle van die uitheemse rasse is. Die langer skedes is funksioneel ongewens.

Bulletjies met korter aanvaarbare skedes was teenwoordig met goeie prestasies. Dit is die genetica wat inheemse rasse moet vermenigvuldig.

d. Haarkleed

Die haarkleed speel 'n belangrike rol met hitte regulering. Die evalueering daarvan vir aanpasbaarheid is dus belangrik. Die inheemse rasse het 'n dik los vel oor die liggaam met 'n kort glansende haar. Hierdie eienskappe vergemaklik hitte regulering by temperature wat 27°C oorskry. Die uitheemse taurus rasse is in 'n koue klimaat ontwikkel met 'n beskermende buite haar van 50°C in dikte en 'n baie dunner krulhaar van 30°C in dikte wat liggaamshitte beskerm. As hulle in die Suid-Afrikaanse omgewing nie vroeg in die somer verhaar nie sukkel hulle om van oortollige hitte ontslae te raak wat hulle prestasie nadelig beïnvloed. Bonsma (1943) het 'n wollerige inheemse Afrikanerbul bekom en hom gepaar met gladde Afrikaner koeie. Byna 50% van die nageslag was wollerig.

Op 8 maande ouderdom was die gewigsverskille soos volg:

- Gladde haar Afrikaner: 243kg Asemhaling per minuut: 47
 - Wollerige haar Afrikaner: 149kg Asemhaling per minuut: 148
- Verskil 63%

Loop gemak van gladde haar teenoor wolhaardiëre:

- Wollerige uitheemse rasse: 6.4km per dag - Liggaamstemp: 41.1°C
- Gladde haar uitheemse rasse: 25.6km per dag - Liggaamstemp: normaal
- Gladde haar inheemse rasse: 64.0km per dag - Liggaamstemp: normaal

Gladde haar inheemse rasse kan gemaklik beweeg en loop by 'n omgewingstemperatuur bo 30°C. Selfs op die hoëveld van Suid-Afrika is temperature gemaklik hoër as 30°C in die somermaande.

Inheemse rasse het oor die algemeen 'n glansende haarkleed. 'n Blink gladde haar weerkaats die sonstrale meer effektief as 'n dowwe haarkleed wat belangrik is vir normale liggaamsfunksionering.

3. SIEKTES EN PARASIE TE

Die ideale koei is volgens Rodney een wat elke jaar sonder probleme 'n “ordentlike” kalf speen. Die koei moet daardie kalf op sewe of agt maande teen sowat 210 kg kan speen.

“In my eie kudde mik ek vir 'n effens swaarder speenkalf wat 240 kg weeg. Die nasionale gemiddelde vir Drakensbergers is 209 kg.”

Rodney sê 'n te lae speengewig kan toegeskryf word aan swak teelmateriaal, koeie met te min melk, kalfsiektes of 'n kombinasie van hierdie faktore.

Speengewig kan ook deur omgewingsfaktore beïnvloed word, soos die seisoen waarin die koei kalf en die beskikbaarheid van weiding. 'n Bulkalf is normaalweg swaarder as 'n vers. Verse en baie ou koeie lewer meestal ligter kalwers.

“My aantekeninge wys watter koeie in die kudde bly en watter ek moet uitskot. Die koeie wat elke jaar kalf en 'n goeie kalf speen, is die koeie wat ek in die kudde hou. Die kalf behoort by geboorte nooit meer as 10% van die moeder se gewig te wees nie. As jy die koei en die kalf weeg, sal jy sien hoe hierdie gewigsverhouding lyk.”

Rodney doen ook later 'n visuele inspeksie van kalwers.

“As ek swak kalwers sien, keer ek hulle uit in 'n kraal. Die moeders van daardie kalwers sal agterbly en dan word die koei en die kalf van die hand gesit.”

BULLE EN DATA

Rodney se raad aan bulkopers wat meer geboortegemak in hul kuddes wil teel, is om te kyk na die teelwaardes wat deur SA Stamboek ontleed is.

“Ek het die voordeel dat ek bulle uit my stoetkudde met die hand kan uitsoek vir my verse in die kommersiële kudde, maar ek gebruik steeds die nodige data om bulle met die regte waardes vir geboortegemak te kies.”

Hy moedig alle telers aan om aantekeninge te hou, al is kuddes groot. “Ek het twee stoetkuddes wat uit net meer as duisend beeste bestaan. Dit is moontlik om rekord te hou, selfs van baie diere. Ons gebruik SA Stamboek se Logix-program. Jy loop 'n onnodige risiko as jy blindelings 'n bul gebruik sonder data oor sy prestasie.” ■



TEMA: Beskrywing van die bees SKRYWER: Danie Bosman PUBLIKASIE: Bylae tot Landbouweekblad JAAR: 2018

VOEROMSETTING EN WINS: *Behaal só sukses*

Danksy 'n uitstekende voeromsetting wys die Drakensberger reeds sedert 1965 dat hy 'n beesras is wat vleisbeesboere se beursies kan laat bult.

Die Drakensberger besit 'n besondere vermoë om voedsel doeltreffend te gebruik en dit is 'n aanwys vir die vleisbeesbedryf. Die Drakensberger-telersgenootskap is vanjaar amptelik 70 jaar oud, maar die ras is reeds sowat 360 jaar in Suid-Afrika teenwoordig.

Die ras se sterk pigment en swart kloue is 'n aanwys in die voerkraal en in sandveldtoestande. Navorsingsresultate in 'n voerkraalomgewing het bewys kloue speel 'n belangrike rol wat voeromsetting betref. Sodra die kloue meer as die normale groei toon, is die dier fisiologies ongemaklik en dan verswak die voerverbruik.

Die nasionale vleisbeesverbeteringskema van die Departement van Landbou het reeds in 1963 met intensiewe groeitoetse begin, veral wat betref die dier se vermoë om voedsel in vleis om te skakel.

Diere word individueel gevoer sodat die groeitempo per dag en die hoeveelheid kos wat nodig is om een kilogram gewig aan te sit, bepaal kan word.



Sommige Drakensbergerbulle is vandag tot 24% langer as wat hulle hoog is. Op die foto is mnre. Carel Nel (links) van die Grasmunt-stoetery by Brandfort en Peet van Vuuren van die Kleinzonderhout-stoetery by Bronkhorstspuit by die bul Grasmunt Danco. FOTO'S: Liza Bohlmann

Die betekenisvolle variasie tussen diere het die geleentheid geskep om hierdie ekonomies belangrike eienskap in die Drakensbergerras te verbeter. Van 1965 tot 2016 is 1 928 Drakensbergerbulle aan dié groeitoetse onderwerp. Sulke

geriewe is vandag op verskeie plase in Suid-Afrika beskikbaar.

By een van die groter plaastoetssentrums word Drakensberger-bulle reeds van 2007 af aan groeitoetse onderwerp.

Altesame 546 bulletjies het reeds groeitoetse voltooi met 31 (5,7%) wat 'n voeromsettingsverhouding (VOV) van 5:1 of beter behaal het, met 'n beste VOV van 4,36:1.

DIE VERHOUDING

Tot 70% van die koste in 'n voerkraal is voerverwant. Voerkrale in Suid-Afrika voer 1,5 miljoen speenkalwers per jaar om hulle sowat 200 kg per kalf te laat groei. As die VOV met 1,5 kg voer per kilogram vleis verbeter, is die besparing aan voerkoste alleen R450 miljoen.

Voeding maak 55% van koeikuddekoste uit. 'n Drakensbergerkoei van 500 kg vreet gewoonlik 3% van haar liggaamsgewig, dus 15 kg kos per dag of 5 435 kg per jaar. As sy danksy 'n beter VOV 1 kg per dag minder vreet, spaar sy 365 kg voer per jaar. 'n Kudde van 100 koeie spaar dus 36,5 ton weiding per jaar.

Dit is 'n groot voordeel in droogtetye. Sulke diere sal beter aangepas wees met 'n hoër reproduksietempo.

Die VOV is volgens proewe twee tot drie keer nouer gekorreleer met wins as groei. Met die afronding van individueel gevoerde osse is gevind dat die VOV -0,79 met wins gekorreleer is, terwyl die korrelasie met die gemiddelde daaglikse toename (GDT) 0,25 was.

OORERFLIKHEID

Voeromsetting is 'n oorerflik eienskap. Dit is goeie nuus, want seleksie vir voeromsetting beteken genetiese verbetering.

Die Drakensbergerrras het die afgelope tien jaar 'n genetiese verbetering van 6% vir voeromsetting getoon, volgens die berekende teelwaardes. 'n Drakensbergerkudde wat aan hierdie eienskap aandag gee, toon 'n verbetering van 17% oor dieselfde tydperk.

Die kudde gebruik dus vandag 17% minder kos om dieselfde resultaat te bereik as tien jaar gelede. Dit is 'n betekenisvolle ekonomiese voordeel.

In navorsing van die Landbounavorsingsraad by Irene is gevind dat verteringsverskille tussen diere op die makrovlak voorkom, dit wil sê in die rumen en spysverteringskanaal. In sekere diere is twee keer meer aminosure en koolhidrate gevind met dieselfde rantsoen as in ander diere. Die berekende erfbaarheid is 0,34 en dit is betekenisvol voordelig. Dié bevinding beteken dat die deurvloei



'n Koei wat met minder voer steeds presteer, is goud werd vir 'n boerdery omdat hulle beter aangepas is en 'n hoër reproduksietempo handhaaf.

van voedsel deur die verteringskanaal tussen diere verskil en dat dit geneties van aard is.

Seleksie vir voeromsetting het dus voordele vir intensiewe en ekstensiewe toestande.

Daar is altyd koeie in 'n kudde wat in 'n goeie kondisie is, waarskynlik omdat hul voedsel stadiger deur die spysverteringskanaal beweeg en hul vertering doeltreffender is sodat hulle hul kondisie kan handhaaf en gouer weer beset raak.

By Drakensbergers wat aan groeitoetse onderwerp is, is 'n betekenisvolle fenotipiese korrelasie van -0,28 tussen liggaams-lengte en die VOV gevind. In een groeitoets was die korrelasie -0,50. Dit wil dus voorkom of langer diere 'n voeromsettingsvoordeel het.

As die groeitoetsresultate van 1965-1970 ontleed word, was die Drakensbergerbulletjies 9% langer as wat hulle hoog was.

Vandag, vanweë seleksie vir beter genotipes, is daar bulle in die Drakensbergerrras wat 24% langer is as wat hulle hoog is. Sulke nuwe teelmateriaal dra betekenisvol by tot 'n laer produksiekoste.

TOETSRESULTATE

Drakensbergerbulletjies word reeds vanaf 1965 aan individueel gevoerde groeitoetse blootgestel. Die bulle wat die beste presteer, word in stoetskuddes gebruik.

Drakensbergerbulle word van 1980 af op plase getoets in intensiewe en ekstensiewe toestande. Altesame 19 431 bulletjies is aan hierdie groeitoetse onderwerp. Die genootskap en telers se keuringsproses verseker dat uitstekende teelmateriaal aan die bedryf beskikbaar gestel word.

Die amptelike groeitoetsduur van individueel gevoerde bulletjies is in 1999 verkort tot die huidige tydperk van 84 dae met 'n aanpassingstydperk van 28 dae. Die bulle ontvang 'n groeitoetsrantsoen met 'n ruvoer-inhoud van minstens 35% om rumenontwikkeling te ondersteun. Die gemiddelde groei en VOV van Drakensbergerbulle met die variasie wat teenwoordig is, word in die Tabel gegee.

GROEITOETSRESULTATE VAN DRAKENSBERGERBULLETJIES			
EIENSKAP	GEMIDDELDE GROEI	BESTE PRESTASIE	% VERSKIL
GDT (g)	1 592	2 147	35
VOV	5,96:1	4,36:1	37
Voer per dag (kg)	9,49	7,26	31

Die Drakensberger-telersgenootskap keur nie bulle onder 'n indeks van 90 vir naspeengroei (GDT) of VOV nie. Sulke diere word geslag en nie vir teling benut of aan kommersiële telers verkoop nie.

VOERGEBRUIK

Doeltreffende voerverbruik is belangriker as naspeengroei. Ekonomies gesproke is hierdie eienskap twee tot drie keer belangriker as naspeengroei.

Voeromsetting verdien meer aandag vanweë die ekonomiese impak daarvan. Sommige telers probeer al van 1965 af om met die groeitoetse van bulletjies aan hierdie eienskap aandag te gee. Soos die genetiese neiging van die ras aandui, is die resultate bemoedigend.

Die Leachman-beesboerdery in Amerika het ook vroulike diere getoets vir hul vermoë om voedsel doeltreffend te gebruik. Hulle het gevind dat sommige koeie drie keer meer kos vreet as ander. Een van die kuddes wat met hulle saamwerk, die K Lazy K Ranch, het 500 bulletjies aan groeitoetse onderwerp. Hul VOV het oor 'n tydperk van vyf jaar van 6:1 tot 4,80:1 verbeter. ■





Die resultaat van **46 Jaar se teling**



CAREL & ANITA NEL 082 828 1984 | carelnel02@gmail.com

INHEEMSE GENE

gee deurslag

Die Drakensberger is 'n eg Suid-Afrikaanse beesras. Mnr. Henk Delpont van die Drakensberger Beestelersgenootskap beskryf dié beeste as die ideale veevennoot in herlewingslandboustelsels.

Drakensbergers kan as eg Suid-Afrikaanse beeste aanspraak maak op die beskrywing van “inheems en aangepas” sonder enige vrees vir teenspraak.

Mnr. Henk Delpont, ondervoorsitter van die Drakensberger Beestelersgenootskap, verduidelik dié stelling uit eie ondervinding. Hy het sy eie stoetery en kudde by Delramboerdery naby Ficksburg wat hy saam met sy vennoot, mnr. Pieter Esterhuizen, bestuur.

“Ek was jare lank 'n saaiboer voordat ek met beeste begin boer het. Uit ervaring kan ek sê dat 'n bees wat min moeite verg en genoeg vleis vanaf die veld produseer, 'n waardevolle bydrae tot enige boerdery sal lewer. Die waardetoevoeging geld soveel te meer waar saaiboere herlewingslandbou toepas of vollediger bewaringslandboupraktyke wil begin volg.”

Die ras se geskiedenis en oorsprong is volgens Delpont die sleutel tot die Drakensberger se genetiese voordeel. Hy gaan haal die storie in 1652 met die aankoms van Jan van Riebeeck se geselskap en hul handeldrywery met die oorspronklike Khoisan-inwoners. Die setlaars het baie van die inheemse swart beeste gehou en dit is as trekdiere en later selfs as belastingbetaling aanvaar in Simon van der Stel se tyd.

Tydens die verkenning van die Kaapse binneland en die vestiging van plase verder weg van die kus is ander swart beeste met soortgelyke Sanga-eienskappe by plaaslike stamme verkry.

Die Uys-familie én hul swart beeste was onder die families wat in die 18de eeu aan die Groot Trek begin deelneem het. Die pad wat die Uysse vanuit Grahamstad na 'n beter heenkome gevolg het, was moeilik. Net sterk diere met 'n goeie gestel en siekteweerstand het die paal gehaal. Die veeldoeligheid van die swart beeste was noodsaaklik en hul diens as trekdiere, melkdiere en slagvee was legendaries.

“Die groep diere wat eindelik saam met die Uysse in die Wakkerstroom-omgewing in die hedendaagse Mpumalanga gevestig het, het later 'n beduidende rol in die ontstaan en uitbou van die moderne Drakensberger gehad,” sê Delpont.

GRYSHOEK SE UYSBEESTE

Dié vestigingstyd op die plaas Gryshoek het ná die Zoeloeoorloë (omstreeks 1874) plaasgevind. Swart Dirk Uys het ná die Anglo-



Die Drakensberger se eienskappe word gerugsteun met 'n wetenskaplik bewese goeie groeivermoë op die veld én in voerkrale, 'n gunstige voeromsettingsverhouding, prestasietoets- en BLUP-syfers en 'n suksesvolle keuringstelsel wat help om net die beste beeste vir teling te behou. Genomies verrykte teelwaardes vir die ras is sedert 'n jaar gelede beskikbaar. FOTO's: Liza Bohlmann.

Boereoorlog (1899-1902) die Uysbeeste – soos hulle toe bekend was – begin verbeter.

Die Uysbeeste was goed bekend en invloedryk in die omgewing, maar is nie as 'n ras erken nie. Talle eienaars van Uysbeeste het met ander rasse, soos die Angus en South Devon, begin kruisteel toe die Wet op Veeverbetering in 1934 geproklameer en die gebruik van ongeregisteerde rasse gepeenaliseer is.

Mnr. Joey Uys het aangehou om Uysbeeste in sy geslote kudde te teel en het hom ernstig beywer om die Uysbees amptelik as 'n ras erken te kry. Op 1 Mei 1946 het die Uysbees-telersvereniging onder sy leiding tot stand gekom. Uys se moeite was nie verniet nie, en in 1947 is die moontlikheid om die Uysbees as 'n ras te registreer, deur 'n departementele kommissie ondersoek. Die aansoek was suksesvol. In Oktober 1947 is die nuwe, inheemse, swart beesras tot die Drakensberger herdoop – op Uys se aanbeveling.

Op 7 November daardie jaar is die Suid-Afrikaanse Drakensberger Beestelersgenootskap gestig met Uys as voorsitter.

In 1961 het die vereniging reeds meer as 4 700 geregistreerde diere opgeteken gehad. Tans staan die getal geregistreerde diere op sowat 13 540.

Vandag boer die nasate van hierdie pioniers, die broers mnre. Pikkie en Johan Uys, steeds met Drakensbergers op Gryshoek. Pikkie is 'n geesdriftige raadslid van die genootskap en dien gereeld as organiseerder van keurder- en beoordelaarskursusse.



Die Drakensberger het sterk bene en kloue, 'n goeie loop- en weivermoë, gehardheid en aanpassingsvermoë.

TEELWAARDES

In sy moderne gewaad is die Drakensberger nie net aangepas vir sy omgewing in Suider-Afrika nie, maar ook by die ekonomiese klimaat, sê Delport. Danksy hedendaagse navorsing oor die ras en produksiedata en -aantekeninge deur telers is die ras nou in 'n beter posisie as ooit om makliker volgens ekonomiese eienskappe te selekteer en daaruit voordeel te trek.

In Mei 2018 het SA Stamboek die eerste genomies verrykte teelwaardes vir die ras gepubliseer. Dit stel telers in staat om teelbesluite met groter sekerheid te neem, gegrond op teelwaardes. Die Drakensberger is slegs die derde ras en die eerste inheemse ras in Suid-Afrika wat hierdie mylpaal behaal.

Delport meen die Drakensberger se aanpasbaarheid, vrugbaarheid, goeie moeder- en melk-eienskappe, langlewendheid, groeivermoë, karkasgehalte en voeromsettingsverhouding is die ideale kombinasie om op bykans enige plaas waarde toe te voeg.

BEWARING

“Tydens *Landbouweekblad*, die Riemland-studiegroep en Graan SA se herlewingslandboukonferensie op Reitz kon konferensiegangers self sien hoe maklik die Drakensberger by 'n saai-boerdery met bewaringslandboupraktyke kan inskakel. Benewens die geld wat die boer uit die verkoop van diere kan maak, dra hulle op verskillende maniere tot die volhoubaarheid van 'n boerdery by,” sê Delport.

Eerstens word veld op marginale grond benut. Met goeie weidingsbestuur kan swak veld of selfs veld wat met onkruid besmet is, gerehabiliteer word.

Tweedens word dekgewasse of oesreste op landerye tussen die groeitye van kontantgewasse in geld omgesit. Die ander belangrike deel is die bydrae wat beeste, soos Drakensbergers, tot die hervestiging van biodiversiteit in die grond lewer.

“Jy kan beswaarlik 'n meer omgewingsvriendelike en ekonomies volhoubare besluit vir jou plaas neem. ■

*NAVRAE: Mnr. Henk Delport,
e-pos: cattle@delram.co.za*



Drakensbergers wat uit die oorspronklike Uysbees geteel is op Gryshoek naby Wakkerstroom in Mpumalanga. FOTO: Uys-familie.



Ná eeue se natuurlike seleksie en veredeling van die Drakensberger het die ras sy goeie melkeienskappe behou, tesame met 'n goeie loop- en groeivermoë. Vrugbaarheid, goeie moedereienskappe en geboortegemak is 'n bonus vir boere.



Mnre. Pieter Esterhuizen (links) en Henk Delport van die Delram-boerdery is vennote en boer saam by Ficksburg. Hulle het onlangs Landbouweekblad se herlewingslandboukonferensie op Reitz bygewoon. Delport is die ondervoorsitter van die Drakensberger Beestelersgenootskap.

Drakensberger: **'N GROEN BEES VIR 'N GROEN TOEKOMS**



Hoe jy ook al die geskiedenis van die Drakensberger in Suid-Afrika wil interpreteer, die feit is dat die Drakensberger van vandag 'n inheemse Sanga-tipe beesras is. Hy het sy beslag aan die suidpunt van Afrika gekry en sy aanpassings- en oorlewingsvermoë is sonder weerga. Die Drakensbergerkoei word allerweë gerespekteer vir haar vrugbaarheid en lae onderhoudskoste.

“Hoewel die Drakensberger (dalk hoofsaaklik vanweë sy naam) met die bergagtige, oostelike hoë-reënvalstreke van die land geassosieer word, het sy migrasie na hierdie dele eintlik relatief onlangs eers plaasgevind,” verduidelik Henk Delpont, vise-president van die Drakensberger Beestelersgenootskap van Suid-Afrika.

“Hy kom eintlik uit die droër, warm streke in die suid-westelike dele van die land waar hy in die hande van die plaaslike bevolking sy beslag gekry het nog lank voor die eerste Europeërs hier voet aan wal gesit het.

“Gedurende die trekproses saam met die Voortrekkers (en spesifiek die Uyse) het daar natuurlik self 'n ingrypende seleksieproses plaasgevind wat verdere unieke eienskappe in die bees vasgelê het, wat toe later hoofsaaklik in die omgewing van Wakkerstroom as afsonderlike tipe geïdentifiseer is. Die Uys-familie het hierdie diere goed bewaar en, gelukkig vir ons, reeds van baie vroeg af aan sorgvuldige meting blootgestel.”

Die resultaat van hierdie proses is 'n inheemse bees wat by uitstek aangepas is om aan al die ekonomiese vereistes van 'n goeie vleisbees te voldoen in terme van vrugbaarheid en groei, maar met 'n besondere lae onderhoudsbehoefte.

MOOI VS. GOEIE DIERE

“Ongelukkig,” sê Henk, “sal hierdie eienskappe verlore raak as daar nie op 'n deurlopende basis hiervoor geselekteer word en as diere nie die geleentheid gegee word om te wys dat hulle nie aan die vereistes voldoen nie. As stoetboer is dit my grootste dilemma: As ek 'n mooi bul op my veiling wil verkoop en 'n aanvaarbare prys vir hom wil kry, moet ek hom van kleins af mooi oppas en voer.

“Hy kry dus nooit die geleentheid om sy ware, inherente eienskappe ten toon te stel nie. Hy word nooit blootgestel aan die geleentheid om te onderpresteer of om werklik sy meerderwaardigheid teenoor sy tydgenote te wys nie. Dit is juis vir hierdie rede dat ek bang is dat die stoetbedryf te ver wegbeweeg het van die behoeftes van die kommersiële teler, wat in die eerste plek 'n aanpasbare, lae-onderhoud koeikudde in stand wil hou.”

Wat hierdie koeikudde betref, sê hy, bly koeie vir hulle hele lewe as't ware in 'n veldtoets. Die enigste kriterium is of sy elke jaar 'n aanvaarbare kalf speen en in staat is om dadelik weer dragtig te raak omdat sy in 'n aanvaarbare kondisie is. Dit is in hierdie konteks jammer dat die persepsie van 'n mooi koei en 'n goeie koei ook van mekaar wegbeweeg het.

TELINGSASPEKTE TER OORWEGING

Hierdie streng seleksie vir reproduksie behels eintlik 'n hele stel eienskappe, onder andere vrugbaarheid, aanpasbaarheid, voeromsetvermoë en melkproduksie, sê hy.

“Omdat jy wil hê jou vervangingsverse moet ook aan hierdie kriteria voldoen, is dit krities dat die bulle wat jy gebruik sal bydra

tot hierdie eienskappe. Die enigste manier om daarvan seker te maak, is om bulle te gebruik wat gemeet is vir hierdie eienskappe, maar ook vir eienskappe wat jou speenkalwers 'n aantreklike opsie vir die voerkrale maak.

“Aan die ander kant is dit net so belangrik om seker te maak dat die bulle wat jy gebruik nie vir jou ongewenste eienskappe in jou kudde inbring nie. Soveel moontlik inligting oor elke bul wat jy dus gebruik, is noodsaaklik. Dit is slegs op grond van die regte inligting dat jy die regte besluite kan neem en jou risiko kan beperk.”

As die kriteria vir 'n goeie koei dan vrugbaarheid en kondisie met lae onderhoudskoste is, sê Henk verder, is daar by hom geen twyfel nie dat die inheemse rasse doodgewoon beter vaar omdat hulle beter aangepas is by ons plaaslike omstandighede.

“Jy kan met enige dier in Suid-Afrika boer, en met die regte insette kan jy uitstekende resultate behaal. Die koste om egter daardie resultate te weeg te bring, is 'n faktor waarvan jy nie kan wegkom nie. Netto wins per hektaar is 'n som wat die Drakensberger telkens na vore bring as 'n uiters winsgewende ras.”

N GROEN BEES

Volgens Henk is 'n nuwe mark tans besig om te groei, en dit is nou gekoppel aan die beweging wat losweg as herlewingslandbou bekendstaan.

“Die saaibedryf is besig om fundamenteel te verander in terme van bewerkingspraktyke en aspekte soos geenbewerking, dekgewasse en 'n veefaktor is onlosmaaklik deel hiervan. Saaiboere besef toenemend dat hulle 'n veefaktor in hul boerderypraktyke moet inbring om aan die een kant by te dra tot die grondgesondheid van hulle lande, maar aan die ander kant om die dekgewasse wat hulle plant te benut. Dit bring verder 'n diversifisering van inkomste mee wat in veranderende weersomstandighede baie waardevol vir die saaiboer is.



Die Drakensbergerkoei word allerweë gerespekteer vir haar vrugbaarheid en lae onderhoudskoste.

“Hulle pas dan die een of ander hoëdrukbeveidingstelsel toe en daarvoor benodig hulle 'n rustige bees wat homself maklik laat vasdruk tussen elektriese drade. Hiervoor is die Drakensberger by uitstek geskik, omdat daar so 'n hoë premie op temperament geplaas word by die keuring van diere. Die Drakensberger is inderdaad besig om 'n reputasie as 'n groen bees op te bou.”

'n Aspek wat nou hiermee saamhang, is klimaatsverandering, sê Henk. Daar word toenemend gemeen dat die aanskuif van die reënseisoen, met geweldige droë voorsomers, 'n permanente tendens is en nie bloot deel van 'n siklus nie. Die implikasie is dat boere sal moet aanpas om hierdie droë voorsomers beter die hoof te bied. Juis as gevolg van die Drakensberger se oorlewingsvermoë en sy kapasiteit om vinnig kondisie te verbeter vanaf die veld ná die eerste reën, maak dit hom 'n uiters aantreklike opsie.



Die rustige Drakensberger laat hom maklik in 'n klein spasie vasdruk.

“Hier in ons wêreld, by Ficksburg in die Vrystaat, lyk dit asof ons eers in Desember groen weiding kan verwag. Dit beteken dat ons vir ten minste twee maande langer, die diere op winterveld moet kan dra. Omdat die Drakensberger se onderhoudsbehoefes so laag is, is dit net soveel makliker om hulle deur hierdie droogtetypperk te dra as in die geval van diere met 'n hoër onderhoudsbehoefte.”

GEBOEKSTAAFDE VOORDELE

Twee ander Drakensberger-boere beaam hierdie laaste stelling van Henk heelhartig. Hannes Lombaard van Westend Landgoed in die Morgenzon-omgewing in Mpumalanga, boer reeds 40 jaar kommersieel met Drakensbergers. In die suurveldomgewing waar hulle boer, sê hy, is die Drakensberger se vrugbaarheid en aanpasbaarheid van die deurslaggewende faktore wat die ras vir hulle so winsgewend maak.

In die teenoorgestelde rigting, in die Hotazel-omgewing van die Kalahari, boer Werner Vermeulen op die plaas Middelpuys. Hy het sowat 20 jaar gelede as 'n groentjie met sy beesboerdery begin. Sy keuse om met Drakensbergers te boer, sê hy, kom van wat hy gesien het in die berge naby Badplaas in Mpumalanga. Nou, 20 jaar later, is hy nog méér oortuig daarvan dat hy die regte keuse gemaak het.

Onder die uiters strawwe droogtetoestande van die afgelope paar jaar, kon hy steeds 'n kalfpersentasie van 96% handhaaf (in vergelyking met so min as 38% op buurplase). Die oorlewingsvermoë van die Drakensberger, sê hy, bly doodgewoon verstommend.

STAATMAKER TELERSGENOOTSKAP

Dit is alles goed en wel om die Drakensberger as bees op te hemel, sê Henk, maar 'n mens moet ook die rol van die telersgenootskap uitsonder.

“Waar interne politiek in die meeste telersgenootskappe daarvoor berug is dat dit eintlik die ras terughou en skade berokken, kan ek met eerlikheid sê dat die gees onder Drakensberger-telers geweldig eensgesind is en dat lede die belang van die ras bo eie belang stel.

“Ons is 'n progressiewe genootskap wat indringend na aspekte kyk wat die ras tot nadeel of langtermynvoordeel kan wees. Ons help mekaar, en enige nuwe telers kan verseker daarvan wees dat hulle met ope arms ontvang sal word en alle hulp sal kry wat hulle benodig. ■

Vir meer inligting, skakel Henk Delpont by 083 300 1131.

'N AANGEPASTE DIER

is 'n produktiewe dier

Soos die klem in die veebedryf na vleisproduksie beweeg het, is diere met 'n goed gebalanseerde en gespierde vleiskarkas ontwikkel. Die moderne Drakensberger is 'n produk hiervan danksy sterk seleksie gegrond op wetenskaplike norme.

Naas die feit dat die Drakensberger inheems is, het die ras verskeie ander ekonomies belangrike eienskappe, soos aanpasbaarheid, vrugbaarheid, geboortegemak, sterk melkproduksie, langlewendheid, groeivermoë, voeromsetting en karkasgehalte. Voorkoms is egter hoog op die lys en seleksie word streng gedoen volgens die Standaard van Voortreflikheid.

Die waarde wat die Standaard van Voortreflikheid in die ontwikkeling van die ras bied, word maklik herken aan die eenvormigheid en algemene voorkoms van die Drakensberger. Wyle prof. Cas Maree het gesê die Drakensberger het in 'n ras met opvallende genetiese eienskappe ontwikkel, wat dit amper 'n perfekte beesras maak.

Drakensberger-telers wou nog altyd optimale en doeltreffende produksie teen die mees ekonomiese vlakke lewer. Sonder hierdie vermoë sou hulle nie met ander beesrasse kon meeding nie, veral in gevalle waar sommige Drakensberger-telers ook skape saam met hul Drakensbergers laat wei. Die Drakensberger, wat veral aangepas is om op natuurlike weiding te gedy, het 'n buitengewone grootpensvolume en die vermoë om gras, selfs van 'n lae gehalte, in vleis van hoë gehalte te omskep.

Vroulike diere, die hoeksteen van Drakensberger-teling, moet altyd in staat wees om die voervoorrade wat tot hul beskikking is, te gebruik om hulself te onderhou, bekwaam te produseer en voort te plant in uiterste, veranderlike omstandighede.

Vroulike diere moet 'n kalf sonder probleme en op 'n vroeë ouderdom kan voortbring. Daarna moet sy 'n lang en produktiewe lewe lei waartydens kalwers teen 'n optimale speengewig voortgebring word.

Telers bereik hierdie doelwitte met natuurlike weiding en minimum insette. 'n Uitsonderlike eienskap van die Drakensberger-koeie is haar vermoë om ná die winter te herstel. Al dié aspekte het daartoe bygedra dat die Drakensberger in 'n uitstekende moederlyn ontwikkel het.

Inligting van die Landbounavorsingsraad se Instituut vir



'n Lang en produktiewe leeftyd van 15 jaar en selfs langer is algemeen vir die Drakensberger.

Diereproduksie toon dat Drakensberger-koeie, vergeleke met ander beesrasse in Suid-Afrika, die laagste voorkoms van siektes en kalfsterftes toon. Dit dui op probleemlose bestuur, veral waar ekstensiewe weidingspraktyke toegepas word.

Drakensberger-bulle is bekend om hul libido en lang, produktiewe lewe. Aangesien Drakensberger-bulle uit 'n moederlynras afkomstig is, is hulle ideaal vir gebruik by koeie van alle rasse, soorte en groottes.

Die Drakensberger-bul se kruisteelvermoë moet ook nie onderskat word nie, veral omdat die Drakensberger nie verwant is aan enige ander beesras ter wêreld nie.

Die koeidoeltreffendheid van so 'n kudde word verbeter omdat minder probleme ondervind word wanneer koeie kalf. 'n Drakensberger-bul, veral dié wat vroeër gereed is vir voortplanting, sal ook die sogenoemde maervleis-beesrasse se vordering tot markgereedheid verbeter. Naspeense groei, voeromsetting en karkasgehalte, in sover dit deur die bul bepaal word, beïnvloed die eindproduk, naamlik die vleis. In hierdie opsig het die Drakensberger-bul 'n bewese rekord. ■






Bonheim

DRAKENSBERGERS

Iets om te onthou, "net soos jou bankrekening, is 'n bees beter in swart as in rooi. So het Johan van Staden altyd geskerts wanneer hy oor die boerdery praat. Dit maak nie saak wat jou seleksiestrategie of voedingsregime is nie, sukses kom nie voor werk nie, werk hard, luister na kundige raad en leer uit jou foute.



Nelmarié van Staden

082 466 4868 | bonheim.drakensberger@gmail.com

Magaliesburg

VOORKOMS VERKLAP

goeie eienskappe van bees

'n Dier se vermoë tot aanpasbaarheid, gehardheid en natuurlike benadering tot reproduksie kan bepaal word deur sy fisieke eienskappe te bestudeer. Tydens 'n webinaar van die Drakensberger Beestelersgenootskap het kenners raad gegee oor die aspekte waarvoor boere en telers op die uitkyk moet wees.

Aanpasbaarheid by beeste is belangrik wat veral die omgewing en temperatuur betref. 'n Dier se gemakstemperatuur is by omgewingstemperatuur van 10-27 °C. "Diere moet ultravioletstrale van die son af kan weerkaats en nie aantrek nie, anders gaan hulle warm word en sukkel om aan te pas," sê mnr. Danie Bosman, 'n veekundige wat lank verbonde was aan die Landbounavorsingsraad (LNR), waar hy onder meer betrokke was by die prestasietoetsskema van al die beerasse.

Hy sê blink, gladde hare, velkleur en veldikte is belangrik vir diere om hitte te kan verduur.

"Die vel, 'n belangrike orgaan, is 8% van die dier se gewig. 'n Dik vel is noodsaaklik vir aanpasbaarheid omdat dit meer bloedsomloop na die oppervlak het. Só kan die dier van oortollige hitte ontslae raak."

Bosman sê 'n dier se vel word in die nek gemeet en moet minstens 18 mm wees; 12 mm of 14 mm is te dun.

Hoewel 'n bees se fisieke voorkoms 'n goeie aanduiding is of hy by die klimaat gaan aanpas, sê mnr. Pikkie Uys, 'n boer van die Wakkerstroom/Volksrust-omgewing in Mpumalanga,

aanpasbaarheid is net so belangrik in herlewingslandbou.

"Ek het verlede jaar 'n ultrahoëdrukbeweidingsproef gedoen waar ons tot 900 beeste op 0,8 ha per dag laat wei het met agt, ses en drie skuiwe per dag. Ek het gesien die besetting by my eerstekalf-koeie het daaronder gely en watter groot verskil daar tussen diere kan wees wat aanpasbaarheid betref. Sekere diere het eenvoudig die vermoë om hul kondisie beter te behou en dus vinniger te kan herstel ná kalwing en herbeset te raak. Hierdie diere is beter aangepas vir hul omgewing."

Uys sê hy wil voedingsaangepastheid voeg by eienskappe wat nodig is vir aanpasbaarheid. Diere pas aan by ongunstige invloede wat hul gehardheid kan beïnvloed.

"Ons besef nie hoeveel skade ons aanrig met al die byvoeding en hoë-energie-rantsoene wat ons die jong diere gee nie, asook dipstowwe en doseermiddels.

"Deur my diere te dip, het hulle binne ses maande hul weerstand vir rooiwater verloor, maar ek kan dit binne ses maande terugkry deur hulle weer bloot te stel. Dit is 'n mite dat inheemse rasse nie rooiwater of galsiekte kry nie. Ek glo wel hulle het 'n beter vermoë om 'n weerstand te ontwikkel, maar hulle kan dit ook verloor," sê Uys.

Hy sê al hoe meer veeboerderye word ingesluk deur saai-boere wat meer geld op 'n kleiner hoeveelheid hektaar kan verdien. Om winsgewend te wees, is dus noodsaaklik vir 'n beesboer as hy ook mededingend wil wees.

"Winsgewendheid word deur veelading en vrugbaarheid bepaal. Ons sal dus meer diere op minder grond moet aanhou. 'n Outomatiese gevolg hiervan gaan kleiner diere met 'n laer onderhoudsbehoefte wees.

"Kleiner diere is nie vrugbaar omdat hulle klein is nie. Hulle is klein omdat hulle vrugbaar is. Dinge soos 'n gladde, blink vel, kondisie en kleur is baie belangrik, maar prestasie wys jou alles. Die toppunt van prestasie vir



Aanpasbaarheid speel 'n rol by diere se vrugbaarheid en grootte.

die vroulike dier is om elke jaar vanaf die ouderdom van twee jaar af 'n gesonde, lewenskragtige kalf te lewer.

“Boere gaan hulle vasloop as hulle direk vir groei selekteer. Groei is belangrik, maar dit moet relatief tot die dier se raam wees. Die dier wat vinnig groei vir sy eie raamgrootte sal in die meeste gevalle die beste dier wees.”

GROOTTE VAN KOEI

Bosman sê die grootte van die koei is belangrik wat betref aanpasbaarheid, reproduksie en hoeveel diere op 'n gegewe oppervlakte aangehou kan word.

“Die koei se grootte is 'n kwessie van balans met die omgewing, waarvan voeding die belangrikste is. 'n Koei wat 600 kg weeg, vreet 18 kg voer, teenoor 'n koei van 400 kg wat 12 kg vreet. Dit maak 'n groot verskil om die fisiologiese aspekte, wat hormone insluit, aan die gang te hou.

“As die koei wat 18 kg per dag moet vreet dit nie kry nie, gaan sy nie reproduseer nie. As sy nie reproduseer nie, gaan sy daardie kalf verloor. Ons wonder dikwels hoekom die koei wat 600 kg weeg haar kalf verloor en dink iets moes gebeur het, maar dit is juis dié koei wat jy moet uitskot. Daardie koei is te groot vir die omgewing en sy sê dit vir jou deur haar kalf tydens of dadelik ná geboorte te verloor.”

Wanneer 'n dier se voorkoms en grootte bekyk word, moet die beginsel van bespierung teenoor goeie vleiseienskappe ook onder die vergrootglas geplaas word.

Bosman sê daar moet 'n balans wees tussen bespierung, reproduksie, melkproduksie en aanpasbaarheid. As 'n boer nie daardie balans handhaaf nie, gaan hy teëspoed optel by reproduksie en melkproduksie.

“Ons wil almal bespierung hê, veral by die bulle. Ons moet egter



Mnr. Danie Bosman sê telers moet eerder bulle uitsoek wat koeie dek wat by die veld aangepas is, en nie noodwendig die sterk, gespierde bulle nie.



onthou dat die vroulike diere van die bul wat jy gebruik, oor 15 jaar nog in die kudde is en as jy 'n fout maak, stap daardie fout al die pad saam.

“Pas op vir oorbespierung en dubbelspieregene. Die nadele wat daardie beeste inbring, is op alle vlakke net te veel – op bouwvormvlak, die ingewande; hart en lewer wat kleiner is; en die spiere wat geen vet het nie. As jy buitevet en marmering verloor, verloor jy reproduksie. Jy het vet nodig vir herbesetting en vir reproduksie,” sê Bosman.

Uys sê hy het begin om diere met die dubbelbespierungsgeen te identifiseer en hulle nie meer te gebruik nie. “Ek het besef hulle is verantwoordelik vir 80% van probleme met kalftyd. Daardie diere het ook nie melk nie, hulle sukkel om weer bevrug te raak en van hulle toets dragtig, maar wanneer die kalfseisoen kom, kalf hulle nie. Ek twyfel dus nie daaroor dat dié diere minder vrugbaar is nie.”

BENUT STAMBOEKE

Reproduksie is die grondslag van 'n kudde se voortbestaan en 'n stamboek is 'n nuttige handleiding waarsonder 'n boer nie kan klaarkom nie.

“Jy maak 'n reusefout as jy dink jy kan sonder stambome met diere teel. As jy egter stambome- en reproduksierekords het en dit nie gebruik om swakke diere uit te gooi nie, is dit min werd,” sê Bosman.

“Ek werk al 'n klompie jare saam met twee kommersiële telers, en dit maak my bekommerd dat hulle geen idee het van die stambome en watter verse watter bulle se kalwers is en wat die opvolgbul is nie.

“As jy byvoorbeeld inteling kry deur 'n pa by 'n dogter te sit, is reproduksie die eerste eienskap wat geraak word. Binne die Drakensberger-ras kan jy 'n mate van kruisteling toepas deur verskillende lyne met mekaar te paar, maar bly in beginsel weg van inteling. As jy familie wil gebruik, gaan na lynteling toe (neef en niggie), en dan na 'n lyn wat goeie prestasies lewer.

“Ek hou van stamboeke omdat ek dan die ma kan kry. Ek kan sien wat haar reproduksie en melkproduksie is, en wie haar ma, ouma en oupa is. Stoettelers plaas al hierdie inligting in die katalogus, wat uitstekende waarde bied. As jy 'n bul koop en die ma is 'n swak reprodukerende koei, voeg jy 'n klomp swak gene by jou kudde.”

REPRODUKSIE

Die ontwikkeling van reproduksie-organe is ook belangrik. In die geval van vroulike diere is die eerste ding waarna opgelet moet word, dat die koei vroulik lyk, sê Bosman. Die hele dier moet vroulik wees, van die kop tot die skouers en blad. Sy moet ook 'n wigvorm hê en haar vroulike dele moet goed ontwikkel wees.

“Ons het op 'n keer embryo's by 60 koeie getap vir mense in Amerika. Van hierdie koeie het 42 embryo's op 'n slag gelewer en ander vyf. Dit was interessant om na hul bouwvorm en geslagsdele te kyk. Dié wat minder gelewer het, was swakke en hul geslagsdele en uier was 'n bietjie kleiner. Hulle het 'n bietjie meer bespierung gehad en was growwer diere, dus tel vroulikheid baie.”

Uys sê hy kyk na kondisie, blink vel en die ontwikkeling van die vulva en uier as aanduidings van korrekte hormoonbalans.

“Vir die genetiese vooruitgang van jou kudde is die bulle egter baie belangrik. Jy gaan dit nie bewerkstellig deur swak koeie uit te gooi nie, maar net deur beter bulle te gebruik.

DIE BULLE

“Elkeen moet sy eie resep vir bulseleksie gebruik, maar dit behels min of meer dat 'n bul soos 'n bul moet lyk en optree. Hy moet 'n sterk en breë kop, nek en oogbanke hê, en 'n swaar voorkwart ▶

en wig na agtertoe. Die belangrikste is die skrotum, want dit is 'n baie goeie aanduiding van vrugbaarheid. Dit moet egter relatief wees, dus 'n groot skrotum in verhouding met sy raam," sê Uys.

Die bul se skrotum moet goed gevorm en simmetries wees, want dit huisves die semen.

"Vir behoorlike besetting van koeie is 35 miljoen sperms nodig. As net 20 miljoen sperms ejakuleer, gaan die koei nie beset raak nie. Dit is gekoppel aan die grootte van die skrotum en uitstekende byballe wat duidelik sigbaar is. Libido is ook belangrik omdat die bul meer as een koei moet dek. Dit kan bepaal word deur op die

uitkyk te wees vir 'n kaal kol op die voorkop en ander sekondêre eienskappe, soos 'n bul wat vol lewe lyk. Die skede moet ook nie te lank wees nie, want dit beduiwel die reproduksieproses."

Uys sê teling gaan juis oor hoe om eienskappe te teel wat nie met 'n ander ras verbeter kan word nie. "Dit is die meeste van die tyd oorlewingseienskappe, soos vrugbaarheid en aanpasbaarheid." ■

■ NAVRAE: Web: www.drakensbergers.co.za



TEMA: Beskrywing van die bees PUBLIKASIE: Bylae tot Landbouweekblad JAAR: 2021

Vleisbeeste en voerkrale: **VERSEKER VERBRUIKERSVERTROUW**

Die deeglike monitering van Suid-Afrika se voerkraalkudde is noodsaaklik – ter wille van uitvoer en sodat plaaslike verbruikers gerus kan wees hulle koop veilige kos. Twee kenners het lig hierop gewerp op 'n webinar van die Drakensberger Beestelersgenootskap.

Die speenkalfbedryf maak staat op goeie verhoudinge tussen produsente en kopers, terwyl ander kundiges hulle op navorsing toespits om die rooivleiswaaidekking vaartbelyn te maak.

"In Suid-Afrika word die beste rooivleis nie uitgevoer, soos in die vrugtebedryf nie, maar aan plaaslike verbruikers beskikbaar gestel. Hulle kan verseker wees die vleis is van internasionale gehalte en hulle hoef nie bang te wees om rooivleis te eet nie," sê mnr. Dewald Olivier, hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Voerkraalvereniging (Safa).

Hy sê dit is noodsaaklik dat die voerkraalbedryf voldoen aan vereistes wat met naspeurbaarheid, dieregesondheid, voedselveiligheid en voedselsekerheid verband hou. Hy sê dit maak sin dat naspeurbaarheid van die voerkraal af teruggevoer word na die boer toe, maar wys daarop dat die toekoms van beesvleisuitvoer eintlik op vertrouensverhoudinge tussen deelnemers gaan berus.

Hy meen daar gaan produsente wees wat nie aan die vereistes van 'n naspeurbaarheidstelsel kan of wil voldoen nie en eerder vir die plaaslike bedryf vleis teen sekere pryse sal produseer.



Vir voerkrale in Suid-Afrika om winsgewend en volhoubaar te wees, moet dit wetenskaplik bestuur word. FOTO: Verskaf.

“Boere wat uitvoergerig is, sal vertrouensverhoudinge met voerkrale bou, wat op húl beurt in soortgelyke verhoudinge met betrokkenes verder in die waardeketting sal staan, plaaslik én internasionaal.”

Olivier sê daar sal onderafdelings in die vleisbedryf wees waarin almal verbind is tot die uitvoer van naspeurbare, siektevrye vleis na internasionale handelsvennote wat daardie onderafdelings se protokolle vertrou. Soos in die geval van varkvlies, sal sulke onderafdelings kan aanhou uitvoer, ongeag die heersende nasionale bek-en-klouseerstatus of voorkoms van ander diersiektes in ander dele van die land.

Hy sê om 24% van Suid-Afrika se beesvleisproduksie te kan uitvoer, sal die land 'n beter graderingstelsel vir vleis moet instel wat vir buitelandse verbruikers aanvaarbaar sal wees. Benewens ouderdom moet dit sagtheid en marmering aandui.

Kommunikasie tussen die telersgroepe en die kopers van hul diere is van groot belang vir die suksesvolle bemarking van speenkalwers. 'n Belangrike aspek in die oop gesprek tussen belanghebbendes is om te verstaan waarom sekere kalwers beter in 'n voerkraalstelsel vaar as ander.

Nog 'n aspek waarvolgens produsente beter pryse vir hul diere by die voerkraal kan beding, is die bepaalde gesondheidsvlak van die kudde, onder meer die inentingsprogram wat die boer volg. Olivier ondersteun die noukeurige boekstaving van die kudde se geskiedenis, wat daartoe kan bydra om die naspeurbaarheid van 'n produk van die plaas tot op die verbruiker se bord te bevorder.

“Hoewel diere ons produk is, is ons 'n besigheid wat op verhoudings gebou is. Voerkrale het produsente nodig en ons glo hulle het ons ook nodig. Ons het lank teen mekaar gewerk, maar ons moet nou saamstaan om ons produk in die buiteland te verkoop.”

Die voerkraalbeweging se kode van beste bestuurspraktyk behels van die goeie versorging en grootmaak van diere deur middel van goeie bestuur tot die behoorlike uitoefening van veeartsenykundige praktyke en die behandeling van diere. Alles word gekoppel aan die internasionale ISO-standaard wat onafhanklik gemonitor word.

“Suid-Afrikaanse vleis ding met die beste ter wêreld mee. Die wêreld se markte is oop. Ons moet ál nader aan selfregulering beweeg, waarvan dié projek 'n goeie begin is,” sê Olivier.

NAVORSING

Mnr. Phillip Oosthuizen, wat vir sy doktorsgraad in landbou-ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat studeer, se navorsing oor vleisbeeste is daarop toegespits om die hele rooivleiswaardeketting meer vaartbely te maak en meer waarde uit die bedryf te put. Dit sluit onder meer in die ondersoek na die beesrasse wat die beste groei, die ideale aanpassings- en voertydperk, die beste rantsoene en vleisgradering.

Hy sê nie net die beste bestuur is noodsaaklik om wins te maak nie, maar 'n wetenskaplike boer moet ook seker maak hy bly aan die voorpunt deur die beste tegnologie te benut en self navorsing te doen oor hoe om sy waardeketting te optimaliseer.

“Die boer moet volgehoue aandag skenk aan die produkte wat hy lewer, asook aan die prosesse, tegnologie, sakemodelle en sektore wat daarmee verband hou. Die uiteindelijke doelwit is ekonomiese volhoubaarheid.”

Oosthuizen sê Suid-Afrika slag gemiddeld 8 miljoen beeste per jaar, waarvan 75% deur voerkrale met staanplek vir 700 000 beeste gaan. Hoewel die plaaslike vleisbeesbedryf dinamies is, is daar heelwat ruimte vir verbetering om die voerkraalbedryf meer winsgewend te maak.

Oosthuizen sê die vraag is hoe ekonomies volhoubaar dit is. Stygende produksiekoste kan slegs teëgewerk word deur meer

op dieselfde grond te produseer, groter te word, te diversifiseer en waarde toe te voeg. By die Sernick-groep, waar hy hoof van navorsing en ekonomie is, word iets van alles gedoen. Die klem is egter op groter winsgewendheid uit die beesboerdery, voerkraal en waardetoevoeging.

Oosthuizen se eerste navorsingsprojek in 2015 was toegespits op die presisie-afronding van vleisbeeste in die voerkraal om die beste wins te bepaal met die voertyd van verskillende beesrasse in verskillende prysskenario's. Deur onder meer die groei, voerinname en uitslagpersentasie van elke eiesoortige ras te bepaal, kan die voerkraalprestasië nageboots word. Indien prysskenario's, hoofsaaklik voer- en karkasprys, saam met die prestasiedata verwerk word, kan 'n voertyd bereken word om die hoogste wins te toon.

DOELTREFFENDHEID

“Beesboere moet besef voerdoeltreffendheid en groei word belangriker vir voerkrale. Sonder genetiese verbetering gaan voerkrale, en veral dié wat nie deel van 'n waardeketting is nie, moeilik oorleef,” sê Oosthuizen.

Voerkrale in Suid-Afrika is marginaal en riskant wanneer dit nie wetenskaplik bedryf word nie. Volgens Oosthuizen se navorsing toon voerkrale 30% van die tyd 'n verlies. Van sy aanbevelings vir winsgewende voerkraalproduksie sluit in:

- Koop gesonde, goeie speenkalwers van bulle waarvan die groei en voeromsetting bekend is. Stoettelers kan werklike waarde toevoeg deur hul bulle geneties te selekteer vir groei en voeromsettingsvermoë. Telers wat hul bulle daarvoor laat toets en daarvolgens selekteer, kan dié eienskap na die kommersiële produsent se kudde oordra vir beter waarde in die voerkraal. Vroulike diere wat uit geselekteerde stoetbulle geteel is, sal oor hierdie eienskappe beskik en behoort dit aan hul nageslag oor te dra. Akkurate stambome tesame met seleksie vir genetiese verbetering verhoog die voorspelbaarheid van teling en is van die waardetoevoeging wat die stoetteler aan die kommersiële teler bied. Wetenskaplike vordering sal stoettelers binne die volgende drie tot vyf jaar in staat stel om hul diere ook te selekteer vir vleissagtheid. Vleis van dié beeste sal tot 'n beter eetervaring vir die verbruiker lei.
- Beeste moet die nodige aanpassing (*backgrounding*) ondergaan voor hulle voerkraal toe gaan. Die bulle moet eers 30 dae lank op veldweiding wees waar hulle 'n aanvullende proteïenlek kry. Groei word tot 1 kg per dag beperk. Daarna word die diere tien dae lank in die voerkraal op 'n voerkraal-beginnerrantsoen aangepas. Dan is hulle gereed om die voerkraalproses te volg. Die doel van die aanpassing is die oorskakeling van die rumen van 'n melk-en-gras- na 'n graanrantsoen, wat baie energie bevat en die rumen se suurvlek verlaag. Die kalf moet ook kans kry om gemaklik saam met ander kalwers in 'n klein kampie uit dieselfde voerbak te vreet. Verder help dit om immuniteit op te bou.
- Navorsing wat gedoen is om die optimale slagtyd van verskillende rasse te bepaal, word gebruik om die finansiële voordeel daarvan te kry.
- Kalwers wat nie in die voorbereidingsfases presteer nie, sal ook nie in die voerkraal presteer nie. Sowat 10% word uitgeskot voordat hulle voerkraal toe gaan. ■

NAVRAE: Mnr. Derwald Olivier, e-pos: exec@safedlot.co.za, 082 800 3737, web: safedlot.co.za; mnr. Phillip Oosthuizen, e-pos: phillip@sernickgroup.co.za



STANDAARD VAN *voortreflikheid*

Hierdie is die minimum standaard vir keuring volgens voorkoms en prestasie. Behalwe in die geval van nuwe Hulpstamboek A aannames, sal beeste nie goedgekeur

word as daar nie prestasiesyfers tydens keuring is nie. Lede word onder die konstitusie verplig om aan die amptelike prestasietoetsskema deel te neem voordat keuring kan plaasvind.

	BUL	KOEI
ALGEMENE VOORKOMS (20 punte)		
	'n Swart aangepaste vleisbees met treffende lang, diep lyf.	'n Swart aangepaste vleisbees met treffende lang, diep lyf.
Rasegtheid en Karakter	Soos blyk uit 'n statige manlike kop, vorm van oë en kop, voorkoms van horings, nekplasing en vorm van skof en skouers, lengte van rug en kruis, haarkleur en tekstuur.	Soos blyk uit 'n statige vroulike kop, vorm van oë en kop. Kromming en deursnit van horing, lenige verfynde nek en netjiese aanhegting en plasing van skouers, lengte van rug en kruis, haarkleur en tekstuur.
Bouvorm	Duidelik omlyn, reguit, simmetries en egalig gevlees. Lyf lank, diep, breed met aanvallige bo- en onderlyn. Gemaklike vry gang met lang treë.	Duidelik omlyn, reguit, goed gebalanseer, simmetries en egalig gevlees. Lang lyf, redelik diep, breed, groot kapasiteit met 'n aanvallige bo- en onderlyn. Gemaklike vry gang met lang treë.
Kwaliteit	Soos blyk uit 'n soepel dik vel, haarbedekking en tekstuur, sterk en platbeen en vol egalige vleisbedekking.	Soos blyk uit 'n soepel los vel, haarbedekking en tekstuur, sterk, platbeen met egalige vleisbedekking.
Kleur	Blink-swart met die verskynsel af en toe van grys kolle op die lyf en grys stertkwas. Wit is toelaatbaar in die onderlyf.	Blink-swart met die verskynsel af en toe van grys kolle op die lyf en grys stertkwas. Wit is toelaatbaar op die onderlyf.
MASSA EN GROOTTE VIR OUDERDOM (3 punte)		
	Volwasse massa nie minder as 800kg. Grootte en massa vir ouderdom gebaseer op produksiegegewens, soos verskaf deur die Amptelike produksie aantekeningstelsel, is 'n vereiste by keuring.	Grootte en massa vir ouderdom gebaseer op produksiegegewens, soos verskaf deur die Amptelike produksie aantekeningstelsel as vereiste vir keuring.
KOP EN HORINGS (10 punte)		
Neusspieël en Bek	Sterk en manlik. Breed met groot swart neusgate, kakebeen goed ontwikkel.	Breed met groot swart neusgate, kakebeen goed ontwikkel.
Oë	Groot, wakker, wyd geplaas, oogbanke redelik prominent.	Groot en wakker, wyd geplaas, oogbanke nie te prominent nie.
Gesig	Middelmatige lengte van oë tot bek met effense vernouing na die bek, dog goed gevul, reguit en wyd.	Middelmatige lengte van oë tot bek, dog goed gevul, reguit en wyd.
Voorkop	Effens kort, breed, reguit, plat en gevul beide tussen die oë tot onder die horings.	Effens kort, breed, reguit, plat en gevul beide tussen die oë tot onder die horings.
Profiel	Weens redelike prominente oogbanke en vol voorkop vertoon profiel baie effens geboë. Neusbeen is egter plat en reguit.	So te sê 'n reguit lyn, dog nie hol nie.
Kruin	Plat en wyd, tot effens prominent by onthoringde diere.	Plat en wyd, tot effens prominent by onthoringde diere.
Ore	Groot, dog nie spits nie.	Groot, dog nie spits nie.
Horings	Sterk en matig lank, wit met swart punt in volwasse dier, rond of baie effens ovaal, kom sywaarts uit kop, dan vorentoe en opwaarts. Onthoringde diere en natuurlike poenskop diere is toelaatbaar.	Sterk en matig lank, wit met swart punt by volwasse diere. Rond of effens ovaal uit kop dan vorentoe en opwaarts. Onthoringde diere en natuurlike poenskop diere is toelaatbaar.

	BUL	KOEI
NEK, SKOF EN KEELVEL (6 punte)		
Nek	Matig, kort en sterk, bo breed en gevlees, diep met egalige aansluiting aan kop en skouers.	Fyn, lenig dog reguit en sterk met goeie diepte wat mooi aansluit aan kop en skouers.
Skof	Groot, plat en goed aan skouers geheg.	Feitlik geen skof nie.
Keelvel	Goed en eweredig ontwikkel. Strek van kakebeen tot borsstuk.	Goed en eweredig ontwikkel. Strek van kakebeen tot borsstuk.
SKOUERS, BORSSTUK, BORSKAS, RIBBES EN KAPASITEIT (12 punte)		
Skouers	Sterk, diep, goed en egalig gevlees, stewig aan kambene en ribbes geheg. Kambene nie prominent nie. Skouers ook opvallend egalig gevorm en gespierd bo kambene.	Diep, goed egalig gevlees. Fyn en mooi aan ribbes en kambene gevoeg. Kambene nie prominent nie.
Borsstuk	Wyd en redelik diep, nie te prominent nie.	Nie prominent nie, wyd en redelik diep.
Borskas	Diep, wyd en vol agter die blaaië en elmboë.	Redelik diep, wyd en vol agter die blaaië en elmboë.
Ribbes en kapasiteit	Goeie ribsprong, rond en diep met goed ontwikkelde verteringsruimte.	Goeie sprong van ribbes, rond en diep met goed ontwikkelde verteringsruimte.
BOLYN, RUG, LENDE, HEUPE, KRUIS EN STERT (16 punte)		
Bolyn	Lank en reguit van kambene tot heupe.	Lank en reguit van kambene tot heupe.
Rug	Opvallend lank, breed en eweredig gevlees.	Opvallend lank, breed en eweredig gevlees.
Lende	Breed, vol en diep gevlees met mooi inskakeling by rug en kruisstuk.	Breed, vol en dik gevlees met mooi inskakeling by rug en kruisstuk.
Heupe	Breed en goed bedek, maar nie met prominente heupbene nie.	Breed en goed bedek, maar nie met prominente heupbene nie.
Kruis	Goed bespierd, sonder vetophoping, opvallend lank, wyd tussen draaibene, val effens na sit- en draaibene gevolglik effens dakvormig. Sitbene redelik ver uitmekaar. Bekkenwerwels nie te prominent nie.	Goed gevul en opvallend lank sonder vetophoping, wyd tussen draaibene met 'n effense val na die sitbene en draaibene gevolglik effens dakvormig. Sitbene redelik ver uitmekaar. Bekkenwerwels nie te prominent nie.
Stert	Sertaanhegting redelik hoog maar nie prominent nie, van middelmatige dikte met growwe kwas en lengte tot onderkant hakke.	Sertaanhegting redelik hoog maar nie te prominent nie, van middelmatige dikte met growwe kwas en lengte tot onderkant hakke.
DYE, BROEK EN BINNEBOUD (Bul: 12 punte)		(Koei: 10 punte)
Broek/Dye	Lank, breed en vol. Strek af tot naby hakke dog nie oordrewe rond nie.	Lank, breed en vol. Strek af tot naby hakke dog nie oordrewe rond nie.
Binneboud	Diep en vol.	
BENE, KLOUE EN BEENSTRUKTUUR (10 punte)		
Bene	Onderste skenkels redelik kort, sterk, reguit en vierkantig geplaas. Knieë en hakke groot en sterk. Goed gespierd.	Onderste skenkels redelik kort, sterk, reguit en vierkantig geplaas. Knieë en hakke groot en sterk. Goed gespierd.
Kloue	Groot, hard, swart en mooi gerond.	Groot, hard, swart en mooi gerond.
Beenstruktuur	Kwaliteit getoon deur 'n sterk, harde en platbeen.	Kwaliteit getoon deur 'n sterk, harde en platbeen.
TEELORGANE (Bul: 8 punte)		(Koei: 10 punte)
	MANLIKE ORGANE: Egalig gevorm, goed ontwikkel en ewe groot teelballe met minimum testes omvang volgens minimum standaarde.	UIER: Groot, soepel, lang uier met goeie voor- en agteraanhegting, nie vlesig of hangend nie. Melkare groot en vertak.
	SKEDE: Nie oormatig ontwikkel.	SPENE: Spene van middelmatige lengte vierkantig en wyd uitmekaar geplaas.
VEL EN HAAR (3 punte)		
Vel	Dik. Los en soepel.	Los en soepel.
Haar	Blink-swart, van medium lengte en fynheid, growwer in nek en kop, reguit en dig.	Blink-swart van medium lengte en fynheid, reguit, blink en dig.

Inleiding

VELD- EN KUDDEBESTUUR

*en ons beste se uitnemende rol daarin – in harmonie
met die natuur*

As inheemse ras is die Drakensberger met sy aanpasbaarheid en gehardheid, die ideale ras om 'n beduidende rol te speel in die toekoms van die Suid-Afrikaanse landbou. Die doelstelling van herlewingslandbou en die fokus op langtermyn volhoubare landboubeginsels is ideaal belyn met die eienskappe van die inheemse Drakensberger. Hierdie gedeelte van die joernaal bevat artikels oor die rol van die Drakensberger in herlewingslandbou, weidingsbestuur en kuddebestuur.

Artikels in hierdie joernaal is gepubliseer in óf Afrikaans óf Engels. Die artikels waarvan 'n vertaalde weergawe ook beskikbaar is, het 'n QR-kode wat verwys na die Drakensberger SA webblad waar dit aanlyn beskikbaar is.



Seleksie en bestuur van **VERSE EN EERSTEKALFKOEIE**

Die seleksie en bestuur van vervangingsverse is baie belangrik, aangesien dit die toekomstige koeikudde is en verkeerde seleksiebesluite en/of swak bestuur van verse groot finansiële implikasies kan inhou oor die kort- sowel as die langtermyn.

Die doelwit met seleksie en bestuur van verse kan as volg opgsom word:

- Om verse se onproduktiewe periode so kort moontlik te maak deur hulle op 'n relatief jong ouderdom dragtig te kry.
- Om 'n hoë persentasie verse (90%+) dragtig te kry binne 'n kort (maksimum 90 dae, maar verkieslik korter) teelseisoen.
- Om kalfprobleme by verse tot 'n minimum (laer as 3%) te beperk.
- Om die eerstekalkoeie so gou moontlik na kalwing weer dragtig te kry.
- Om relatief swaar kalwers te speen van die eerstekalkoeie.

SELEKSIE

Soos met bulseleksie, is die grondslag van die seleksie van vervangingsverse duidelike teel doelwitte en 'n weldeurdragte teelstrategie. Dit geld natuurlik nie net vir die stoetteler nie, maar ook vir gewone vleisbeesboere. Sonder duidelike teel doelwitte en 'n weldeurdragte teelstrategie is dit bykans onmoontlik om enige sinvolle seleksie te doen en kan mens maklik vergeet om te fokus op daardie eienskappe wat werklik ekonomies belangrik is.

Omdat 'n vers geen bewese rekord het ten opsigte van eienskappe soos reproduksie, gemak van kalwing en moederlike vermoë nie, moet alle beskikbare inligting van veral haar moeder en, waar toepaslik, ook haar vader en ander verwantes gebruik word om 'n ingeligte besluit te neem by seleksie. Waar beskikbaar, behoort teelwaardes (liewer as indekse) gebruik te word in seleksie, omdat teelwaardes 'n meer betroubare aanduiding is van 'n dier se genetiese meriete. Die geheim is egter om hierdie teelwaardes altyd in balans te gebruik met ander belangrike eienskappe, veral funksionele doeltreffendheid.

Die volgende seleksieprosedure word aanbeveel by die seleksie van verse:

- Die eerste seleksie van verse vind gewoonlik plaas wanneer hulle gespeen word. Die eienskappe waarna daar op hierdie stadium opgelet behoort te word is die volgende:
 - Voorspeense groei en melkproduksie: Die vers se speenindeks is 'n evaluering van beide haar moeder se melkproduksie en haar eie groeitempo tot op speen. Skot verse met 'n lae (onder 90) speenindeks uit, veral as haar moeder 'n rekord het dat sy kalwers speen met swak speenindekse en/of swak teelwaardes vir speen direk (voorspeense groei) en/of speen maternaal (melkproduksie).

- Gemak van kalwing: Skot verse uit wie se moeder 'n rekord het van moeilike kalwing.
- Reproduksie: Skot verse uit wie se moeders eers op 'n hoë ouderdom vir die eerste keer gekalf het en/of se gemiddelde tussenkalfperiode (TKP) lank is en/of reproduksie-indeks laag (onder 90) is.
- Erflike gebreke: Skot alle verse uit met enige erflike gebrek, byvoorbeeld 'n skewe gesig, kort onderkaak, ensovoorts.
- Funksionele foute: Skot alle verse uit met ernstige funksionele foute, wat betref bene (byvoorbeeld regop hakke, kootgewigte wat deurtrap), hoewe (byvoorbeeld uitgroei of misvormde hoewe), vel en haarkleed (byvoorbeeld lang hare, ongepigmenteerde vel), ensovoorts.
- Raamgrootte: Skot alle verse uit wat te groot en/of rankerig is.
- Hormonale wanbalans: Skot alle verse uit wat onvroulik of osagtig lyk en/of met onderontwikkelde geslagsorgane (klein vulva). Dit alles is tekens dat daar moontlik 'n probleem is met haar vroulike hormone of dat daar 'n hormonale wanbalans is.
- Temperament: Skot alle verse uit met 'n swak (wilde) temperament.
- Die tweede seleksie van verse vind gewoonlik plaas net voordat hulle gedek word (15–24 maande ouderdom). Die eienskappe wat op hierdie stadium geëvalueer behoort te word, is die volgende:
 - Voor- en naspeense groei: Skot verse met 'n lae (onder 90) 12-maande en/of 18-maande indeks uit. Omdat die 12- en 18-maande indekse bereken word op die groei vanaf geboorte, is hierdie indekse 'n funksie van beide die moeder se melkproduksie, die kalf se groeivermoë tot op speen en die naspeense groeivermoë tot 12- of 18 maande.
 - Gaan weer die verse deur vir erflike gebreke, funksionele foute, raamgrootte, swak temperament en tekens van 'n hormonale wanbalans.
 - Meet verse se pelvisopening: Ten einde verse wat waarskynlik moeilik sal kalf vroegtydig te identifiseer, kan hul pelvisiese openinge deur 'n veearts gemeet en dié met klein pelvisopening uitgeskot word voordat die teelseisoen begin. 'n Vers wat maklik kalf se baarmoeder en geboortekanaal herstel vinniger en sy kom gouer weer op hitte as 'n vers wat moeilik kalf.
 - Keuring deur 'n telersgenootskap: Waar keuring deur 'n telersgenootskap gedoen word, vind dit gewoonlik ook op hierdie stadium plaas.

- Die derde seleksie van verse vind plaas wanneer dragtigheids-ondersoeke gedoen word. Op hierdie stadium moet alle verse wat nie dragtig is nie, uitgeskot word.
- Indien daar meer dragtige verse oorbly as wat nodig word vir vervanging en/of kuddebou, kan dit oorweeg word om die verse wat laat in die teelseisoen dragtig geword het en dus laat in die kalfseisoen gaan kalf, ook uit te skot, aangesien dit gewoonlik daardie koeie is wat die volgende jaar nie dragtig gaan word nie.
- Die vierde seleksie van verse (einkalf dan eerstekalkoeie) vind plaas wanneer hul gekalf het. Skot alle koeie uit wat moeilik gekalf het, in ag genome natuurlik dat daar nie ander faktore was (soos byvoorbeeld oorvoeding kort voor kalwing of die gebruik van 'n bul wat besonder groot kalwers gee by geboorte) wat daartoe gelei het nie.
- Die finale seleksie (van eerstekalkoeie) vind plaas wanneer hul kalwers gespeen word. Skot alle eerstekalkoeie uit wie se kalf 'n lae (onder 90) speenindeks het. Skot ook eerstekalkoeie uit met 'n lae (onder 90) koeidoeltreffendheidsindeks. Die koeidoeltreffendheid evalueer die speengewig (aangepas vir ouderdom tot 205 dae) van 'n koei se kalf in vergelyking met haar eie metabolisme of onderhoudsgewig (gewig tot die mag 0.75) by kalwing (of speen indien nie aangeteken tydens kalwing). Bv. 'n koei van 500kg wat 'n kalf van 250kg speen is meer doeltreffend as 'n koei van 600kg wat 'n kalf van dieselfde gewig speen.

Die LNR se Nasionale Vleisbeesaantekening en -verbeteringskema het 'n verslag, die sogenaamde Teelkuddeseleksieverslag, beskikbaar wat al die belangrike data bevat wat nodig is om koeie en verse te selekteer. Dit sluit in al die reproduksie maatstawwe, indekse, teelwaardes, goedkeuringsverhoudings en toekennings. Swak presteerders ten opsigte van elke eienskap word gemerk met 'n rooi kring om dit maklik te maak om hulle te identifiseer. Hierdie verslag is 'n waardevolle en uiters gebruikersvriendelike hulpmiddel om die teelkudde mee te evalueer en probleemdiere te identifiseer. (Terloops, die Teelkuddeseleksieverslag is ook beskikbaar in die plaas sagteware bestuursprogram, BeefPro).

BESTUUR

As gevolg van die hoë koste verbonde daaraan om 'n vers groot te maak tot na eerste kalwing, kan geen boer dit bekostig om jong koeie op hierdie kritiese stadium van hul reprodutiewe lewe te verloor nie. Soos reeds genoem, behoort bestuurspraktyke by verse en eerstekalkoeie daarop gemik te wees om verse vroeg en maklik te laat kalf en eerstekalkoeie weer vinnig in kalf te kry, aangesien hierdie aspekte die mees algemene probleme is wat beesboere ondervind ten opsigte van die reproduksiebestuur van hul kuddes.

Die primêre doelwit met versbestuur is om die maksimum aantal verse so vroeg en koste-effektief as moontlik dragtig te kry in 'n relatief kort tydperk, vir kalwing gedurende 'n tydperk wat die gunstigste is vir herkonsepsie, kalf oorlewing en voorspeense groei van die kalwers. Verse behoort, in die algemeen gesproke, dragtig te wees voordat hulle 27 maande oud is, sodat hulle sal kalf voordat hulle 36 maande oud is. Die gewig, kondisie en groeitempo van verse is belangriker aanduiders as ouderdom om te bepaal wanneer verse die eerste keer gedek kan word. Dit moet natuurlik inskakel by jou kudde se teelseisoen(e), sodat optimale gebruik gemaak word van die goedkoopste bron van hoë gehalte voer, naamlik goeie somer weiding (in 'n somer reënval gebied).

Die volgende bestuurspraktyke word aanbeveel om te verseker dat verse vroeg en maklik kalf en eerstekalkoeie weer gou dragtig word en 'n relatief swaar kalf speen:

Algemeen:

- Maak seker dat die verse inpas by die produksie-omgewing. Waak veral teen grootraam verse (wat grootraam koeie gaan word) waar die beskikbaarheid van voedsel beperkend is. Omdat eerstekalkoeie self nog groei en 'n kalf soog, is hul voedingsbehoefte baie hoog en sal hul reproduksie noodwendig daaronder lei indien hul baie kondisie verloor.
- Bestuur verse en eerstekalkoeie apart. Dit is baie belangrik dat verse, as 'n aparte groep of groepe bestuur word vandat hulle gespeen is totdat hulle die tweede keer kalf. Dit behels onder andere dat meer aandag aan hulle gegee word, dat hulle die beste kampe kry, dat hulle strategiese byvoeding kry wanneer nodig en dat 'n spesiale gesondheidsprogram gevolg word.

Paring:

- Kry verse op 65% van verwagte volwasse gewig by dekking. Indien die volwasse koeie gemiddeld 500kg weeg, moet die verse dus ongeveer 325kg weeg aan die begin van die teelseisoen. Voor kalwing moet die verse 80 – 85% van hul verwagte volwasse gewig weeg.
- Gebruik 'n kort teelseisoen. Die teelseisoen van verse behoort ideaal gesproke slegs 45 – 65 dae te wees. Die primêre voordeel van 'n kort dek- en kalfseisoen is om druk te plaas op seleksie vir vrugbaarheid. Dit het ook die voordeel dat beter toesig gehou kan word tydens kalftyd.
- Dek verse 4 tot 6 weke voor die koeie se teelseisoen begin. Deur verse vroeër as die koeie te dek, gee dit hulle 'n langer postpartum herstelperiode wat tot hoër herkonsepsies behoort te lei. Hierdie praktyk moet egter slegs oorweeg word indien die verse voldoende voeding kry vóór kalwing en ook ná kalwing totdat voldoende groen gras beskikbaar is, anders gaan hulle te veel kondisie verloor wat tot laer herkonsepsies kan lei. Dit is egter belangrik dat hul kalwers 4 – 6 weke vroeër gespeen word as die res van die koeie se kalwers, anders kan hulle steeds te veel kondisie verloor.
- Dek verse op 18 – 21 maande ouderdom indien hulle te swaar en/of te vet word om op 24 – 27 maande ouderdom te dek. Hierdie praktyk moet egter slegs oorweeg word indien voldoende goeie kwaliteit weiding en/of oesreste, hooi of kuilvoer beskikbaar is na kalwing om te verseker dat hul kondisie optimaal bly vir herkonsepsie. Indien sulke eerstekalkoeie dan ses maande gerus word voordat hulle weer gedek word (om dan in die hoof kalfseisoen te kalf), sal dit hoër herkonsepsie verseker. Die maksimum verkorting van verse se onproduktiewe lewe kan verkry word deur verse op 12 – 15 maande te dek, maar hierdie praktyk moet slegs oorweeg word indien die voeding- en algemene bestuur in 'n kudde op 'n baie hoë vlak is.
- Dek meer verse as wat nodig is vir vervanging. Tot 50% meer verse as wat nodig word vir vervanging behoort gedek te word, sodat daar voldoende dragtige verse beskikbaar is om alle nie-dragtige koeie en koeie wat vir ander redes uitgeskot moet word, te vervang.
- Oorweeg sinchronisasie van verse. Die doel met sinchronisasie is om verse so vroeg moontlik vroeg dragtig te kry gedurende 'n kort teelseisoen. Sinchronisasie is 'n redelik algemene praktyk by KI, maar hou ook voordele in by natuurlike dekking.
- Gebruik beproefde gemak-van-kalwing bulle op verse. Moeilike kalwing verleng die postpartum herstelperiode wat lei tot swakker herkonsepsie. Gebruik dus slegs bulle met 'n relatief lae teelwaarde vir geboortegewig op verse om maklike kalwing te verseker.
- Gebruik 'n hoër verhouding bulle by verse. Die gebruik van 'n hoër verhouding bulle (15 – 20 verse per bul) by verse – veral gedurende die eerste 21 dae van die teelseisoen – sal verseker dat verse wat op hitte kom makliker dragtig word vroeg in die teelseisoen.
- Stel verse en eerstekalkoeie bloot aan koggelbulle. Die

blootstelling van verse en eerstekalkoeie aan koggel- of steriele bulle of geandroginiseerde koeie vir minstens 9 dae voor die begin van die teelseisoen, sal hulle stimuleer om te begin ovuleer en meehelp dat meer verse dragtig word vroeg in die teelseisoen.

Voeding:

- Die kondisie van verse by paring en by kalwing is krities belangrik. Op 'n 1 – 5 punteskaal (1 = brandmaer; 5 = oorvet), moet verse 2.5 – 3.0 wees by paring en 3.0 – 3.5 by kalwing. Indien nodig, moet die voedingspeil van eerstekalkoeie verhoog word ná kalwing om hul liggaamskondisie in stand te hou.
- Gee aan eerstekalkoeie die beste beskikbare voeding. Die voorsiening van die beste beskikbare voeding (hetsy weiding, hooi of mieliereste) aan eerstekalkoeie nadat hulle gekalf het is krities om te voldoen aan hul hoë voedingsbehoefte en te verhoed dat hulle kondisie verloor.
- Byvoeding (in die vorm van lekke) moet gebalanseerd wees ten opsigte van proteïene, energie, minerale en spoorelemente. Die lek moet aangepas word volgens die seisoen, hoeveelheid en kwaliteit van die weiding en die kondisie van die verse.
- Voorsien 'n prikkellek 21 dae voor die teelseisoen begin. Die voorsiening van 'n prikkellek 21 dae voor die teelseisoen begin tot 42 dae in die teelseisoen, sal meehelp om 'n hoë konsepsiesyfer te behaal.
- Vermoeg oormatige energie byvoeding in die laaste drie maande van dragtigheid. Indien nodig, kan addisionele energie gedurende die laaste 50 dae van dragtigheid gegee word om te verseker dat verse se kondisietelling 3 – 3 1/2 is by kalwing. Wees egter versigtig, aangesien oormatige energie byvoeding in die laaste drie maande van dragtigheid kan lei tot groot kalwers, moeilike kalwing, 'n

langer herstelperiode vir die geboortekanaal en gevolglik langer tydperk tot herkonsepsie. Wees veral versigtig om nie verse op mielielande waar die koppe nie opgetel is nie, te laat oorwinter, want dit kan geboortegewigte verhoog en verse oorvet laat word, met gevolglike moeilike kalwings.

- Voorsien ionofore aan koeie na kalwing om die benutting van voer te verbeter. Verskeie studies het getoon dat die voer van ionofore na kalwing voerkostes met slegs ongeveer 12c/dag verhoog, maar dat dit die postpartum interval verkort met gemiddeld 18 dae, mits voldoende energie beskikbaar is.

Ander bestuurspraktyke:

- Verleen vroegetydig hulp by moeilike kalwings indien hulp benodig word. Nadat 'n vers 1 1/2 uur in stadium 2 (hoeve sigbaar) van kalwing was, sal elke addisionele 30-minute vertraging in hulpverlening lei tot 'n addisionele ses dae in die interval tot sy weer dragtig word.
- Oorweeg kruipvoeding vir eerstekalf koeie se kalwers, veral as die weiding swak is. Dit sal die kalwers se speengewigte verhoog en die koeie help om kondisie te behou wat herkonsepsie sal verbeter.
- Speen kalwers vroeg gedurende droogtes of voedingstekorte. Vroeë speen van kalwers (tot 40 dae vroeër) is volgens navorsing een van die beste metodes om die reproduksie-tempo van eerstekalkoeie te verbeter, aangesien dit voorkom dat hierdie koeie te veel kondisie verloor.

SLOT

Die seleksie en bestuur van verse en eerstekalkoeie is krities belangrik vir 'n hoë reproduksietempo, hoë speengewigte en lae kalfmortaliteite in 'n vleisbeeskudde. ■


TUISTE VAN DIE DRAKENSBERGER

**Vir volgeregisteerde Drakensbergers
vanaf strawwe Rooiwater, Galsiekte
Suurveld oos van Carolina,
Mpumalanga.**



HOME OF THE DRAKENSBERGER

**John Roos 082 809 7941
Vic Roos 082 805 3932**



*55 jaar van
doelgerigte teling
vir meer vleis*



Bewaar landbougrond só **DEUR BIODIVERSITEIT**

Bewaringslandbou is 'n wye begrip wat die bestuur en die beskerming van natuurlike hulpbronne vir volhoubare landbou-produksie insluit. Die beginsels van bewaringslandbou wat lewendehawe-integrasie insluit, volg die natuur se voorbeeld.

Bewaringslandbou is 'n benadering tot die bestuur van plase (of landbou-ekostelsels) vir verbeterde en volgehoue produktiwiteit, verhoogde winste en voedselsekerheid, terwyl die hulpbronnabasis en die omgewing bewaar en verbeter word. Dié benadering word gekenmerk deur drie beginsels wat veronderstel is om gelyktydig toegepas te word.

MINIMALISEER GRONDVERSTEURING

Meganiese grondversteuring, soos bewerking met 'n ploeg, skottel-eg of beitelploeg of oorbeweidings, wat kaal of gekompakteerde grond tot gevolg het, is vernietigend en ontwrigtend vir grondmikrobes.

Dit skep 'n vyandige omgewing, pleks van 'n gunstige habitat vir grondmikrobes om in te lewe en te werk.

Die grond kan ook chemies of biologies versteur word deur die misbruik van insette soos kunsmis en plaagdoders. Dit ontwrig die simbiotiese verhouding tussen mikro-organismes en gewaswortels.

Deur chemiese insette strategies te verminder of aan te pas, kan voordeel getrek word uit dié grond-ekostelsel om plante toe te laat om noodsaaklike voedingstowwe vrylik te verkry.

DIVERSIFISEER

Suikers word deur die wonder van fotosintese deur plante vervaardig. Dit word dan deur hul wortels in die vorm van vloeibare koolstof in die grond vrygestel, en word geruil met grondmikrobes vir voedingstowwe om plantegroei te ondersteun.

Hierdie grondekostelseldiens is 'n belangrike element van gesonde grond, en kan verbeter word deur die insluiting van soveel verskillende plante en diere as wat prakties moontlik is.

Vee wat byvoorbeeld dekgewasmengsels en natuurlike weiding benut, dra tot die diversiteit by.

Met ultrahoëdigheidsbeweidings, wat 30-50% van die beskikbare plantmateriaal gebruik, kan vee wortelontwikkeling stimuleer en 80% van die voedingstowwe in die vorm van mis herwin. Biodiversiteit lei direk tot uiteenlopende grondmikrobes uit 'n verskeidenheid funksionele groepe. Op sy beurt verbeter dit die grond se vermoë om gewasse, weiding, vrugte en groente te ondersteun wat baie voedingstowwe bevat en uiters lewenskragtig is.



Drakensbergerbeeste skakel baie goed by bewaringslandbou in. Dié kudde van mnr. Danie Slabbert word in 'n hoëdrukbeveidingsstelsel bestuur. Sy kontantgewasse sluit sojabone, sonneblomme en mielies in. FOTO: Liza Bohlmann

Biodiversiteit is uiteindelik die sleutel tot die sukses van enige landboustelsel. 'n Gebrek aan biodiversiteit beperk die potensiaal van enige boerderystelsel aansienlik, en verhoog die kans op siektes en plaagprobleme.

'n Verskeidenheid funksionerende grondvoedselnetwerke verskaf voedingstowwe, energie en 'n watersiklus wat die grond in staat stel om sy volle produksiepotensiaal te bereik.

WORTELS IN DIE GROND

Nóg 'n beginsel van bewaringslandbou is om lewende wortels se groei reg deur die jaar te stimuleer. Daar is baie voedselbronne in die grond wat die grondvoedselnetwerk voed, maar daar is geen beter kos as die vloeibare koolstof wat deur lewende wortels uitgeskei word nie. Grondorganismes voed eerstens op vloeibare koolstof uit lewende plantwortels, daarna op dooie plantwortels, gevolg deur bognondse oesreste soos strooi, kaf, doppe, stingels, blomme en blare. Laastens voed hulle op ander organismes laer af in die grondvoedselketting.

Gesonde grond is afhanklik van hoe goed die grondvoedselketting gevoer word. Die voorsiening van maklik toeganklike voedsel (vloeibare koolstof) stimuleer grondmikrobes om voedingstowwe te herwin sodat plante kan groei. Die werking van die grondekostelsel word dus bepaal deur die teenwoordigheid, diversiteit en fotosintetiese tempo van aktiefgroeiende groen plante en wortels.



Só lyk grond wat propvol mikro- en makro-organismes is. Sekere landboupraktieke kan die gunstige omgewing vir grondmikrobes vernietig, en daarmee saam die simbiotiese verhouding tussen dié organismes en gewaswortels. FOTO: Bertie Coetzee



Dekgewasmengsels en gesonde, natuurlike weiding dra by tot die grond-ekostelsel vanweë die fotosintetiese tempo van aktiefgroeiende groen plante en wortels. Hier is 'n somerdekgewasmengsel met onder meer voersorghum, babala, dolichos, akkerbone en sonneblomme. FOTO: Gerrie Trytsman.

Dekgewasmengsels en gesonde natuurlike weiding produseer worteluitskeidings met wisselende samestellings en uitwerkings, en verskillende gebiede van voedingstofopname, aangesien die hoeveelheid, diepte en patrone van wortelvertakking verskil.

BEDEK GROND

'n Permanente organiese grondbedekking is deel van bewaringslandbou. Grond moet altyd bedek word deur groeiende plante en/of hul reste. Kaal grond moet selde van bo af sigbaar wees. 'n Deklaag hou die grond koel en klam, wat 'n gunstige habitat bied vir baie organismes wat die ontbinding van reste aan die gang sit deur dit in kleiner stukkie af te breek.

Volgens die Verenigde Nasies se Voedsel- en Landbou-organisasie (FAO, 2011) is die beginsels van bewaringslandbou universeel van toepassing op alle landboulandskappe en grondgebruik, met plaaslik aangepaste praktieke. Dit beteken dat enige boer bewaringslandbou enige plek ter wêreld kan toepas om biodiversiteit en natuurlike biologiese prosesse bo en onder die grondoppervlak te verbeter.

Boere moet meganiese grondversteuring tot die minimum beperk. Gebruik eksterne insette soos landbouchemikalieë en plantvoedingstowwe van minerale of organiese oorsprong optimaal, en in hoeveelhede en op 'n manier wat nie inmeng met die biologiese prosesse of dit ontwrig nie.

Bewaringslandbou help boere om goeie praktieke te beoefen, soos tydig aksies, en verbeter algehele boerdery vir gewasproduksie. Aangevul deur ander bekende goeie praktieke, waaronder die gebruik van gehaltesaad, en geïntegreerde plaag-, voedings-, onkruid- en waterbestuur, lê bewaringslandbou die grondslag om volhoubare landbouproduksie te versterk. Dit skep meer opsies vir die integrasie van produksiebedrywe soos gewasse en lewende hawe, en die integrasie van bome en weivelde in landbougebiede.

BEWARING IN AFRIKA

Die voorkoms van volhoubare gewas-lewendehawestelsels in Afrika suid van die Sahara is so oud soos die berge. Die integrasie van lewende hawe met gewasstelsels is al honderde jare die grondslag

van landbou in dié streek.

Volgens die VLO (2010) lewer gemengde produksiestelsels tans sowat 50% van die wêreld se graan en die meeste van die stapelvoedsel wat deur arm mense verbruik word.

Hulle produseer ook die grootste deel van die lewendehawe-produkte in die ontwikkelende wêreld (75% van die melk en 60% van die vleis).

Dié produksiestelsels het miljoene mense in diens op plase of op formele en informele markte, en by verwerkingsaanlegte en in verwante poste in die waardeketting.

MINDER RISIKO

Die integrasie van lewende hawe met bewaringslandboustelsels was die afgelope dekades van die belangrikste vernuwings in sulke gemengde produksiestelsels om ekonomiese en ekologiese volhoubaarheid en veerkragtigheid te verseker. Terselfdertyd word ekostelseldienste soos verhoogde biologiese diversiteit, voedingstofsiklus en verbeterde grondgesondheid verskaf. Dit verhoog ook bos-, grasveld- en savanne-bewaring, en dra by om die uitwerking van klimaatsverandering te versag.

Op ekonomiese en produksiegebied versterk volhoubare, geïntegreerde gewas-lewendehawestelsels diversifikasie.

Boonop bied die optimalisering van produksiemiddele, waaronder arbeid, 'n beter herstelvermoë van ekonomiese druk en verminder dit ekonomiese risiko's.

Vanuit 'n sosiaal-kulturele perspektief is die stelsels ideaal om boere te help om hul aspirasies om 'n bestaan te kan maak, te bereik. Dit dra by om 'n billike sosiale dinamiek te verseker, veral vir ouer persone, vroue en die jeug. Voedselsekerheid en voedselveiligheid word verhoog, terwyl aan verbruikerskeuse en -vraag voldoen word.

Mense kan dalk vra: "Wat is nuut hieroor in Suid-Afrika, en is dit die moeite werd om die geïntegreerde en volhoubare produksie van gewasse en vee te bevorder?"

Die werklikheid is dat Suid-Afrika 'n dringende behoefte het aan meer volhoubare en produktiewe landboustelsels, wat ook die uitwerking van klimaatsverandering kan versag. Die meeste tradisionele landboupraktieke (op klein en groot skaal) lei tot erge grondaftakeling.

Landboupraktieke soos intensiewe bewerking en oorbeweiding lei dikwels tot groot verliese aan grondorganiese materiaal en beskikbare grondvog, verswak die grondstruktuur en dra by tot gronderosie.

Bewaringslandbou het in die meeste gevalle bewys dat bykomende koolstof in die grond vasgelê word, en dit lei tot beter grondgesondheid, produktiwiteit en winsgewendheid.

Lewende hawe op verbeterde weiveld, wat die gevolg is van weidingsrotasie, produseer nie net meer vleis per eenheid weiding nie, hulle produseer ook meer voedsel per eenheid kweekhuis-gasvrystellings. Gegronde op die gunstige ervaring en navorsingsresultate van boere en ander praktisyns die afgelope drie dekades in die wêreld (waaronder Afrika suid van die Sahara), is 'n nuwe soort volhoubare, intensiewe landbou besig om na vore te kom, gegrond op bewaringslandbou.

INTEGRASIE

Wat is die rol van bewaringslandboubeginsels binne volhoubare gewas-lewendehawe-integrasie?

Benewens die verbetering van die fisieke, chemiese, hidrologiese en biologiese eienskappe van die grond kan gediversifiseerde gewasse, waaronder dekgewasse, suksesvol as veevoer gebruik word. Die meeste rotasie- en dekgewassespesies is eintlik reeds voorheen as veevoer gebruik, waarskynlik selfs voor hul rol om grondeienskappe te verbeter algemeen bekend was. Verskeie graan- en dekgewassespesies kan die produktiwiteit van die veestelsel aansienlik verbeter deur:

- Hoër drakrag te handhaaf;
- Voer van 'n hoër gehalte te bied wat dieregroei koerse verhoog (bv. peulgewasse); en
- Waardevolle voer te verskaf gedurende die winter en vroeë lente.

Voer wat in die winter voorsien word (soos hawer, wieke, medics en lusern) het ook 'n hoër waarde weens die lae aanbod en gehalte van ander voer wat in dié tyd beskikbaar is. Na gelang van die situasie kan hierdie gewasse direk beweï word of gebruik word as hooi, kuilvoer of in gewasrotasie, wat grane insluit. Bestuurspraktyke soos die bemesting van gewasse en weidingsbestuur kan 'n invloed hê op die opbrengs en voeding-status van voer.

EKONOMIE EN OMGEWING

Ekonomiese ontledings het getoon dat bewaringslandbou 'n uiters winsgewende stelsel is vergeleke met konvensionele stelsels. Die netto boerdery-inkomste styg gewoonlik aansienlik binne 'n tydperk van tien jaar, teenoor konvensionele stelsels se netto inkomste wat volgens berekeninge geneig is om af te neem.

Die verandering in die opbrengs op kapitaal van bewaringslandboustelsels vergeleke met konvensionele stelsels is nogal indrukwekkend. Die volgende ekonomiese voordele van bewaringslandbou het uit langtermyneksperimente geblyk:

- Beleggings in masjinerie is 39% laer.
- Kragvereistes is 75% laer.
- Werktyd is 60% tot 80% minder.
- Brandstofverbruik is 60% tot 84% laer.
- Veranderlike koste: Lone is 70% tot 84% minder, en herstellkoste is 60% tot 65% laer.

Deur gewasdiversiteit selfs marginaal te verhoog en grond-organiese materiaalinhoud en biologiese aktiwiteite te bou, kan hoër natuurlike grondvrugbaarheid bereik word.

Dit kan 'n groot finansiële en omgewingsimpak hê. Dekgewasse (soos peulgewasse) kan jaarliks tot 100 kg grondstikstof



'n Kuddes van Drakensbergers en Nguni-beeste beweï 'n stuk veld tussen sonneblomlande. Dekgewasse en oesreste op landerye waar tans kontantgewasse groei, sal later as voerbron dien, terwyl die beeste met hul hoefaksie, mis en urine hul bydrae tot die ekosisteem lewer. FOTO's: Liza Bohlmann



Dr. Hendrik Smith, bewaringslandboufasiliteerder van Graan SA. FOTO: Johan Norval

per hektaar bydra, wat kostebesparings van meer as R1 500 per ha op N-kunsmis (2019-pryse) meebring. Dit verminder ook onkruidsaadbanke en gewasverliese weens insekplae en siektes, vergeleke met enkelgewasboerderystelsels. Dié waardes sal tussen verskillende streke en plase verskil, maar die neiging sal waarskynlik in die meeste wêrelddele dieselfde wees.

Met ekonomiese vergelykings tussen konvensionele stelsels en bewaringslandbou, moet die hele stelsel oor 'n aantal jare vergelyk word, en 'n geldwaardemoet gekoppel word aan dinge soos verlies/wins van organiese materiaal en grondvrugbaarheid.

Oor die algemeen verlaag plaasinkomste in konvensionele stelsels weens dalende opbrengste, terwyl dit met bewaringslandbou styg. Die verandering in inkomste en veranderlike koste tussen die eerste en tiende jaar onder bewaringslandbou weerspieël toenemende opbrengs, 'n hoër gewasintensiteit en besparings per gewas aan kunsmis en onkruid- en insekdoder.

Die voordele van bewaringslandboustelsels sluit in:

- Dit verminder koolstofvrystellings en erosie.
- Dit verhoog die beskikbaarheid van water vir gewasse en verbeter so weerstandigheid teen droogte.
- Dit verbeter die hervulling van ondergrondse water en versag die impak van die oënskynlik toenemende weerwisselvalligheid wat met klimaatsverandering verband hou.

Die voordele lei tot betroubaarder oeste en verlaag risiko's, veral vir kleinboere, wat deurslaggewend is vir die voedselsekerheid van sowat 3 miljoen kleinboergesinne in Suid-Afrika. Dit beteken dat bewaringslandboustelsels se opbrengs (en huishoudelike voedselvoorraad) op aanvaarbare hoë vlakke volgehou kan word.

AANHANG VERSTERK

Vanweë die vele voordele van bewaringslandbou wat betref opbrengs, volhoubaarheid van grondgebruik, inkomste, tydigheid van gewaspraktyke, gemak van boerdery en ekosisteldienste, het die gebiede onder bewaringslandboustelsels in baie lande aansienlik uitgebrei, hoofsaaklik danksy die inisiatief van boere en hul organisasies.

In Suid-Afrika is die totale oppervlakte onder bewaringslandbou nog relatief klein teenoor gebiede wat meganies bewerk word. Daar is egter 'n beduidende ommeswaai in die aantal boere wat bewaringslandbou beoefen. Boonop toon navorsings- en ontwikkelingsinisiatiewe aansienlike verbeterings wat bewaringslandbou verder sal bevorder.

Dr. Hendrik Smith is Graan SA se bewaringslandboufasiliteerder.

NAVRAE: Dr. Hendrik Smith,
012 943 8239; e-pos: hendrik.smith@grainsa.co.za

DRAKENSBERGER 6+ TELERS

Ons teel vir meer geld
in jou sak



 6+ Drakensberger telers



Freddie Wasserfall
Otjiwa
082 556 4452



Neels & Elmien Wilken
Jesumar
083 638 2152



Fanie & Linnie van Dyk
Brakenjan
082 774 4952



Monja Esterhuizen
Mobaza
084 580 5808



Carel & Anita Nel
Grasmunt
082 828 1984



Frannie & Miemie du Toit
Turfkuil
072 355 7601



Petri & Hendrina Bezuidenhout
082 859 7023

VEE HET BELANGRIKE ROL *in bewaringslandbou*

Die rol van weidiers as aanspoorders van 'n landbou-ekostelselverandering in 'n geïntegreerde boerderystelsel vir bewaringslandbou is noemenswaardig. Mnr. Gerrie Trytsman, 'n onafhanklike navorser wat dekgewasproewe doen, wat die evaluering van gewasse en mengsels insluit, skryf in hierdie artikel oor die impak van grootskaalse beweidings, soos beeste, op die omgewing.



Drakensbergerbeeste wei in 'n hoëdrukbeveidingstelsel. Dié weistelsel verhoog die mededinging tussen weidende diere. Só word alle weiding, waaronder groen onkruid, beweë en die veld optimaal benut. FOTO: Liza Bohlmann

Bewaringslandbouboerderystelsels was 'n algemene praktyk in die verlede. Mettertyd is die integrasie van lewende hawe en gewasse uitgefaseer namate landboustelsels meer gespesialiseerd geraak het.

Daar word aangevoer dat stelsels wat gewasse en lewende hawe integreer, die volgende voordele inhou:

- Dit kan grondgehalte verbeter.
- Opbrengste kan styg.
- Dit kan 'n verskeidenheid voedselsoorte lewer.
- Bestuiwers se getalle kan toeneem.
- Dit kan met plaagbekamping help.
- Die doeltreffendheid van grondgebruik kan verbeter.

Die volhoubare versterking van boerderystelsels is dus 'n uiters belangrike komponent van landbouvooruitgang in die komende

jare om produktiwiteitsdoelwitte te bereik sonder om maatskaplike en ekologiese uitkomst in gevaar te stel. Geen enkele praktyk of bestuurstrategie sal genoeg wees om hierdie doelwitte te bereik nie. 'n Samevoeging van benaderings, wat by die plaaslike konteks en omgewingstoestande aangepas is, word eerder vereis.

PLAASLIKE KONTEKS

In Suid-Afrika beskou boere grondvog as die beperkendste faktor vir produksie.

Dit is omdat reënval in die algemeen laag, wisselvallig, oneweredig versprei en onbetroubaar is. Byna 91% van die land kan beskryf word as droog, halfdroog en droog-subhumid.

Die agteruitgang van grond is die belangrikste omgewingsprobleem wat baie gebiede in Suid-Afrika raak. Die belangrikste uitwerkings

van grond wat agteruitgaan, is grondverarming en plantegroei wat vatbaarder vir droogte is. Faktore wat daartoe bygedra het, veral in die kommersiële bedryf, is:

- Monokultuurgraanproduksie.
- Intensiewe bewerking.
- Beperkte wisselbou.

As 'n beginsel van bewaringslandbou word dit as 'n bestebeheerspraktiek beskou om minstens drie gewasse in wisselbou te hê wanneer droë-landboerdery beoefen word. Mielies en sonneblomme is tans die enigste gewasse wat vir boere in die westelike dele van die land beskikbaar is. Dit is te wyte aan die feit dat die mark vir graansorghum onbetroubaar is en dat sojaboonoeste dikwels laag is weens langdurige hoë temperature.

Die vraag is of die inwerkingstelling van 'n geïntegreerde gewaslewende-hawe-stelsel as deel van 'n bewaringslandboustelsel op plaasvlak die agteruitgang van die natuurlike hulpbronne kan voorkom en terselfdertyd waterverbruiksdoeltreffendheid kan verbeter.

GRONDGEBRUIK

By geïntegreerde gewas-lewende-hawe-stelsels is spesifieke grondgebruikpraktieke van toepassing. Verskillende weidingspraktieke kan deurslaggewend wees in die regenerasie, oftewel die herlewering, van grond en die verskaffing van broodnodige voedingstowwe aan vee. Sogenoemde rusweiding vorm deel van 'n lang wisselboustelsel.

Die begrip "rusweiding" beteken verskillende dinge vir verskillende mense. Dit kan 'n verskeidenheid eenjarige of meerjarige plantsoorte, peulgewasse of grasse insluit wat in kort- of langtermynwisselbou gebruik word. Daar is dus 'n reeks rotasielengtes en samestellings van plantsoorte tot die boer se beskikking. Die produksie van veeprodukte, soos vleis en melk, kan die herstel van hierdie grond 'n lewensvatbare en winsgewende opsie maak.

Rusweiding in gewasrotasiestelsels het die vermoë om grond wat verswak het, te rehabiliteer, grondgesondheid te herstel, die produktiwiteit van lewende hawe te verbeter en belangrike omgewingsprobleme te verminder. Met die dalende vrugbaarheids- en produktiewe vermoë van groot dele van Suid-Afrikaanse landbougrond is daar 'n toenemende behoefte om suksesvolle rusweidingstelsels in graanproduserende streke te ontwikkel.

Hier is vier voorbeelde:

1. Meerjarige rusgewasweiding. In Suid-Afrika vorm rusgewasboerdery, grasse en peulgewasse wat winsgewend en ekologies met graangewasse en veebedrywighede geïntegreer is, die grondslag vir buigsame en volhoubare droëlandboerderystelsels. Meerjarige grasmengsels (soos smutsvinger-, rhodes-, buffels- en oulandsgras) en peulgewasse (soos soetwitblomklawer) herstel die grond en verskaf voer vir skape en beeste in die weidingsfase van die gewasvolgorde.

Gewoonlik sal boere hierdie gewasse in Januarie tot Februarie met vee benut en dan die weidings laat hergroeï tot die eerste ryp voorkom. Tydens hierdie biomassa-opboufase kan die staandehooiprodukte dan saam met 'n goeie winterlek van minerale en 'n NPN-bron gedurende Augustus tot September gebruik word. Sekondêre voordele van dié tipe geïntegreerde stelsels sluit in:

- Geïntegreerde plaagbestuur met 'n beter onderbreking van plaeg en siektes se lewensiklus en onkruidonderdrukking.
 - Verminderde kunstmisinsette en verbeterde lug- en watergehalte.
 - Grondbewaring en verbeterde grondgehalte.
 - Die potensieel globale voordeel van koolstofvaslegging soos verwant aan die hoër primêre produktiwiteit van rusgewasboerdery.
2. Eenjarige rus- of dekgewasse. Hoewel eenjarige dekgewasse veelsydig is, maak hulle die bestuur van die stelsel ingewikkelder.



Oesreste, urine en mis laat 'n doeltreffende deklaag ná beweiding waarin kontantgewasse geplant kan word. FOTO: Liza Bohlmann.



Uiters afgetakelde veld wat deur slangbos (Seriphium plumosum) ingeneem is. FOTO: Hennie Snyman.



'n Goedgevormde mishoop is sowat 5 cm hoog, rond in die middel, en as dit val, klink dit soos wanneer jy met bakhande klap. FOTO: Liza Bohlmann.

'n Moontlike nadelige uitwerking wat boere moet oorkom as dekgewasstelsels in werking gestel word, is die mededinging om water met kontantgewasse. Toenemende dekgewasbiomassa met 'n hoë C:N-verhouding het getoon dat dit die beskikbaarheid van anorganiese stikstof en die daaropvolgende gewasopbrengs nadelig beïnvloed as dit nie reg bestuur word nie.

Tydens 'n weidingsproefneming by Ottosdal in Noordwes is 'n veelading van 50 grootvee-eenhede per hektaar gebruik. Daar is opgemerk dat 'n voldoende deklaag (100%) op die grondoppervlak geskep is. Diere is elke drie dae na 'n nuwe kamp verskuif. Droë grondtoestande het beteken dat weidingsdiere geen invloed op grondverdigting gehad het nie.

Die infiltrasietoets, wat ná die weidingsproef gedoen is, het getoon dat dit 25 mm water slegs 2 minute en 15 sekondes

geneem het om in die grond weg te sak, sonder enige ooglopende verdigting. 'n Infiltrasietempo van minder as 3 minute word as goed beskou.

Weiding teen 'n té hoë intensiteit vir té lank sal die hoeveelheid reste op die grondoppervlak verlaag. Dit sal ook die droëmateriaalinname van diere deur middel van byt-massabeperking beïnvloed, wat gevolglik diereprestasie beïnvloed.

Aan die ander kant bevoordeel 'n ligte veelading individuele prestasie, maar dit is nie finansiële doeltreffend vir die omskakeling van biomassa in dierprodukte per hektaar nie.

3. Beweiding van oesreste. Die intensiewe strookbeweiding van oesreste is 'n praktyk wat dikwels met bewaringslandbou verbind word wanneer dit gebruik word volgens die beginsels van hoëdrukbeweiding.

Daarvolgens bly vee nie lank genoeg in 'n gebied om die grond te verdig nie en dit word op 'n geskeduleerde grondslag, byvoorbeeld uurliks, verskuif. Deur beeste gereeld te verskuif, word verseker dat hulle van 'n eenvormiger voedingsinname van reste voorsien word.

In normale omstandighede bepaal die oesindeks van 'n gewas die hoeveelheid reste wat beskikbaar is. Mielies met 'n oesindeks van 50% sal byvoorbeeld dieselfde hoeveelheid reste as graan lewer. Deur die helfte van die oesreste te vreet, verseker jy dat beeste slegs die voedsaamste beskikbare graan, blare en kopblare inneem. Hierdie tipe weiding sal beter diereprestasie lewer en genoeg reste as grondbedekking laat.

Betreklik klein stroke vir beweiding sal die mededinging tussen weidende diere verhoog. Daar is opgemerk dat groen onkruid op lande in hierdie toestand eerste bewei is.

Geen duur gebruik van trekkers met stronkkappers was nodig om die perfekte deklaag te skep nie.

4. Veldbeweiding. In die halfdor streke van Suid-Afrika moet veld gelos word om lank uit te groei voor dit bewei word, waarna 'n volle groeityd se rus moet volg.

Veelading en die intensiteit van beweiding sal die ekologiese toestand van die natuurlike weiding weerspieël. Hoe hoër die vlak van agteruitgang, hoe hoër veelading word aanbeveel. In gevalle van kaal grond en plant-indringing word selfs aanbeveel dat hooi van 'n goeie gehalte gevoer word as 'n aanvulling om te voorkom dat diere te veel gewig verloor en steeds 'n voordelige uitwerking op die afgetakelde grond of plantegroei het.

Die goue reël is 33% bewei, 33% vertrap en 33% gelos om te herstel. 'n Waardevolle moniteringsoefening is om gereeld na diere se kondisie te kyk. Miskoeke kan ook 'n aanduiding gee van die voedingsinhoud van die rantsoen van weidingsbeeste. 'n Goeie miskoeke moet net ongeveer 5 cm hoog wees en 'n mooi, ronde middel hê.

ULTRAHOËDRUKBEWEIDING

Tropbeweiding of ultrahoëdrukbeweiding kan ingespan word as hulpmiddel om biodiversiteit te bewaar. 'n Lang genoeg hergroei-en rustydperk is noodsaaklik. Hierdie weidingsbestuurspraktyk word in die algemeen gekenmerk deur:

- 'n Hoë veelading.
- Stroke of klein kampies met volwasse weiding.



'n Stelsel van ultrahoëdrukbeweiding word met Drakensbergerbeeste gebruik op mnr. Danie Slabbert se plaas by Reitz. Let op die gebruik van die verskuifbare, geëlektrifiseerde heiningdraad wat die bestuur en verskuifwing van kuddes met kort intervalle maklik maak. FOTO: Liza Bohlmann

- Kort weitydperkte.
- 'n Lang hersteltydperk.

Die stelsel boots die natuurlike beweging van groot troppe herkouers deur 'n gebied na. Hulle vertrap en bewei alles om hulle voor hulle aanbeweeg na nuwe weidings en die grasse los om weer te groei, volwassenheid te bereik en te produseer.

Grasplante het oor miljoene jare in sulke weidingstelsels ontwikkel. Boere het eers die afgelope honderd jaar begin om omheinde dele (kampe) en afgebakende veld te gebruik.

Dit het die grasse blootgestel aan 'n heeltemal ander weidingsdrukpatroon, soos aanhoudende beweiding en die herbeweiding van die onvolwasse plante.

Grasse en ander voerplante is swak aangepas vir sulke behandeling. Gevolglik word groeikragtigheid verminder en volhoubaarheid bedreig.

Draagbare, geëlektrifiseerde heinings werk goed om die beweging van diere te beheer. Sonpanele kan gebruik word om batterye te herlaai wat as kragbron vir die heining dien.

Die nuutste tegnologie in geëlektrifiseerde heinings is draagbaar en uiters lig, betroubaar en duursaam. Beeste kan so gereeld as elke 20 minute na 'n nuwe gebied met vars gras verskuif word deur die geëlektrifiseerde heinings te gebruik.

Die komponente van 'n geëlektrifiseerde heining is:

- Draagbare omheiningstolle. Hierdie tolle word vervaardig van plastiek en metaal van 'n hoë gehalte.
- Polybraid. Polybraid is 'n mengsel van geweefde, buigbare plastiek en metaal.
- Draagbare Step-In-pale. Dit word ook uit plastiek vervaardig, met 'n metaalpunt.
- 'n Kragbron vir die heining. Bogenoemde het 'n kragbron, soos 'n battery, nodig om te werk.
- Genoen water is noodsaaklik vir volhoubare lewendehaweproduksie. Teen 'n koste van R500 000 is 'n waterstelsel op mnr. Danie Slabbert se plaas, Van Rooyenswoning, by Reitz opgerig. Die waterstelsel vir suipings bestaan uit 16 km x 50 mm-pype en drie sementdamme wat deur swaartekrag water aan alle uithoeke van die plaas verskaf. S6 word die stelsel van ultrahoëdrukbeweiding op die plaas ondersteun. 'n Watertrog met 'n groot genoeg vermoë om water aan sowat 400 stuks vee te verskaf, word gebruik.

TALLE VOORDELE

Geïntegreerde gewas-lewendehawestelsels het die potensiaal om aan te pas by uiterste weerstoestande, wat hulle meer klimaatgehard maak as monokultuurstelsels. Dié stelsels maak byvoorbeeld staat op rusgewasboerdery as deel van 'n verskeidenheid gewaskeuses. ►

BRAKENJAN

DRAKENSBERGERS

Prestasie
deur samewerking



FANIE VAN DYK 082 447 4952
fanie.vandyk1@gmail.com

Hierdie weidings bied 'n groot voordeel tot die gunstige balans van koolstof wat in die grond opgeberg word.

Gewasse wat in wisselbou met weiding gegroei het, kan winsgewender wees, aangesien opbrengste dikwels verbeter word en duur kunsmisinsette laer kan wees. Die teenwoordigheid van weidinggewasse kan die afloop van voedingstowwe verminder en die stikstofoksiedvrystellings verminder.

Veemis bly 'n ander lewensvatbare alternatief om aan grondvrugbaarheidsvereistes met die intensiewe gebruik van dekgewasse te voldoen. Herkouers se mis bevat die volledige verskeidenheid voedingstowwe wat plante benodig – en rofweg in dieselfde verhoudings. Daarom is dit nie verbasend dat vermoed word plante en diere het uit dieselfde ekosistiel ontwikkel nie.

Namate die herkouer die plantmateriaal benut, word dit deel van die voedingsiklus van die veld. Terwyl die voedingstowwe wat teruggehou word, belangrik is vir diereproduktiwiteit, beland bykans 75% of meer van die verbruikte voedingstowwe terug in die grond deur mis en urine.

Hierdie siklus van voedingstowwe is van groot belang om grondvrugbaarheid en gewasproduktiwiteit te handhaaf. Nadat dit egter deur die dier beweeg het, verander die stabiliteit en plantbeskikbaarheid van die voedingstowwe.

Die diversiteit van boerderybedrywighede in geïntegreerde gewas-lewendehawestels verminder die algehele risiko van mislukking. Deur verskillende gewasse op 'n plaas te hê, word die risiko dat een komponent misluk, verminder.

Hierdie diversiteit bied ook veerkragtigheid van die boerderystelsel teen klimaatsverandering en die gepaardgaande uiterste weerstoestande.

Beter geïntegreerde gewas-lewendehawestels wat moderne tegnologie gebruik, kan die landbou omvorm om produktiwiteit te verhoog.

Geïntegreerde gewas-lewendehawestels kan ook omgewingskade verminder, biologiese diversiteit beskerm en verbeter en die afhanklikheid van fossielbrandstowwe verminder.

Geïntegreerde stelsels bied gesonder en potensieel 'n groter verskeidenheid kos. Dit verhoog ook ekonomiese en kulturele geleenthede in baie verskillende streke van die wêreld. Diverse landboustelsels wat vee, meerjarige grasse, peulgewasse en 'n wye verskeidenheid eenjarige dekgewasse insluit, bied verbeterde landbou-ekosistelveerkragtigheid.

Boonop toon die graan- en vleismark dikwels ongekorreleerde

neigings wat geen verband met mekaar het nie, en buffer mekaar sodoende. Die groter vlak van diversifikasie in geïntegreerde gewas-lewendehawestels maak hulle minder gevoelig vir markskommelings as enkelkommoditeitsbedrywighede.

Wisselinge in die jaarlikse opbrengs van vee teenoor kontantgewasse is tipies ongekorreleer. Dit beteken dat een onderneming die ander kan beskerm teen klimaat- en prysveranderinge, selfs wanneer dit afsonderlik bedryf word.

HERKOUERKRAG

Wat maak herkouers so spesiaal en watter krag lê in hul spysvertering opgesluit?

Die binnekant van 'n dier se spysverteringstelsel is anaërobies, altyd klam en baie warm. Verskillende organismes en verskillende chemiese prosesse vind binne diere plaas wat nêrens anders in die natuur herhaal kan word nie.

Dié unieke proses herwin voedingstowwe vinniger as wat grondorganismes ooit kan omdat die toestande in 'n dier se rumen bevorderliker vir chemiese reaksies is.

Plante het ontwikkel in omgewings waar dieremis byna altyd beskikbaar was. Hulle het dus ontwikkel met 'n behoefte aan hierdie maklik beskikbare voedingstowwe vir optimale groei. Benewens dieremis is kunsmis die enigste ander bron van hierdie ekstra voedingstowwe.

Die verskil tussen dieremis en kunsmis is dat dieremis, wanneer dit natuurlik uitgewerp word, nie skadelik vir grondorganismes is nie en 'n laer koolstofspoor het.

VOLHOUBAARHEID

Om familieplase te bou wat veerkragtig en buigsaam is, is soos om 'n marathon pleks van 'n naelloop te hardloop.

Om in boerdery te wees, vereis dat nie net die boere vir verandering aanpasbaar moet wees nie, maar dat sy boerderystelsel verskillende struikelblokke (klimaat en finansieel) kan oorleef.

Boere word aangeraai om wanneer dit goed gaan, geld te spaar vir moeilike tye wat kan voorlê.

Geïntegreerde gewas-lewendehawestels is 'n benadering wat boere kan help om op hul plaas te bly en mettertyd produktiewer te wees. ■

■ NAVRAE: Mnr. Gerrie Trytsman, e-pos: trytsmangerrie@gmail.com



Dié verskuifbare watertrog is deur mnr. André Lund ontwikkel vir gebruik in ultrahoëdrukke-weidingstelsels. FOTO: Verskaf.



Mnr. Gerrie Trytsman. FOTO: Liza Bohlmann.

Antwoord vir GESONDE GROND

Die heropbou van grond deur middel van bewaringslandbou is 'n belangrike faktor in die toekomstige volhoubaarheid van gemengde gewas-en-veeboerderye. Wêreldwyd rus dié taak op die huidige geslag produsente. Hier is raad oor die basiese beginsels.

Bewaringslandbou is hier om te bly en die sukses daarvan word bepaal deur hoe goed dit toegepas word.

“Die manier waarop die mens in die toekoms gaan boer, gaan óf meer koolstof in die lug plaas en verder tot aardverwarming, stofstorms en grondagteruitgang bydra, óf dit gaan koolstof terugplaas in die grond, reg onder ons voetsole waar dit hoort. Só kan ons deel word van die langtermynoplossing,” sê dr. Hendrik Smith, bewaringslandboufasiliteerder verbonde aan Asset Research en die Mielietrust.

Die sleutel tot grondgesondheid, die beter bestuur van aardverwarming, en produktiwiteit en volhoubaarheid lê opgesluit in die balansering van koolstofvlakke in die atmosfeer en die grond.

“Bewaringslandbou is die enigste manier waarop dit in die praktyk kan plaasvind. Op elke hektaar waar grondorganiese materiaal met net 0,1% verhoog word, word 8,9 ton koolstofdioksied (CO₂) vasgelê. Dit is merkwaardig. In die praktyk word dit reeds deur verskeie goeie bewaringsprodusente oortref,” sê Smith.

Bewaringslandbou behels die toepassing van dié praktyke:

BEPERK GRONDVERSTEURING

Grondversteuring moet sover moontlik vermy word om die agteruitgang van grond te keer. Die mikpunt is om in onversteurde, maar goed bedekte grond te plant sonder meganiese grondvoorbereiding deur middel van minimum- of geenbewerkingspraktyke. Spesiale geenbewerkingsplanters is hiervoor nodig. Nog voordele is 'n groot afname in beide energieverbruik en die vrystelling van kweekhuysgasse.

ORGANIESE GRONDBEDEKKING

Grondbedekking beskerm grond teen erosie. Namate grondbedekking van 100% tot 1% verminder, verhoog die erosietempo met sowat 200%. Grondbedekking van minstens 30% is nodig, maar die ideaal is 100%. Die praktyk van braaklande is 'n “selfvernietigende oefening” en moet tot elke prys vermy word, volgens die internasionale grondgesondheidspesialis dr. Christine Jones. Tydens droë tydperke rig winderosie groot skade aan, gevolg deur watererosie tydens donderstorms, wat ál hewiger gaan word. Grond kan maklik bedek word deur oesreste en dekgewasse.

LEWENDE WORTELS

Hoewel baie bronne van voedingstowwe in grond voorkom, sê Smith daar is nie 'n beter hulpbron as die vloeibare koolstof wat lewenskragtige wortels vrystel nie. Dié vloeibare koolstof hang af



*Plante is die belangrikste skakel tussen die son se energie en die grond.
FOTO: Verskaf.*

van die fotosintesevermoë van die dekgewasstelsel wat toegepas word. Elke plant stel sy eie unieke weergawe van vloeibare koolstof vry wat verskeie biologiese samestellings soos suiker, ensieme en aminosuur bevat.

GEWASDIVERSITEIT EN DEKGEWASSE

Plante is die belangrikste skakel tussen die son se energie en grond. “Hoe meer en hoe langer plante in die grond groei (of lewende wortels in die grond het), hoe vinniger vind die opbou van koolstof in die grond deur die vloeibarekoolstofbrug plaas,” sê Smith.

Meer as twee gewasse moet verkieslik in rotasie of assosiasie wees. Die gebruik van multispesie-dekgewasstelsels om hierdie biologiese prosesse te versnel, neem vinnig toe.

Dekgewasse bied ook die ideale oplossing aan produsente wat weens droë toestande nie betyds kontantgewasse kon plant nie. 'n Geskikte dekgewas of -mengsel kan enige tyd van Januarie tot Maart gevestig word om die grond te beskerm en te verbeter, maar ook om veevoer van goeie gehalte te voorsien. 'n Dekgewasmengsel vir die winter, wat verkieslik voor middel Maart geplant moet word, bestaan uit swarthawer (30 kg/ha), weiwieke (15 kg/ha) en radyse (3 kg/ha).

DIE INTEGRASIE VAN DIERE

Die integrasie van diere in bewaringslandboustelsels is 'n voorrangsaak vir telersgroepe soos die Drakensberger Beestelersgenootskap van Suid-Afrika, waarvan die lede hulle met die beginsels van bewaringslandbou vereenselwig. Lewende hawe, soos beeste, skape, varke en hoenders, wat dekgewasmengsels en natuurlike weiding benut, is deel van die natuurlike ekosisteem wat tot die diversiteit van gewasse bydra. ►

Met die toepassing van hoëdigheidsbeweiding in 'n weidingstelsel word 30-50% van die beskikbare plantaardige materiaal op 'n weiveld benut. Smith sê dié benutting kan hoër wees op natuurlike weiding, wat die wortelontwikkeling van plante bevorder en sowat 80% van die benutte voedingstowwe in die vorm van mis herwin. Indien 'n voldoende blaaroppervlak van plante deur die jaar behoue bly, word die uitwerking van beweiding op die kapasiteit van fotosintese verlaag. Dit bespoedig die herstel van die weiding.

Kort siklusse van hoëdigheidsbeweiding oor 'n tydperk van

12 maande, gevolg deur 'n voldoende rustyd, sal die hoeveelheid, gehalte en diversiteit van die weiding aansienlik verhoog. “Dit lei ook tot verbeterde koolstofvaslegging in die grond,” sê Smith. Die organiese bemesting van digte troppe beeste op 'n klein oppervlakte maak bemesting met anorganiese kunsmis oorbodig. ■

NAVRAE: Dr. Hendrik Smith,
e-pos: smith.hendrik@gmail.com,
082 331 0456.



TEMA: Veld- en kuddebestuur PUBLIKASIE: Bylae tot Landbouweekblad JAAR: 2021

Resep vir gesonde veld? LAAT DIE NATUUR VIR JOU BOER

Hoëdruk- en ultrahoëdrukbeweiding is gonswoorde as deel van herlewingslandbou, maar wat behels dit en hoe moeilik is dit om daarmee te begin en vol te hou? 'n Weidingskundige en 'n boer wat al sy skoolgeld betaal het, verduidelik hoe boere saám met die natuur kan boer.

Weidingsbestuur in die konteks van herlewingslandbou gaan daaroor dat boere terugkeer na die natuur se manier van doen.

“Goeie herlewingslandbou behels om historiese landboupatrone so goed moontlik na te boots. 'n Mens doen dit deur hoëdruk- en ultrahoëdrukbeweiding,” sê mnr. Frits van Oudtshoorn, 'n weidingskundige. Hy het op 'n webinaar van die Drakensberger Beestelergenootskap van Suid-Afrika oor weidingsbestuur gepraat.

“Dit is hoog tyd dat daar herlewings in weidingsbestuur kom, want Suid-Afrika se veld is regtig nie in 'n goeie toestand nie.”

Hoëdruk- en ultrahoëdrukbeweiding is gegrond op die voordele wat die groot migrasies van wild vir die veld se welstand ingehou het.

Van Oudtshoorn beskryf dié weidingstelsels as hernuwings-en-restourasietipe metodes.

Voorheen was grasvelde, savanne en droë dele, soos die Karoo, blootgestel aan die migrasie van groot troppe diere. Dit het 'n belangrike impak op die natuur gehad, wat verlore gegaan het nadat die eerste heinings vir boerdery gespan is. Een daarvan was 'n nie-selektiewe beweidingpatroon waarin diere min of meer alles gevreet het – nie net gras nie, maar ook kruidagtige plante. Dit het tot 'n groter verskeidenheid voedingstowwe in hul dieet gelei. Diere het plante ook redelik kort afgevrete en eers maande of selfs 'n jaar later

na dieselfde gebied teruggekeer.

“Ek sê nie daar was nooit diere op plekke waar die migrasies reeds verby was nie. Daar het altyd 'n paar agtergebly. Hulle het leeukos geword, en só is die genepoel van die grasvreterers gesond gehou. Roofdiere en droogtes het ook 'n rol gespeel in die balans tussen die vraag na voeding en die voer wat beskikbaar was.

“Ná 'n droogte het die diere stadig aangeteel. Daar was dus nie oorbeweiding tydens of direk ná 'n droogte nie en die veld kon redelik maklik herstel. Dit is egter nie maklik om dit vandag in praktyk toe te pas nie. Dit is moeilik om diere te verminder. Daarom hou ons hulle kunsmatig aan die lewe deur hulle te voer. Een van die beginsels van herlewingslandbou is egter om net jou



Die weidingskundige mnr. Frits van Oudtshoorn sê om goeie herlewingslandbou toe te pas, moet die boer historiese landboupatrone naboots.



*Mnr. Danie Slabbert, boer van Reitz in die Vrystaat, sê ultrahoëdrukbe-
weiding gebeur nie oornag nie. Dit verg 'n groot bestuurskuif.*

beste diere tydens droogtes te hou en die natuur na te boots deur van jou swak diere, dus die swak teelmateriaal, ontslae te raak,” sê Van Oudtshoorn.

VERTRAPPING

Nog 'n belangrike impak van die groot migrasies wat met hoëdruk- en ultrahoëdrukbeveiding nageboots word, is die bydrae van vertrapping tot veldgesondheid.

“Tot sowat tien jaar terug het die meeste mense gedink vertrapping is 'n slegte ding. Ons het egter intussen besef vertrapping en swaar vertrapping is eintlik goed, solank dit op kort termyn is.

“Saad ontkiem nie as dit op die grond lê nie; dit moet ingetrap word. 'n Magdom sade kry dus ná so 'n vertrapping die kans om te ontkiem. Nie net die vorige jaar se saad nie, maar ook die saad van die vorige jare is kiemkragtig.”

Nog 'n gunstige impak van migrasie was dat die diere se mis en urine goed versprei was en nie soos vandag alles in een hoek van 'n kamp of naby 'n krip lê nie. Dit voed die grondorganismes, en die hersirkulasie van voedingstowwe vind dan vinniger plaas.

WAAR BEGIN JY?

Mnr. Danie Slabbert, wat naby Reitz in die Vrystaat boer, is reeds geruime tyd besig met ultrahoëdrukbeveidingsprojekte waarby Van Oudtshoorn betrokke is.

“Jy staan nie een ooggend op, begin dit doen, en alles is maneskyn en rose nie. Dit verg 'n groot skuif in jou gedagtegang. Dit verg ook 'n groot verandering in jou plaasbestuur, grond, veld en arbeid,” het Slabbert op die webinaar gesê.

Elke boer se omstandighede verskil wat betref vermoë, infrastruktuur en hulpbronne, en daarom gaan elke boer so 'n projek anders benader.

“Ek het grond verkoop, beeste gekoop en dadelik my belading vervierdubbel, maar ek het begin met tien jaar ondervinding van bewaringslandbou agter my.”

Slabbert se raad aan boere is om hul kampe te verdeel en in 'n gedeelte daarvan hoëdrukbeveiding te beoefen, pleks van om halsoorkop die hele plaas om te skakel, wat tot onnodige foute kan lei. Hy waarsku egter die boer wat klein begin, om nie daar vas te haak nie.

Daar is ook boere wat glo hierdie beweidingstelsels gaan nie vir hulle werk nie.

“Die ongunstige uitkyk op ultrahoëdrukbeveiding is meestal deur mense wat in 'n moeilike posisie is om dit te doen. Ek dink veral aan deeltydse boere. Ultrahoëdrukbeveiding het redelik hoë bestuursinsette nodig en daar is diegene vir wie dit nie moontlik is om daardie insette op die plaas te lewer nie. Maar hulle moet dit ook nie as 'n verskoning gebruik om nie hul weidingsbestuur te verbeter nie,” het Van Oudtshoorn gesê.

“Jy kan steeds jou huidige stelsel stelselmatig intensiewer maak deur kampe te onderverdeel en dan in sekere kampe met strookbeveiding te begin of hoëdrukbeveiding in een kamp toe te pas.”

Mnr. Willie Landman het presies dit op sy plaas tussen Potchefstroom in Noordwes en Parys in die Vrystaat gedoen.

“Ons volg 'n stelsel iewers in die middel, na hoëdruk se kant toe. Ons belaa kampe met sowat drie beeste per hektaar, wat relatief laag is. Dit word dan net vir 'n week beweï voordat ons aanskuif.”

Die beginsel is om die diere te skuif voordat hulle die smaaklikste grasspesies in die grond in vreet sodat hergroei kan plaasvind. “Die meeste van die gewenste grasse begin eers ná vier dae tot sewe dae teruggroei, en jy wei nooit hergroei af nie. Ons laat rus 'n derde van die plaas vir die hele groeityd en die daaropvolgende winter beweï ons dit regtig baie swaar.”

Op dié spesifieke plaas is 16 kampe, waarvan 12 in 'n groeityd beweï word. Die beeste kom dus eers ná 11-12 weke weer in dieselfde kamp.

“Ons sien buitengewone herstel. In sommige kampe was nie 'n enkele halm rooigras nie en nou is daar klein kolonies. Daar was ook baie ou materiaal en dooie gras, maar met die gereelde skuif het die beeste dit ook begin benut.”

BRANDBEHEER

Met die klem op grasvreter om die veld te herstel, is die vraag of brande ook 'n natuurlike manier is om die veld te bestuur.

“Veldbrande lewer veral in hoë reënvaldele 'n belangrike bydrae tot die ekologie. In suurveld sal 'n brand vir 'n maand of wat die gras heelwat smaakliker maak en die diere gaan minder selektief vreet,” het Van Oudtshoorn gesê.

Brande word egter dikwels gebruik om net die simptome te behandel van veld wat agteruitgaan.

“Jou veld- en weidingbestuur moet goed wees. Jy moet probeer om die samestelling van jou grasspesies te verbeter deur middel van hoëdrukbeveiding sodat jy meer goeie grasse het.”

Maar hoe weet 'n boer die samestelling van sy grasspesies is reg? Slabbert sê boere moet in die veld stap en kyk hoeveel saailinge hulle sien.

“Met 'n selektiewe stelsel sal daar ou gras en polle wees. As daar duisende saailinge is, weet jy jy is op die regte pad. ■

NAVARAE: Mnr. Frits van Oudtshoorn,
078 228 0008; Danie Slabbert,
082 339 9018.



SOORTE WEIDINGSTELSLS

Mnr. Frits van Oudtshoorn het die benaderings tot weidingsbestuur as volg uiteengesit:

Die mees ekstensiewe manier van weidingsbestuur is aanhoudende beweiding. Dit beteken al die diere is in een groot gebied vir 'n jaar of meer, soos op 'n wildplaas met geen binneheining nie. Dié metode het die minste bestuursvaardighede en -insette nodig. Om volhoubaar te wees, moet die veld 'n lae belading hê omdat dit 'n baie selektiewe manier van beweiding is. Met 'n lae belading sal die diere se kondisie goed wees, want hulle vreet net die goeie gras.

Die meers intensiewe manier van weidingsbestuur is ultrahoëdrukbeveiding, waar die diere elke uur geskuif word. Dubbel die hoeveelheid, of selfs meer, diere kan só volhoubaar aangehou word.

'n Semi-intensiewe weidingbestuurstelsel is die konvensionele wisselweidingstelsel waar daar miskien vier of ses kampe is en diere dalk een keer per week of elke tweede week na 'n volgende kamp verskuif word.

Bestuur van veld en kudde EWE BELANGRIK

Plaaslike veeboere wat vanaf natuurlike weiding vleis produseer, verkies die Drakensberger. Die veld het egter net soveel liefde en bestuur nodig as jou kudde.

Drakensbergers is bekend om hul uitstekende weidingsvermoë en aanpasbaarheid in verskeie veldtoestande. Die rol van vee om natuurlike veld te bestuur en verbeter, is 'n bestuursfaktor wat boere met groot vrug kan gebruik.

Prof. Klaus Kellner, 'n veldkenner verbonde aan die Skool vir Biologiese Wetenskappe en die Eenheid van Omgewingswetenskappe en -bestuur aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, deel in hierdie artikel 'n paar insigte wat hy oor jare opgedoen het, veral in die droër savanne-gedeeltes van Suid-Afrika.

Danksy sy navorsing en ervaring rakende die beste benutting van grond het hy 'n unieke perspektief op weidingsbestuur, grondverbetering en hoe om grasveld en natuurlike weiding te bestuur en te verbeter.

BESTE PRAKTYKE

“Bepaal watter tipe veld op jou plaas voorkom. As jy nie self die kennis het om grasspesies of onkruid te identifiseer nie, kan jy hulp inroep. Nader 'n kenner of raadpleeg die internet. Skakel in by studiegroepe of gaan kyk op webtuistes wat verskeie wenke, nuus en projekte bevat wat klem lê op veldrehabilitasie en -bestuur,” sê Kellner.

Stel prakties ondersoek in om vas te stel wat die status van die veld en weiding in 'n sekere kamp of gedeelte van jou plaas is.

“Meet 'n stuk van sowat tien meter af waarlangs jy in die veld in loop en merk dit. Identifiseer dan die verskillende plantspesies wat op daardie lyn voorkom en vra jouself af wat jy sien: Is daar baie smaaklike en een- of meerjarige grasspesies of nie? Is daar baie indringerspesies of houtagtige struik? Is daar tekens van erosie? Kan jy minstens vyf verskillende grassoorte op jou plaas uitken?”

Herhaal hierdie stappe 'n paar keer om die toestand van die veld te bepaal.

“Ken jou plaas en teken aan wat jy gemeet het. Meet ook die kort- en langtermynreënval. As jy nie die grondtipes kan identifiseer nie, laat grondontledings doen en maak aantekeninge oor die gras- en plantspesies wat op verskillende plekke op verskillende grond of landskappe voorkom.

“Herhaal dié opname van gegewens 'n paar keer en noteer die verskille oor 'n tydperk, veral as jy sekere weidingspraktyke toepas. Die verandering in die toestand van die hulpbron met verloop van tyd kan so bepaal word.

“Wanneer jy 'n goeie idee het van wat op die plaas aangaan, kan jy 'n plan van aksie saamstel. Daar is nie één oplossing vir almal nie, maar vir elke plaas is daar 'n oplossing.”



As inheemse ras is die Drakensberger-beerras goed aangepas om natuurlike veld en grassoorte te vreet en in vleis om te skakel. Met goeie bestuur en die regte weidingspraktyke kan 'n boer sy veld met 'n beeskudde in stand hou en selfs verbeter. FOTO: Liza Bohlmann.

Kellner beveel ook aan dat boere hulself met inligting moet bemagtig deur inligtingssessies, boeredae en konferensies by te woon wat op weiding- en veldbestuur toegespits is.

Wanneer weiding wanbestuur word, kan jy binne een seisoen baie skade aanrig aan jou grond en veld, sê Kellner. Veeboere moet altyd hul grasveld voorop stel en as 'n bestuursprioriteit ag.

“As 'n veeboer jou tydens 'n plaasbesoek vertel van die gras en sy weiding op sy plaas, is hy op die regte pad. As hy jou egter net na sy beeste of wild toe vat, moet hy nog leer. Gras is die hulpbron wat die vee en wild voer. Daarsonder kan daar nie diere wees nie.”

BEWEIDING

Weidingverbetering is moontlik met behulp van grasvreters, soos beeste. “Waak daarteen om jou grond te beroof. Hoëdrukbeveidingstelsels werk as jy dit reg bestuur. Volg die riglyne streng, want anders vernietig jy net jou veld weens oorbeweiding. Kry die beginsels van dié stelsel onder die knie voordat jy dit toepas.

“Ek en my span doen baie navorsing en werk rakende veldverbetering (rehabilitasie). Dit behels verskillende metodes, na gelang van die gebied, tipe plantegroei en reënval.

“'n Groot bekommernis, veral in Noordwes, is die toename in die voorkoms van slangbos (bankroetbos). Dit is 'n gesukkel om dit uit te roei, en om dit te brand of die bos te probeer afkap maak die slangbos net kwaad. Hy groei dikwels met mening terug.”



Op plekke waar oorbeweidings of skade in weikampe voorkom, kan die veeboer relatief goedkoop en maklik “eilande” skep waar gras kan hergroei en saad maak vir die natuurlike hervestiging van die veld. Deur takke te pak, kan geen vee of wild daar wei nie, en kan die gras ongesteurd hergroei. Die takke van bome en struik wat tydens ontbossingsaksies gesny is, kan hiervoor ingespan word. 2. S6 groei die gras welig uit onder beskerming van takke wat in eilande gestapel is. 3. Saad wat vorm in die beskermde eilande waar takke gepak is, sal mettertyd natuurlik waai en saai om nuwe gras te vestig.

FOTO'S: Klaus Kellner.

Hierdie tipe uitroepogings is arbeidsintensief en nie altyd geslaagd nie. Slangbos kan met verantwoordelike chemiese bestuur uitgeroei word.

“Moenie oorboord gaan met die chemiese toedienings nie. Volg die aanwysings en dien net die regte hoeveelheid toe. Ek het al in afgryse aanskou hoe ’n boer slangbos met ’n brandslang in strome van ’n chemiese oplossing verdrink, terwyl net ’n baie klein hoeveelheid nodig is. Op daardie behandelde kolle is die veld en biologiese lewe saam met die slangbos vernietig.”

Gelukkig is daar ’n oplossing om selfs binne kampe “eilande” te skep waar diere nie kan wei nie sodat die veld kan rus, hergroei en saad maak. Deur eenvoudig takke van bome en struik af te sny (sommers daar waar jy ontbossing doen) en die takke in “eilande” te pak, skep jy veilige hawens vir gras om te hergroei. Die beeste kan nie daar wei nie en die takke sal mettertyd verweer en afbreek. Intussen sou hulle saad vorm en help om die natuurlike grasveld te hervestig.

BOSVERDIGTING

Kellner sê bosverdigting is nog ’n kwessie waarmee talle veeboere sukkel, veral in Suid-Afrika se savanne-gedeeltes.

“Bosverdigting kom veral voor op plase waar die veld nie gereeld genoeg gebrand word nie én oorbenut is, veral tydens ’n droogte. Dié kombinasie lei tipies tot bosverdigting.”

Meer bosse kan egter voordelig wees vir blaarvreters, wat belangrik is vir die wilddedryf, mits dit reg bestuur word. Wees gewaarsku oor die voorkoms van *Prosopis*-spesies (Suidwesdoring), wat weiding kan binnedring en tot bosverdigting lei, veral in die rivierlope in die droë gedeeltes van die land.

RUS EN BESTUUR

Genoeg rustyd vir weidingskampe is ’n móét, sê Kellner, en is seker een van die belangrikste stappe om jou hulpbron te bewaar. Deel jou plaas in weikampe op en laat een kamp vir nege maande tot ’n jaar lank rus, na gelang van die reënval en grondtipe. Dié ruskamp kan jaarliks aanskuif sodat elke weikamp ’n goeie ruskans elke paar jaar geniet.

“Ek ken ’n boer wat met minder as 3 000 hektaar al vyf sy seuns deur universiteit gekry het omdat hy goeie weidingsbestuur toepas. Hy boer in die duineveld aan die westekant van die land, ’n gebied waar lae reënval voorkom, maar gebruik ’n kampstelsel waarvolgens geen kamp oorbewei word nie. Hy pas sy veegetalle aan en skep ’n lang genoeg rusperiode vir hergroei. Dié boer is ’n uitstekende voorbeeld van iemand wat nie sy hulpbronne beroof nie, en hy pluk die vrugte daarvan.”

’n Eenvoudige voorbeeld wat die boer vir sy plaas kan aanpas, is om die beskikbare weiding in vier dele te verdeel, met verskillende kampe op elke deel. Laat rus een deel van Augustus/September tot

April/Mei. Op die ander drie gedeeltes kan jy die kuddes byvoorbeeld elke week tussen kampe verskuif. Verdeel die beskikbare weiding in dieselfde veld- en grondtipe.

GRONDSKADE

Vermyn oorbeweidings van die beskikbare weiding, sê Kellner. As dit nie genoeg gereën het nie, moet jy jou kuddegetalle aanpas en nie gulsig wees nie.

Hier kom jou vaardighede as veeboer en beesteler na vore. As jou rekordhouding van beeste se produksie en van die hulpbron op peil is, kan jy akkurate besluite neem oor veldbestuur, byvoorbeeld watter diere om uit te skot indien kuddes verklein moet word.

“As jy in so ’n geval nie betyds begin om jou kudde uit te dun nie, gaan die voerrekening jou inhaal én het jy waarskynlik jou veld reeds so beskadig dat die nagevolge vir jare daarna nog sal voortduur.”

EKONOMIESE BESLUIT

Met relatief min moeite en ’n sinvolle bestuurstelsel kan jy meer uit jou plaas kry. Dit is ’n ekonomiese besluit om te weet wat die beste praktyk vir jou plaas is.

“Onthou, as jy jou veld oorbewei met 5% of 10%, kry al die beeste daarna swaar, nie net 5% of 10% van jou kudde nie. S6 skep jy ’n mensgemaakte droogte.”

Tref voorsorg in jou plaas se begroting, wat jou sal help om gou tot aksie oor te gaan indien veldrehabilitasie nodig is. Beplan vooruit en moet nie probeer optree as dit reeds te laat is nie.

Dit kan ’n droogte, brand, vloed of ’n plaag miere wees wat dele van jou veld beskadig, nie net oorbeweidings nie.

“Diversiteit van plant- en grondlewe versprei jou risiko, maar al lyk jou veld hóé goed, moet jy altyd begroot vir veldrehabilitasie, en die toestand van die hulpbron bepaal.”

As jy grassaad koop of self geoes het, moet jy die kiemkragtigheid eers toets. Kellner beveel aan dat jy “vars” saad eers b6re in ’n droë, koel plek vir ’n jaar. Toets dan of die saad maklik ontkiem voordat jy dit saai, veral vir veldverbetering.

Verskillende grassade word ook anders hanteer as dit hersaai word. Wollerige sade soos dié van borseltjiegras moet byvoorbeeld eers met sand of kalk gemeng word om dit makliker te saai.

WAARSKUWING

Ken die geskiedenis van jou plaas of ’n stuk grond wat vir weiding geoormerk is, veral as dit ’n nuwe plaas of huurgrond is en jy nie weet watter bestuurspraktyke voorheen toegepas is nie. Dit sal bepaal hoeveel insette benodig word om die veld in ’n goeie toestand vir weiding te kry. ■

NAVARAE: Prof. Klaus Kellner, e-pos: klaus.kellner@nwu.ac.za; www.ecorestore.co.za; 018 299 2510 of 082 5696 145.

Herlewingslandbou: LÊ KLEM OP DIERE ÉN VELD

Die oorgang van selektiewe laedrukbeweiding na nie-selektiewe hoëdruekbeweiding vereis 'n ernstige kopskuif. Twee ervare boere uit die Vrystaat wat herlewingslandboubeginsels toepas en elke dag daarna streef om koolstof in die grond terug te plaas, vertel van hul ervaring en gee raad.

Twee Vrystaatse boere, mnre. Gerrit van Zyl van die plaas Struisfontein by Dewetsdorp en De Wet Coetzee van die plaas Moeilikheid by Lindley, is dit eens dat nie-selektiewe beweiding, as een van die pilare van herlewingslandbou, 'n groot bydrae tot grondgesondheid kan lewer.

“Ná heelwat navorsing en besoeke aan boere wat ultrahoëdruekbeweiding suksesvol toepas, was ek oortuig dat nie-selektiewe beweiding die pad is om te volg,” sê Van Zyl.

“Om egter van selektiewe laedrukbeweiding (bewaringsboerdery) na nie-selektiewe hoëdruekbeweiding (herlewingsboerdery) te beweeg, verg durf. Benader dit eerder as 'n proses pleks van 'n gebeurtenis.”

Herlewingslandbou behels boerderybeginsels en praktyke wat verhoogde biodiversiteit, verrykte grond en 'n verbeterde watersiklus en ekostelsel ten doel het om uiteindelik koolstof in die grond en bogrond-biomassa vas te lê.

WATERBEPLANNING

Van Zyl gee hierdie wenke:

- Beplan jou watergebruik sorgvuldig. Begin by die bron wat jy wil gebruik, hetsy 'n boorgat of gronddam. Maak seker jy kan gemaklik en volhoubaar genoeg water lewer vir dubbeld die getal diere, in een groot trop, as wat jou huidige drakragnorm voorstel.
- 'n Volwasse dier drink sowat 60 liter water per dag. Jou bron moet dus daaglik minstens 60 liter maal die aantal diere op lang termyn van water kan voorsien.
- Verseker 'n groot genoeg opgaarkapasiteit om jou trop diere 'n week lank water te kan gee. Gebruik 'n dik genoeg pyp om voldoende watervloei van die opgaardam tot by die krip te kry.

LAAT DIERE AANPAS

Dit is belangrik om genoeg reserwes te hê om jou tot by die reënseisoen deur te dra.

Van Zyl sê die meeste boere wat met herlewingslandbou begin



Moenie só baie aandag aan die gras gee dat jy van die diere vergeet nie. Albei is ewe belangrik.

het en dit dan nie volhou nie, het aanvanklik te veel op die gras en te min op die diere gekonsentreer, of die diere nie toegelaat om behoorlik aan te pas nie.

“Oorweeg dit ernstig om jou kudde met 10% te vergroot om te vergoed vir die aanvanklike verlies aan reproduksie weens diere wat sukkel om onder die nuwe bestuur te presteer.

“Dit is ook voordelig om 'n spesie-opname te doen voordat jy met nie-selektiewe beweiding begin sodat jy jou vordering kan meet.

“Die enigste manier om meer geld op jou belegging te verdien as wat die bank kan bied, is om jou beladingstempo op natuurlike weiding deur die regte bestuur volhoubaar te verhoog, terwyl jy terselfdertyd natuurlike hulpbronne verbeter,” sê Van Zyl.

Benut die beste ook só dat Moeder Natuur se hulpbronne geoptimaliseer word. Die goedkoopste manier is om die drakrag van jou natuurlike weiding deur bestuur te verbeter. Mik na 'n beladingstempo wat dubbel die huidige norm is.

Uiteindelik moet alles daarom wentel om met 'n holistiese

benadering 'n winsgewende balans tussen weidingsverbetering en diereproduksie te kry.

Van Zyl sê sy eerste groot aanpassing was om die benadering van produksie per dier te verander en meer klem te lê op wins per hektaar.

Hoewel getalle 'n groot rol speel, lê die geheim daarin hoe doeltreffend jy getalle verhoog, terwyl jy steeds 'n aanvaarbare produksievlak handhaaf en koste in toom hou.

PAS HOËDRUKBEWEIDING TOE

Die beginsel is meer beeste in 'n kleiner gebied wat meer gereeld verskuif word. Jy kan self bepaal hoeveel beeste daar moet wees, hoe groot die kampe is en hoe gereeld jy beeste wil verskuif.

Vir beplanningsdoeleindes het ek begin met 'n tropgrootte van 100 grootvee-eenhede (GVE'e). Dit sal beïnvloed word deur elke plaas se grootte, ligging, reënval, reënvalpatrone en arbeid, asook huidige en toekomstige beladingstempo.

Ek is gemaklik daarmee om op die oomblik die beeste elke derde dag te verskuif. Verder het ek wiskundig beplan om net 'n deel van die plantmateriaal per weidingsgeleentheid te benut. Volgens die internasionale grondgesondheidspesialiste dr. Christine Jones en mnr. Jay Fuhrer bied 50% ontblaring voordele, soos min wortelafsterwing en genoeg oppervlakte vir fotosintese, wat die herstel in die groeityd bespoedig. Hou hierdie buigsaam vir die optimale bestuur en die tyd van die jaar.

Met dié berekening in gedagte het ek al die groter, permanente kampe verder verdeel in kleiner kampies van so na moontlik aan 5 hektaar, elkeen met sy eie water.

Eers het ons elke dag nuwe tydelike kampies gespan, maar daarna is die kampe verdeel met 'n enkele staaldraad wat met sonkrag geëlektrifiseer is.

As jy aanvaar 'n GVE vreet 3% van sy/haar gewig per dag, vreet 'n GVE 4 927 kg droëmateriaal per jaar. Met 'n drakrag van 6 ha/GVE beteken dit dié gebied lewer teoreties gesproke 821 kg droëmateriaal per hektaar. Breek jy dit af in weidare, bied 6 hektaar dan 365 weidare; 'n hektaar bied dus 60 weidare.

Nou moet jy jou beeste in groter troppe kry, gereeld verskuif en die kampe genoeg kans gee vir herstel. My gevoel is om nie 'n kampie langer as drie dae te laat bewei nie.

Ek het die weidare van elke kamp bepaal en kon vir die veewagters 'n sigblad gee van hoe lank ek 'n spesifieke trop in 'n klein kamp wou laat wei. Die troppe se grootte kan verander word.

Met die byhou van die sigblad kan ek op enige tydstop teoreties weet wat die persentasie weidings is wat oor is. Aanvanklik moet jy 10-15% produksie in as jy oorskakel. Die hoër getalle vergoed vir dié "verlies". Maak egter seker dit is nie te veel in die beginjare nie, want die rekeninge moet steeds betaal word.

My weidingsjaar strek van 1 Augustus tot 31 Julie. In dié stelsel rus een derde van die weiding vir 'n volle jaar vir grasproduksie, wat as 'n droogtebuffer dien, en die res word optimaal bewei.

- GERRIT VAN ZYL



Verskuif die diere gereeld en gee jou kampe kans om te herstel.



Die diere en die veld vorm 'n holistiese geheel. Gee die diere genoeg kans om by 'n nuwe stelsel aan te pas.

DE WET COETZEE

Van Zyl sê die eerste man wat hy op sy reis na herlewingslandbou gaan besoek het, was Coetzee, wat al van 1998 af besig is om meer koolstof in sy grond terug te sit deur beeste op weiding te gebruik om organismes in die grond op te bou.

Hy sê hy het aanvanklik min vordering gemaak. Sy huidige vordering beteken hy kon die drakrag van sy veld al verdubbel en op sommige dele van sy plaas drie keer verbeter.

"Die diere en die veld vorm 'n holistiese geheel. Die moeilikste deel vir toetreders tot herlewingslandbou is nie om die grond op te bou nie, maar om die kopskuif te maak om die korrekte bestuur toe te pas," sê Coetzee.

Hy sê kommersiële vleisbeesboere se mededingende voordeel is dat hulle die stelsel teen 'n taamlike lae koste kan bedryf. Hy stem saam met Van Zyl dat die oorsakeling van 'n konvensionele beweidingsstelsel na hoëdrukweidingspraktyke 'n proses is wat mettertyd plaasvind.

"Daar is nie net 'n skakelaar wat gedruk kan word om die ommeswaai te maak nie. Diere sal nie dadelik by 'n nuwe stelsel kan aanpas nie."

Geen boerderystelsel is volhoubaar as dit nie ekonomies, ekologies en sosiaal volhoubaar is nie.

"Indien jy nie wins maak of jou grond opbou nie, staan 'n mislukking jou in die gesig. Jy moet jou boerdery ook binne jou eie bestuursvermoë en omstandighede bedryf," sê Coetzee.

Sy aanbeveling aan die toetreders tot herlewingslandbou is om soveel druk moontlik op beweidingsstelsels toe te pas sonder om die diere se prestasie in te boet – anders is dit nie volhoubaar nie.

"Deur seleksiedruk op diere toe te pas met die oog op 'n laer liggaamsonderhoud, beweeg boere in die regte rigting om meer geleidelike druk op die beweidings toe te pas."

Diere wat die hoër druk beter kan hanteer, het die volgende eienskappe:

- 'n Inherente, goeie liggaamskondisietelling.
- Genoeg melk.
- Meer lyfvet.
- Hormonaal gebalanseerd.
- Aangepas vir die omgewing.
- Regte tipe. Diere met 'n kleiner raam is meer geskik.

Van al dié eienskappe is die liggaamskondisietelling die sleutel tot beesproduksie. Hoe gouer in die onderhoudsbehoefte voorsien word, hoe gouer is daar energie oor vir melk en reproduksie.

'n Groter veebelading met die regte soort bees is 'n wonderlike tegniek om die weiding korrek te benut. Gebruik dus die regte digtheid vir jou weigeleenthede. ■

NAVRAE: Mnr. Gerrit van Zyl,
e-pos: gerrit@mabitzo.co.za, 083 325 3047.
Mnr. De Wet Coetzee, e-pos:
dewetc@compuking.co.za, 082 862 9492.



LEDELYS 2022

BLACK FOX

KLERKSDORP
Dr Johann Fourie
johannfourie1964@gmail.com

BLACK HILLS

POTCHEFSTROOM
Willie Landman
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe
jean@blackhills.co.za

BLOUBOSPUT

REIVLO
Francois Weideman
bloubosput@gmail.com

BLYDE

SOUTHDOWNS ESTATE
Eli van der Merwe
elivdm@mweb.co.za

BOLLIE

DUNDEE
Johann Schutte
waldheim@skyafrika.co.za

BONHEIM

VLAARDIF
Nelmarie van Staden
bonheim.drakensberger@gmail.com

BRAKENJAN

BRANDFORT
Fanie van Dyk
js.vandyk@mweb.co.za

BUFFALO VALLEY

CAROLINA
John Roos
buffalovalley@skyafrika.co.za
johnroos@gmail.com

CALELA

ERMELO
Jannie Jacobsz
calelaj@vodamail.co.za

D'HOFSTEE

HEIDELBERG
Jan Dhooze
jandhooze67@gmail.com

DELAM

FICKSBURG
Henk Delpert
delam.h@outlook.com
delam.s@outlook.com

DRIE D

BARKLEY-OOS
W du Randt
sdurandt@gmail.com

EDMAN

VENTERSBURG
Mike Jansen van Rensburg
mikevr@lantic.net

EMBEE

TASBET PARK
Magiel Blom
magielblom@vodamail.co.za

FERAX

BROOKLYN PLEIN
Gerrit Grobler
gerritgrob@law.co.za

FOURBOU

KLERKSDORP
SP Fourie
fourbou@gmail.com

GRASMUNT

BRANDFORT
Carel Nel
carelnel02@telkomsa.net

GROENVLEI

BELFAST
Werner Krynauw
floradale@telkomsa.net

GRYSHOEK

VOLKSRUST
Pikkie Uys
identity.redken@gmail.com

HAASKRAAL

RICHMOND
Van Zyl Naudé
haaskraal@vodamail.co.za

HANSEL

PAULPIETERSBURG
Dr Hans Schütte
hanselna@lantic.net

HENDRIK HANCKE

BETHAL
Hendrik Hancke
hancke.ch1@gmail.com

HORMAN

BETHAL
Carel Hancke
cshancke@mymtnmail.co.za

HUGHDALE

NOUPOORT
SP van der Walt
sp@lcom.co.za

INFRACOR

PRETORIA
Derick Orsmond
derick@infracor.co.za

JESUMAR

DEWETSDORP
Freddie Wasserfall
otjiwa@vodamail.co.za
elmien.wilken@gmail.com

KOJO

AMERSFOORT
Koos van Niekerk
kojo@kojobdy.co.za

MAMBANE

VREDE
Louis Botha
bothaboerdery04@gmail.com

MOBAZA

CENTURION
Monja Esterhuizen
monjaest@gmail.com
info@mobaza.co.za

MOOIVELD

BALLITO
Andre Nel
andre@jonel.co.za

NADAU

HANOVER
Johannes Retief
gordonsfontein@karoomail.co.za

NEBA

LINDEN
Bertus Nel
bruwershoek@gmail.com

NEUMAN BROERS

VREDE
Rodney Neuman
rodney@neumandrakensbergers.co.za

NEUSBERG

MIDDELBURG
Clift Frewin
neusberg@nokwi.co.za

NITIQUE

HANOVER
Grant Naude
kriegerspoort@nitique.co.za

OUHOUTFONTEIN

PRETORIA
Dr Danie du Toit
danieedt@global.co.za

QUAGGAFONTEIN

ZASTRON
Dr Liesel Foster
lfoster@vodamail.co.za

RAKA

CRADOCK
Frans & Jan Erasmus
jde009@gmail.com

REDBACK

VERKYKERSKOP
Neil Pienaar
neil.pienaar@gmail.com

RIETKOL

STANDERTON
Piet de Villiers
pietvilliers@gmail.com

ROUVUS

VENTERSBURG
Gawie Roux
rouvus@gmail.com

SALOME

VOLKSRUST
Willie & Carl Watermeyer
willie.watermeyer@gmail.com

SAMBESI

KLERKSDORP
Dr Sampie Smith
sampie.smith@yahoo.com

SSENDRA

PARYS
JP Theunissen
jptheunissen@ssendra.co.za

TALMAN

ERMELO
Petrus Taljaard
talmant@gmail.com

TURFKUIL

BULTFONTEIN
Frannie du Toit
turfkuildutoit@gmail.com

VAN DYK

TASBETPARK
Andre van Dyk
avdboerdery10@gmail.com

VERLAND

AROAB, NAMIBIE
Gerhard Maritz
broncocc@iway.na

WALDBERG

LUNEBURG
Udo Beneke
waldbergdrakensbergers@gmail.com

WELGELUK

WESSELSBRON
Eduan Naude
welgeluk@dekeduan.co.za

ERELEDE

& *Spesiale lede*

MNR D. BENEKE

PAUL PIETERSBURG
Dieter Beneke
lynell@lantic.net

MNR G.P. BEZUIDENHOUT

BRANDFORT
Petri Bezuidenhout
vadersgift@vodamail.co.za
kittykatty2061@gmail.com

DANCO STUD FARMS CC

CENTURION
Matthys Blom
dancostud@mweb.co.za

ME I. DE BRUYN

ELDORAIGNE
Ingrid de Bruyn
debruyni@mweb.co.za

MNR P. N. ESTERHUIZEN

FICKSBURG
Pieter Esterhuizen
esterhuizenpn@icloud.com

DR H. DREYER

VREDE
Dr Hannes Dreyer
hannescjdreyer@gmail.com

MNR D. W. EDEN

KLEIN BRAKRIVIER
Dave Eden
dave.carol.eden@gmail.com

MNR J. J. LOMBARD

MORGENZON
Hannes & Hano Lombaard
westendb@yebo.co.za

MNR J. C. NEL

WELKOM
Christo Nel
christonel36@gmail.com

MNR S. E. PANGANE

BELFAST
Elias Pangane
pangane@mweb.co.za

MNR F. POULTER

ALBERTON
Frank Poulter
cathy@drub.co.za

MNR W. J. RETIEF

HANOVER
Willem Retief
willemjretief@gmail.com

MNR F. ROUX

VENTERSDORP
Frik Roux
rouvus@gmail.com

MNR Z.J. TSHABALALA

WITSIESHOEK
Jakob Tshabalala
jakob.bmz@mymtnmail.co.za

MNR M. J. UYS


VOLKSRUST
Johan Uys
bloemhofboerdery@gmail.com,
laansuys@gmail.com

MNR J. VAN DER MERWE

Potchefstroom
Jean van der Merwe
jean@blackhills.co.za

MNR J. VOS

ERMELO
Johannes Vos
vos@vsz.co.za



IS JY BOER GENOEG?



SWART OP GROEN

2022

VERSE- BUNDEL

*'n Versameling van gepubliseerde
artikels en geskiedenis*

